

**DIE ZOELOEPREDIKAAT
EN ENKELE VERSKYNSELS
WAT DAARMEE SAAMHANG**

deur

CHRISTIAAN STEPHANUS VAN ROOYEN

583178

DIE ZOELOEPREDIKAAT EN ENKELE
VERSKYNSELS WAT DAARMEE SAAMHANG

deur

CHRISTIAAN STEPHANUS VAN ROOYEN

Voorgelê ter aanvulling van die vereistes vir die
graad

D. Litt. et Phil.

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Universiteit van Suid-Afrika

Promotor: Prof. D. Ziervogel, D. Litt. (Pret.)

Datum van inlewering: Januarie 1977

My dank aan :

Prof. D. Ziervogel, my promotor, vir die leiding en waardevolle wenke by die skryf van die proefskrif. Dit word te meer waardeer omdat dit dikwels onder moeilike omstandighede moes geskied.

Prof. J.A. Louw vir vrugbare samesprekings en verwysings na sekere vakliteratuur waarsonder die werk nie gestalte sou kon kry nie.

Mnr. D.B. Ntuli, my kollega, wat waardevolle kontrolewerk gedoen het. Inyathi ibuzwa kwabaphambili.

Winnie en die kinders wie se lydsaamheid hoog op prys gestel word in tye toe ek vir hulle 'n eggenoot en vader moes gewees het.

Mev. Trudy Jackson aan wie die belangrike taak opgelê is om die werk in getikte vorm gereed te kry.

SUMMARY

This study was prompted because the Zulu predicate, and the Bantu predicate in general, is a veritable storehouse of linguistic phenomena. A study of the Zulu predicate is, in fact, a study of the simple sentence. Not everything concerning the predicate could be treated, and certain phenomena inevitably had to be left out. Of these were treatments of moods and tenses, mainly because they have been previously discussed by linguists.

In order to come to the handling of the subject the lexicon was divided into the two categories of verbals and nominals. In the first chapter this division is clarified, and nominals are further subdivided into independent and dependent nominals. It is further indicated that dependent nominals are mainly declined when it concerns their shape. An important factor in the study of the Zulu predicate is the cataphoric effect it has on the sentence when it appears in the short form. This results in a kind of binding power between the short predicate and whatever nominal follows after it. This binding power is termed *clisis*.

In the second chapter an attempt is made to determine the syntactic structure of the predicate. It was found that a number of syntactic patterns (word-order) could constitute a single syntactic structure. It was also found that the second concord within the predicate influenced the structure considerably. By applying various tests, the most important of which being the test of transitivity, it is shown that the so-called object noun is not always an object, and the so-called object concord often reflects other relations to the predicate than that of an object.

The predicate structure naturally led to a study of emphasis and focus. A clear distinction is made between the two: emphasis occurring through the overt presence of certain lexical elements and morphological formatives, whereas focus is achieved mainly by means of the ordering of the words in the sentence. Instances are also found where emphasis and focus occur together on the same part of the sentence. These phenomena are discussed in the third chapter.

The ability of the Zulu predicate to house a variety of pre-verbal linguistic formatives prompted an enquiry into the semantic nature of these formatives. In chapter four each of these is examined with the aim of determining as

precisely as possible its semantic function within the predicate. The influence of these formatives is seldom confined to the predicate alone, but usually extends to the sentence as a whole. Apart from the general range of pre-verbal formatives, six are defined as aspectual formatives and an attempt is made to describe the aspect represented by each. To complete the picture a seventh aspectual formative, but this time a suffix, is also discussed. The verbal formatives are discussed in relation to the verbal predicate as well as the nominal predicate. A paragraph is also devoted to the embedded predicate normally known as the participial.

In the fifth chapter the question of transitivity and intransitivity is scrutinized from the point of view of the relationship which holds between the nouns in a sentence and the predicate. Some of the conclusions arrived at in the second chapter are confirmed in this one.

In chapter six the relations between nouns and the predicate are discussed in more detail than in the previous chapter. The object here was to show how certain semantic relationships between nominals and their predicate are

determined, and how they are expressed in the surface structure. The interdependence of semantic and syntactic phenomena becomes evident.

All the findings and conclusions arrived at are summarized in the last chapter.

INHOUDSOPGAWE

Bladsy

HOOFSTUK EEN : INLEIDING

INLEIDING	1
PROBLEEMSTELLING	1
DOEL	3
BENADERING	3
TERMINOLOGIE	5
Die naamwoordelike	6
Die selfstandige naamwoord	6
Die voornaamwoord	7
Die byvoeglike naamwoord	9
Onselfstandige naamwoorde	11
Verbuiging	14
Die werkwoord	17
WERKWYSE	18
Die korpus	18
Indeling van naamwoordelikes	21
Bepaling van sintaktiese kategorieë	22
KLISIS	24

HOOFSTUK TWEE: DIE STRUKTUUR VAN DIE
ZOELOEPREDIKAAT

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	28
DIE SIN	28
DIE SINSKERN	31
DIE SINTAKTIESE STRUKTUUR	34
DIE BELASTE PREDIKAAT	37
DIE ONBELASTE PREDIKAAT	38
DIE SINTAKTIESE STRUKTURE MET HUL SINTAKTIESE PATRONE	39
BESPREKING VAN DIE SINTAKTIESE STRUKTURE	71
TOETS VIR PASSIEFVORMING	74
ANDER TOETSE	95
GEVOLGTREKKINGS	100

HOOFTUK DRIE: EMFASE (BEKLEMTONING) EN
FOKUS (AANDAGBEPALING) IN
DIE ZOELOESIN

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	105
EMFASE	107
By die naamwoord	108
By die werkwoord-predikaat	116
Die vormelement <u>-ya-</u>	116
Die vormelement <u>-il-</u>	120
Die hulpwerkwoord <u>-zange</u>	124
By die naamwoord-predikaat	125
Die deïktiese kopulatiewe predikaat	127
Die aanverwante predikaat	128
Die ideofoon	129
Samevatting	132
FOKUS	133
Die gewone kort vorm	134
Woordomstelling	137
DIE SAAMVAL VAN FOKUS EN EMFASE	146
Die kort vorm met onbepaalde <u>ku-</u>	148
Die kort vorm in die passief	150
SAMEVATTING	151

HOOFSTUK VIER: DIE PREFIGALE VORMELEMENTE
BY DIE ZOELOEGESEGDE

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	154
VORMELEMENTE BY VERBALE PREDIKATE	155
Die onderwerpskakel	155
Die ander skakel	163
Die vormelement <u>-ya-</u> : volledigheid	171
Die vormelement <u>-nga-</u> : moontlikheid	175
Die vormelement <u>-bo-</u> : wenslikheid	176
Die negatiewe vormelemente	180
Die tydaanduidende vormelemente	181
<u>-sa-</u> : voortdurende aspek	185
<u>-sa-</u> : beperkende aspek	188
<u>-nga-</u> : perfekto-punktatiewe aspek	190
<u>se-</u> : inseptief-eksklusiewe aspek	196
<u>-ka-</u> : negatief-eksklusiewe aspek	202
<u>be-</u> : imperfektiewe aspek	203
<u>-il-</u> : suffigale voltooidheidsaspek	211
VORMELEMENTE BY NAAMWOORDELIKE PREDIKATE	214
Die identifiserende kopulatiewe vormelemente	214
Die onderwerpskakel	224
Die basiese klasprefiks	226
Die vormelemente: <u>-ka-</u> , <u>-bo-</u> , <u>-sa-</u> en <u>se-</u>	230
VORMELEMENTE BY INGELYFDE PREDIKATE	232
Omskrywing van die gesegde	233

HOOFSTUK VYF: OORGANKLIKHEID EN ONOORGANKLIKHEID

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	236
NAAMWOORDELIKE VERHOUDINGS IN DIE SIN	
Deel 1	248
Deel 2	278
SAMEVATTING	297

HOOFSTUK SES: SINTAKTIES-SEMANTIESE RELASIES

m.b.t. DIE PREDIKAAT

	<u>Bladsy</u>
INLEIDING	298
DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD	300
Die agens	300
Die pasiëns	302
Die komplement	305
Die instrumentalis	306
Die ervaarder	313
Die bedeelde	315
DIE ONSELFSTANDIGE NAAMWOORD	317
Die lokatiewe deskriptief	322
Die deskriptief van hoedanigheid	325
Die kopulatiewe deskriptief	325
SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	327

(xiii)

HOOFSTUK SEWE :

Bladsy

ALGEMENE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

331

H O O F S T U K E E N

INLEIDING

1.1 PROBLEEMSTELLING.

1.1.1 Die Zoeloepredikaat is een van die interessantste studieterreine op taalgebied. Dit is 'n linguïstiese eenheid met 'n besonder hoë funksionele belasting. Dit is die siel en lewe van elke Zoeloesin en verdien om deeglik in oënskou geneem te word. Hoewel dit in hierdie studie onmoontlik sal wees om die Zoeloegesegde in al sy fasette te bespreek, wil ons tog 'n poging aanwend om 'n bydrae te lewer tot 'n beter kennis en insig in ten minste 'n paar fasette van die predikaat. Reeds heelwat is oor die gesegde in Zoeloe geskryf. Alle eer kom Doke toe dat hy die Bantoe-grammatika op 'n hoër niveau geplaas het met sy Textbook of Zulu Grammar, wat as basis nie net vir latere Zoeloe- en Ngunigrammatici gedien het nie, maar ook van fundamentele

belang was vir die skrywers van ander Bantoeogrammatikas. Hy wy baie aandag aan die werkwoord, veral die vorm daarvan in die verskillende modi en tye. Dit is juis wanneer hy by die tydvorme en sintaktiese gebruik van die werkwoord kom dat mens merk hoe moeilik hy kon loskom van die tradisie van die Engelse grammatika.

1.1.2 Van Eeden (1956) het verder uitgebou aan veral die tydvorme in die verskillende modi en tye. So gedetailleerd is hieraan gewerk dat hy om en by 80 tydvorme beskrywe! Dit kom daardeur dat hy elke vorm waarby daar preverbale vormelemente gebruik kan word, as 'n aparte tydvorm beskrywe in sowel eenvoudige as samegestelde tydvorme in die verskillende modi. Dit is dus voor die hand liggend dat die Zoeloepredikaat se modi en tye nie in hierdie stuk onder bespreking sal kom nie. Dié breedvoerige uiteensetting van Van Eeden het daartoe gelei dat daar tydvorme aangegee word wat in feite slegs hipoteties bestaan en nie as gewone gebruiksmateriaal in die taal voorkom nie. Deels om hierdie gevaar te voorkom,

is daar in hierdie werk gebruik gemaak van voorbeelde uit die Zoeloelletterkunde.

1.2 DOEL.

1.2.1 Die eintlike doel van hierdie tesis is om sekere sake wat nog nie voorheen i.v.m. die Zoeloegesegde bespreek is nie te konstateer en van nader te bekyk. Dit wil nie sê dat alles wat gesê word heeltemal nuut sal wees nie. Daar sal noodwendig geraak word aan reeds bekende stof i.s. die predikaat. Die doel is eerder om wat reeds bestaan verder aan te vul of uit 'n nuwe hoek te bekyk. Sodoende wil ons hoop om 'n bydrae tot 'n nuwe insig te verskaf.

1.3 BENADERING.

1.3.1 Die benadering is oor die algemeen sintakties-semanties. Om deurlopendheid te verkry, sal die eerste paar hoofstukke oorwegend sintaktiese vraagstukke behandel. Algaande word die semantiese komponent meer belang sodat die laaste hoofstukke minder van die sintaksis sal vertoon.

1.3.2. Ná hierdie algemeen inleidende hoofstuk word die aandag in die tweede hoofstuk gewy aan die groepering of plasing van naamwoordelike elemente óm die gesege. Daar word bepaal hoeveel sulke groeperinge bestaan en aan watter beperkings die naamwoorde onderhewig is a.g.v. die soort predikaat waarmee hulle in die sin gebruik word. Hoofstuk drie gaan oor emfase en fokus. Daar word aangetoon dat dit eintlik twee aparte verskynsels in Zoeloe is en dat fokus geskei moet word van wat tot dusver saam met klem, beklemtoning ens. losweg as emfase bestempel is. Hierdie hoofstuk vloei voort uit die sinspatrone wat in die vorige hoofstuk onder bespreking gekom het. In hoofstuk vier bekyk ons die predikaat se prefigale (of preverbale) vormelemente van naderby. Hierdie hoofstuk het 'n sterk semantiese inslag. Hoofstuk vyf sal heelwat aanknopingspunte by hoofstuk twee en in 'n mate by hoofstuk vier hê. Dit gaan oor oorganklikheid en onoorganklikheid. Daar word gepoog om 'n semantiese basis vir dié verskynsel te vind. Hoofstuk ses sal 'n direkte uitvloeisel van die vorige hoofstuk wees, en in hierdie hoofstuk gaan die predikaat in sy verhouding tot die naamwoorde saam met hom bespreek

word. Die vernaamste bevindinge word dan opsommenderwys in hoofstuk sewe gegee.

1.4 TERMINOLOGIE.

1.4.1 Uit wat tot dusver gesê is, blyk dit dat die gesegde nie los te maak is van die ander woorde en veral die naamwoorde wat saam met hom gebruik word nie. In hierdie tesis gaan dit inderwaarheid om sekere fasette van die sin in Zoeloe, en meer bepaald om die enkele predikaat, d.w.s. die enkelvoudige sin. Dit is derhalwe nodig om die terminologie te verskaf om sodoende die raamwerk daar te stel waarbinne die besprekings plaasvind. In hoofsaak gaan dit hier om woorde wat terwille van die eenvoud onder slegs twee hoofde groepeer word. Dié twee hoofde is heel eenvoudig: naamwoorde en werkwoorde.

Die naamwoordelike.

1.4.2 Dit is 'n term wat aan die bopunt van die naamwoord-hiërargie staan. Dit sluit in alle stamme of woorde wat van naamwoordelike oorsprong is, en ook stamme en woorde wat nie van nominale oorsprong is nie, maar wat deur afleiding en funksiewisseling hulle sintakties soos selfstandige naamwoorde kan gedra.

Die selfstandige naamwoord.

1.4.3 Die selfstandige naamwoord ressorteer onder die naamwoordelike. Dit beslaan 'n kleiner veld as die sambreelterm naamwoordelike. Dit is die naam van enigiets konkreet of abstraks. Hy word gebruik in sy tradisionele betekenis en word in Zoeloe gekenmerk deur die voorvoegsel wat bestaan uit 'n preprefiks en 'n basiese prefiks. Hierdie voorvoegsel is ten volle gerealiseer wanneer die selfstandige naamwoord in isolasie gebruik word.

Dit is ook gewoonlik die geval wanneer hy nie in isolasie gebruik word nie, hoewel daar gevalle voorkom waar hy slegs van die basiese prefiks gebruik maak. Soos sy naam aandui is hy selfstandig en behoef geen verbuiging of ander taalmiddel om hom sy selfstandige woordstatus te gee nie. Deur sekere taalwerkzaamhede ontstaan woorde soos omkhulu, okhalayo, esilungile, nezinkomo ens. wat na die vorm nie selfstandige naamwoorde is nie. Sulke woorde het egter die vermoë om soos 'n selfstandige naamwoord as onderwerp in 'n sin te fungeer. A.g.v. hierdie sintaktiese funksie word hulle op dieselfde vlak as 'n selfstandige naamwoord geplaas. Wanneer daar dan na selfstandige naamwoorde verwys word, sal dit beteken dat sulke woorde ook ingereken word mits hulle hul soos selfstandige naamwoorde gedra.

Die voornaamwoord.

1.4.4 Die voornaamwoord staan op dieselfde vlak as die selfstandige naamwoord aangesien hy sintakties dieselfde gebruiksmoontlikhede het.

Wanneer ons dan van selfstandige naamwoorde praat, sal die term in hierdie werk by implikasie betrekking op voornaamwoorde hê. Ons uitgangspunt is dat absolute en demonstratiewe voornaamwoorde, asook voornaamwoorde uit die stam -nke, in apposisie tot die selfstandige naamwoord gebruik word wanneer hulle saam met die selfstandige naamwoord verskyn. Die stam -dwa staan egter op 'n ondergeskikte beskrywende vlak aangesien hy nooit in die plek van 'n selfstandige naamwoord of selfs van die genoemde voornaamwoorde gebruik kan word nie. 'n Naamwoordelike moet trouens altyd eksplisiet saam met -dwa in die sin voorkom tensy dit onmiddellik op 'n predikaat volg; die naamwoord is dan implisiet. Nkabinde (1975) gee voorbeelde soos die volgende :

úhlála yédwa
'hy sit alleen'

úzwê ézumnáandi zódwa
'he heard only the good ones - the news'

kufê ingáne yódwa
'only a child died'

yíbo boná bódwa
'it is only they'

Hy kom dan tot die volgende gevolgtrekking

(p. 101) :

"The distribution of the quantitative with -dwa as stem is fixed, viz post nuclear where it may occur directly after the nucleus or after a noun, absolute pronoun or a modifier. This behaviour of the quantitative with -dwa as stem suggests that it is functionally an adverbial."

-dwa-woorde kan dus nooit as die kern van 'n naamwoordstuk optree nie.

Die byvoeglike naamwoord.

1.4.5 Ons sal by weinige uitsondering van 'n 'adjektief' praat aangesien ons dit graag wil sien soos die Afrikaanse benaming dit het, naamlik 'n naamwoord wat bygevoeg word. Sy kenmerk is

die basiese klasprefiks. Vir hierdie klasprefiks is hy egter afhanklik van die selfstandige naamwoord waartoe hy 'n byvoeging is. Die enigste plek waar 'n byvoeglike naamwoordstam afwyk van die gebruik om die klasprefiks te neem, is wanneer hy nie by 'n selfstandige naamwoord gevoeg word nie, maar by die predikaat van die sin. In hierdie geval verkies dit die klasprefiks ka- van klas 13 wat in Zoeloe nie meer 'n aparte selfstandige naamwoordklas verteenwoordig nie. Ons is dit eens met Nkabinde (1975, p. 51) wat hierdie sg. adverbiale formatief in Zoeloe eerder as 'n oorblyfsel van klas 13 sien. Wanneer Meinhof (1967, p. 52) aanstip dat hierdie klasprefiks byvoorbeeld in Chinyanja gebruik word om selfstandige naamwoorde uit passiewe werkwoorde te maak, en wanneer hy noem dat ook selfstandige naamwoorde gevorm word wat van 'n besliste werking ("Tatigheid") kom, is die noue verbintenis van hierdie klasprefiks met werkwoorde opvallend. Dit is dan des te meer verstaanbaar dat Zoeloe hierdie prefiks sal gebruik wanneer byvoeglike naamwoordstamme die predikaat moet beskryf. Om hierdie rede sal 'n woord soos kakhulu nog steeds onder die naamwoord ressorteer

en meer spesifiek onder die byvoeglike naamwoord, hoewel dit hier as 'n verboë byvoeglike naamwoorde beskou word. Dit is natuurlik nie uitsonderlik dat werkwoorde in Zoeloe deur selfs selfstandige naamwoorde beskryf kan word nie.

Onselfstandige naamwoorde.

1.4.6 Dit is woorde wat substantiewe, d.i. selfstandige naamwoord, volgens definisie dus ook voornaamwoorde, kwalifiseer deur o.a. van 'n skakel gebruik te maak. Die skakel hang altyd saam met dié van die betrokke substantief wat gekwalifiseer word. Die kwalifisering vind plaas deur die relatief-a- (wat o.i. ook 'n nominaliseringselement genoem kan word) voor die betrokke skakel te gebruik, met natuurlik die gebruikelike klankverandering wat in Zoeloe aan die orde is. Daarom word hierdie onselfstandige naamwoorde o.a. ook relatiewe genoem. Ook possessiewe ressorteer hieronder. Gewoonlik is

hierdie naamwoorde verboë vorme van reeds bestaande selfstandige naamwoorde of voornaamwoorde

(buhlungu 'pyn, smart'
sendoda 'van die man'
lami 'my')

of verslete en verstarde vorme van eens bestaande selfstandige naamwoorde

(lukeke, mathupha ens.)

Hulle oorsprong is in alle geval niewerkwoordelik.

Nog meer voorbeelde is :

<u>-bomvu</u>	'rooi'
<u>-lukhuni</u>	'hard'
<u>-ngaka</u>	'soveel'
<u>zami</u>	'my'
<u>-qotho</u>	'eerlik'
<u>-bukhali</u>	'skerp'
<u>-ngani?</u>	'hoe'
<u>lakhe</u>	'sy, haar'
<u>-ngcono</u>	'beter'
<u>-mtoti</u>	'soet'
<u>njalo</u>	'so, aldus'
<u>sawo</u>	'van hulle'
<u>-manzi</u>	'nat'
<u>-nsundu</u>	'donker'
<u>-ngakanani?</u>	'hoeveel'
<u>aso</u>	'daarvan'

Uit hierdie lysie is dit duidelik dat die meeste stamme die tradisionele relatiefstamme is. Daar is geen rede om van dié naam afstand te doen nie. Die possessiewe kan ook hul naam behou. Die rede waarom hierdie woorde en stamme as onselfstandig beskou word, is reeds uit die term duidelik: hulle kan nie alleen staan nie en is alleenlik grammatikaal as hulle saam met predikate of naamwoorde gebruik word, of tot predikate of substantiewe verbuig word, byvoorbeeld :

<u>ONGRAMMATIKAAL</u>		<u>GRAMMATIKAAL</u>	
+zami	'my'	izingane <u>zami</u>	'my kinders'
		<u>ezami</u>	'myne'
		<u>ngezami</u>	'hulle is myne'
+bomvu	'rooi'	<u>libomvu</u>	'dit is rooi'
		<u>elibomvu</u>	'die rooie'
		inkomo <u>elibomvu</u>	'die bees wat rooi is'
+(-)njalo	'so, aldus'	<u>banjalo</u>	'hulle is so'
		basebenza <u>kanjalo</u>	'hulle werk op daardie wyse'
+lakhe	'sy/haar'	ikati <u>lakhe</u>	'sy kat'
		<u>elakhe</u>	'syne/hare'
		<u>ngelakhe</u>	'dit is syne/hare'

sterk argumente vir ander sienswyses is, is die standpunt wat ons hier inneem dat verbuiging geskied binne die woordsoortgroep sonder dat die leksikale inhoud van die basis waarvandaan die verbuiging geskied, aangetas word. Afleiding weer verander die leksikale inhoud van die woord en kan oor die grens van 'n woordsoortgroep heen plaasvind. 'n Enkele voorbeeld of twee : Dit kan met 'n redelike mate van sekerheid gesê word dat wanneer die wortel -khal- in Zoeloe 'n -a as slotvokaal kry, die stam -khala 'huil, kla' dan basies 'n werkwoordstam is. Wanneer die wortel voorsien word van 'n klasprefiks isi-, en 'n slotvokaal -o (albei verskynsels wat kenmerkend van selfstandige naamwoorde is), dan is die woord isikhalo 'klag' nou 'n selfstandige naamwoord. Of mens kan die stam -khala nominaliseer d.m.v. die relatief -a- (weer eens 'n naamwoordelike element) en met die gebruikelike aanpassings na okhalayo, ekhalayo, olukhalayo 'die een wat huil' ens. verander. So het -khalo d.m.v. afleiding in die naamwoordkamp belang. Sodra hy dan 'n naamwoord geword het, is hy

onderhewig aan al die verbuigings wat 'n naamwoord kan ondergaan, bv:

nesikhalo	'en die klag'
ngesikhalo	'met die klag'
njengesikhalo	'soos die klag'
yisikhalo	'dit is die klag'
akuyisikhalo	'dis nie die klag nie'
ens.	
nokhalayo	'ook die een wat huil'
njengokhalayo	'soos die een wat huil'
ngangokhalayo	'so groot soos die een wat huil'
ngokhalayo	'dis die een wat huil'
akungokhalayo	'dis nie die een wat huil nie'
ens.	

'n Tweede voorbeeld : 'n Selfstandige naamwoord soos amahloni 'skaamheid' kan sy prefiks verloor en 'n suffiks wat werkwoorde van naamwoorde maak as agtervoegsel kry. Van amahloni kry ons nou die werkwoord -hlonipha 'eerbiedig, respekteer'. As hy eers óór die woordsoortgrens afgelei is, kan hy verder al die veranderings van die werkwoord ondergaan:

-hloniphile	'gerespekteer'
-hloniphe	'dat (hy) respekteer'
-hloniphana	'mekaar respekteer
zihlonipheni izikhulu	'respekteer die hoë Piete!'
ens.	

Dit behoort verderaan steeds duideliker te word oor
wat ons met verbuiging bedoel.

Die werkwoord.

1.4.8 Die kategorie van die werkwoord besit nie
so 'n groot verskeidenheid soos die naam-
woord nie. Dit is daarom nie minder belangrik nie.
Die werkwoord is eerder van groter belang vir die
Zoeloësin omdat die werkwoord op sigself 'n sin kan
wees. In hierdie studie sal die benaming "werkwoord"
nie die primêre term wees nie aangesien ons dit eint-
lik oor die predikaat het - oor die sinsleer dus.
Daar sal tog na werkwoorde verwys word wanneer ons
byvoorbeeld 'n onderskeid maak tussen 'n werkwoorde-
like en naamwoordelike predikaat. Daarby moet onthou

word dat wanneer ons met kopulatiewe, d.i. naamwoordelike predikate, besig is, die kopulatiewe werkwoorde nog altyd deel van die kopulatiewe konstruksie is, sy dit dan soms in latente hoedanigheid.

1.4.9 Hoewel dit nie in hierdie studie relevant is nie, wil ons terwille van die volledigheid noem dat ons die ideofoon as behorende tot die werkwoord se woordsoortgroep beskou. Die rede vir hierdie beskouing is omdat die klankbeeld o.i. altyd 'n predikaat beskryf. Selfs wanneer ons vind dat 'n relatief of 'n byvoeglike naamwoord deur 'n ideofoon beskryf word, is dit volgens ons siening van die saak 'n beskrywing van ingelyfde kopulatiewe predikate.

1.5 WERKWYSE.

Die korpus.

1.5.1 Daar is besluit om die sintaktiese

strukture wat óm die predikaat van 'n Zoeloesin gevind kan word aan navorsing te onderwerp. Dit is die hoofinhoud van hoofstuk 2. Hierdie strukture, en nie noodwendig dieselfde sinne nie, sal dan die basis vorm vir die besprekings in die res van die werk. Met die oog op 'n hanteerbare korpus is 'n historiese roman van R.R.R. Dhlomo gekies. Dit is UNomalanga kaNdengezi. Die redes waarom hierdie verhaal gekies is, is :

- (a) omdat dit geskryf is in 'n tyd (1947) toe daar nog nie 'n lang skryftradisie in Zoeloe was nie; daar is gevolglik 'n minimum aan "skryftaal" in die boek;
- (b) omdat die boek 'n "lekker" storie te vertelle het, en
- (c) omdat Dhlomo 'n gebore verteller is en die Zoeloetaal met al die inherente plastiese vermoë waaroor dit beskik met behendigheid kan hanteer.

Die hele oogmerk is natuurlik om weg te kom van 'n stokkerige taal wat heel dikwels in die boeke van jonger skrywers gevind word, 'n taal wat helaas beïnvloed is deur skoolmeesters wat op hulle beurt weer die taal "aangeleer" het uit die grammatikas wat deur Blankes geskryf is.

1.5.2 Uit hierdie boek dan is predikate neergeskryf met al die verbandhoudende woorde. Dit het spoedig geblyk dat daar sekere kategorieë van woorde saam met 'n predikaat gebruik word. Dit het verder geblyk dat hierdie woorde wat sekere posisies om die predikaatkern kan inneem, altyd 'n naamwoordelike basis het, of soos naamwoorde gebruik kan word al het hulle nie altyd 'n nominale oorsprong nie. Soos reeds vroeër moes geblyk het, sal na hulle gewoonweg as naamwoorde verwys word, tensy daar om sekere redes 'n nadere spesifikasie genoodsaak word. Die teenvoeter van die naamwoord sal bekend staan as die werkwoord. Soos ons reeds vroeër gesê het, gaan dit hier eerder om die

predikaat, of hy nou van werkwoordelike of naamwoordelike oorsprong is.

Indeling van naamwoorde.

1.5.3 Naamwoorde kan op grond van hul gebruik saam met die gesegde vormlik in drie groepe verdeel word. Dit geskied op die beginsel van verbuiging wat vroeër aangehaal is (cf. 1.4 e.v.) Daar is gevind dat dit 'n handige indeling vir ons doel uitmaak. Hulle word soos volg ingedeel :-

- (a) selfstandige naamwoorde wat onveranderd gebruik word wat hulle struktuur betref, d.w.s. onverboë vorme soos byvoorbeeld izitha in kubonakala izitha.

- (b) selfstandige naamwoorde wat op een of ander wyse verbuig word, of reeds as verstarde verboë vorme bestaan, soos byvoorbeeld untu in angiboni untu. Verbuiging geskied gewoonlik deur verlies van preprefiks soos lukeke in umi lukeke, of deur voorvoeging van vormelemente soos byvoorbeeld umi kalukeke, uhambe ngamandla, bahamba njengamadada waarin ka-, nga- en njenga- onderskeidelik die verbuiging teweeg bring. Ook toon kan verbuiging veroorsaak, byvoorbeeld wanneer die kopulatief gevorm word: isengwa`umfanã

teenoor die onverboë úmfáná.

- (c) naamwoorde afkomstig van byvoeglike of ander onselfstandige naamwoordstamme, bv. kahle in bakhuluma kahle 'hulle praat goed, mooi', of kamhlophe in bazi kamhlophe ukuthi 'hulle weet goed dat
- Hulle is uiteraard altyd verboë vorme.

Bepaling van sintaktiese kategorieë.

1.5.4 In die poging om naamwoorde in sintaktiese kategorieë te plaas het dit geblyk redelik eenvoudig te wees om in die meeste gevalle die onderwerp te identifiseer en af te sonder. Dit kon geskied vanweë die feit dat hy gewoonlik deur middel van sy skakel in die predikaat uitgeken kan word. Hier is dus van 'n morfologiese kriterium gebruik gemaak. Om die ander naamwoorde in die sin van 'n sintaktiese kategorie te voorsien, blyk nie so eenvoudig te wees nie. Om sake enigsins te vergemaklik is weer eens op 'n morfologiese kriterium teruggeval. Daar is

besluit om alle selfstandige onverboë vorme te skei van die verboë vorme. Op hierdie wyse kon daar minstens t.o.v. die onverboë vorme gepraat word van 'n funksionele kategorie wat gevul word deur die nie-subjeksnomen of -nomina. Dit het verder voorgekom of die verboë nominale vorme 'n ander kategorie uitmaak, en hulle is derhalwe saamgegooi onder die term deskriptiewe. Dié benaming geskied op grond van hul funksie om predikate te beskryf :

- (i) abanye beme ngaphaya
'ander staan dōér'
- (ii) igwaze ngawo
'en hy steek daarmee'
- (iii) kuzwakala kabuhlungu
'dit word pynlik ervaar'

Die naamwoorde wat tot kopulatiewe verbuig word, wil egter nie mooi in hierdie skema pas nie. Daar is gevolglik besluit om hulle van deskriptiewe uit te sonder en van hulle 'n aparte kategorie te maak onder die naam kopulatief of kopulatiewe nomen :

- (iv) amehlo akhe asebomvu igazi
'sy oë is nou rooi van die bloed'
- (v) bephethwe uvalo
'terwyl hulle met vrees vervul was'

Daar is gevind dat 'n predikaatkern van een tot drie essensiële naamwoorde kan hê wat soos "sateliete" met 'n mindere of meerdere mate van gebondenheid aan die gesegde gebind is.

1.6 KLISIS.

1.6.1 'n Verskynsel waarvan 'n mens selde hoor in die taalkunde is dié dat sekere woorde die neiging het om saam met ander gegroeper te word. Ons het dit nie hier oor die semantiese kombineerbaarheid van woord nie, maar eerder oor 'n soort bindingskrag wat tussen woorde bestaan en wat deur die sintaksis genoodsaak word. Dit is nie Bloomfield (1933) se grammatika van die onmiddellike stuk (immediate constituent) nie, hoewel heelwat van wat gesê word daarvolgens ontleed kan

word. Ponelis (1976, p.1) wys op die belangrikheid van die semantiese grondslag van groepering, en sê verder :

"Verbondenheid kom daarop neer dat stukke wat bymekaar hoort bymekaar bly."

(ibid. p. 6). Ons gaan ons in hierdie werk nie op verbondenheid en groepering as sodanig toespits nie. Ons moet egter daarvan kennis neem dat dit 'n beginsel is waarmee ons moet rekening hou. Die tipe predikaat is bepalend i.s. die mate van verbondenheid wat daar tussen hom en die naamwoorde in die sin bestaan. Dit hang aan die ander kant weer saam met die mate van bewegingsvryheid wat naamwoorde om die sinskern kan hê. Wanneer ons die sinspatrone behandel sal hierdie kwessie van beweeglikheid pertinent wees. Hierdie bindingskrag wat vanuit die predikaat na die naamwoorde uitstraal sal bekend staan as klisis. Wat in ons geval relevant is, is die klisis wat vanaf die gesegde na die naamwoorde uitgaan. 'n Voorbeeld behoort die saak op te helder : In Zoeloe is die volgende twee sinstipes baie gebruiklik :

1. Abantu bayahamba manje
'Die mense loop nou'

2. Abantu bahamba manje
'Die mense loop nou'

In die eerste sin is die klisis wat vanaf die gesegde uitgaan baie swak; dit is trouens so swak dat die sin onmiddellik ná bayahamba kan ophou, en deur die hoorder as 'n goeie volsin beskou word. In die tweede sin waar die sg. kort vorm van die werkwoord gebruik word, is dit egter onmoontlik om die sin ná die gesegde op te hef. Die werkwoord eis hier dat 'n ander woord met hom moet verbind om sodoende volledigheid aan die spraakuiting te gee. Die predikaat is dus nie vry van klisis nie en sal bekend staan as klisisgebonde. Teenoor klisisgebonde staan die term klisisvry. Verskillende grade van klisis kan moontlik beskryf word as swak, minder swak, sterk ens. Dit sal egter nie heeltemal die sterk graad aanneem waar 'n woord so vas aangroei aan

'n ander dat hy in die proses sy semantiese inhoud moet prysgee ten behoewe van 'n kategoriale (grammatiese) vorm en inhoud nie. (Ponelis 1975, p. 46). Wanneer ons dit dus oor groeperinge het wat mindere of meerdere klisis openbaar, kan dit nie agterweë gelaat word nie om ook die pouseringe tussen groepe in oënskou te neem. Dit sal veral by sinspatrone (cf hoofstuk 2) 'n belangrike rol speel. Sesure word in Zoeloe markeer deur 'n lang lengte op die voorlaaste sillabe wat 'n woord voorafgaan. Die konvensie vir die aandui van pouses, asook die verskillende tipes pouses, word in die volgende hoofstuk nader toegelig.

H O O F S T U K T W E E

DIE STRUKTUUR VAN DIE ZOELOEPREDIKAAT

2.1 INLEIDING.

2.1.1 By die bestudering van enige taal kom mens gou onder die indruk dat taal nie sommer net 'n lukrake deurmekaargooi van woorde en klanke is nie. 'n Sekere plan- en patroonmatigheid dring hom aan jou op. Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die sintaktiese strukture en patrone van Zoeloe bloot te lê. Die studie word beperk tot die enkelvoudige sin.

2.2 DIE SIN.

2.2.1 'n Sin word onderskei as daardie groep

woorde, gewoonlik van nominale aard, wat verband hou met 'n enkele predikaat. Dit vorm dus saam met die predikaat 'n sintaktiese eenheid. Die enkele predikaat kan natuurlik uit meer as een woord bestaan, soos byvoorbeeld akaze ahambe 'hy het nie sover gekom om te loop nie'. In 'n konvensionele boeksin soos die volgende word gesien hoe sinne vir die doel van hierdie studie afgebaken word :

Kudebduze nabo izinja
zabe zilele / zeneke imilenze
yangaphambili, / kwazise ilanga
labe lishisa kakhulu

'Nie te ver van hulle nie was
die honde aan die slaap / met
hulle voorpote uitgestrek /
aangesien die son baie warm
was'.

Hier is drie sinne, elkeen met 'n predikaat as kern. Elke predikaat het sy woorde wat net aan hom gebind is. Hierdie sin bied ook geleentheid

om aan te toon hoe sekere bestanddele van 'n sin om stilistiese en ekonomiese redes ongesê gelaat kan word. Indien die sin waarin die predikaat zeneke voorkom onder oë gesien word is dit duidelik dat die woorde kudebuduze nabo izinja ook deel van hierdie sin is, hoewel hulle vir hierdie spesifieke sin nie weer herhaal word nie. Daarom sal daar by die neerskryf van sinne minstens die vernaamste woord/e om 'n sin verstaanbaar te maak, tussen hakies geplaas word, bv:

(izinja) ... zeneke imilenze yangaphambili.

Woorde wat nie verband hou met die gesegde nie, maar soos possessiewe ander nominale vorme kwalifiseer, sal nie by hierdie sinne betrek word nie, al sal hulle moontlik in die voorbeeldsinne voorkom. So sal byvoorbeeld yangaphambili in die illustrasiesin hoër op nie bespreek word nie aangesien dit nie van toepassing op hierdie studie is nie. Wat sekere kwalifikatiewe betref, sal ons poog om aan te toon dat hulle 'n predikatiewe basis het hoewel hulle naamwoorde kwalifiseer.

2.2.2 Daar duik egter 'n probleem op in Zoeloe wanneer ons praat van 'n enkelvoudige sin. Dit is naamlik die probleem dat ons in 'n enkelvoudige sin twee predikate kan hê! In 'n sin soos die volgende :

Indodana yami ilunywe yinja
'My seun is deur 'n hond gebyt'

is yinja streng gesproke 'n predikaat, en meer spesifiek 'n kopulatiewe predikaat. Aangesien ons beskrywing sintakties gefundeer is, sal ons so 'n vorm vanuit die oogpunt van die sinsleer benader en dit beoordeel t.o.v. sy funksionaliteit. En so gesien is yinja ondergeskik aan die predikaat ilunywe en tree dit trouens in 'n beskrywende hoedanigheid daarteenoor op. Dit maak dus funksioneel nie inbreuk op die status van die enkelvoudige sin nie. Sinne wat soortgelyk maar tog ietwat anders is, sal ook later teengekom word.

2.3 DIE SINSKERN.

2.3.1 Omdat ons uitgangspunt die predikaat is, en nie die werkwoord as sodanig nie, word dit ook as die kern van die sin beskou. Ons moet egter die term kern nader definieer. In die eerste plek is dit dan die predikaat wat selfstandig kan optree, soos byvoorbeeld liyadla 'hy eet'. Maar dit bly nie net by die gesegdekern nie. 'n Zoeloe-predikaat kan op 'n onselfstandige wyse gebruik word, bv:

Indoda ibona inkomo ebomvu
'die man sien 'n rooi bees'

waarin die gesegde ibona nie selfstandig kan optree nie; die gesegde is hier klisisgebonde, wat beteken dat dit op een of ander wyse aanvulling nodig het. 'n Gewone of klisisvrye predikaat het dus die vermoë om selfstandig op te tree, terwyl 'n klisisgebonde kern 'n enkele predikaat is plus een of ander verpligte aanvulling. In hierdie werkstuk sal die woord kern, tensy nader gespesifiseer, dus sinoniem wees met predikaat of gesegde.

2.3.2 Met die gesegde dan as uitgangs- of vertrekpunt kan uitbreidings daarby aanbring word. Hierdie uitbreidings dien om die kern vollediger te maak. Die bykomende woorde staan in 'n sekere verhouding tot die kern. Hulle is gewoonlik naamwoorde wat in verboë of onverboë vorm gebruik word. Uit hierdie gesamentlike aanwending van naamwoorde en predikaat ontstaan dan sekere patrone watdaartoe neig om vaste vorm aan te neem. Daar is gevind dat van een tot ses woordordepatrone om dieselfde kern kan voorkom. Daar word onderskei tussen 'n sintaktiese patroon (woordorde) en 'n sintaktiese struktuur, wat 'n bepaalde tipe sinskern is.

2.4. DIE SINTAKTIESE PATROON (SP)

2.4.1 Wanneer ons in Zoeloe die sin

indoda iyahamba
'die man loop'

kry, sien ons dat daar 'n sekere liniêre opeenvolging van woorde plaasvind. In hierdie sin

staan die selfstandige naamwoord indoda voor die predikaat iyahamba. So 'n sinvolle opeenvolging van woorde sal bekend staan as 'n sintaktiese patroon (SP). Ons kan egter besluit om om sekere taalkundige redes die sin as volg te sê : iyahamba indoda. Dit bly nog sinvol en grammatikaal. Hier het ons nou 'n tweede sintaktiese patroon. 'n Probleem ontstaan wanneer Zoeloe besluit om, soos so dikwels die geval is, die naamwoord weg te laat. Ons is van gevoele dat as 'n sin soos iyahamba uitgespreek word, die hoorder onmiddellik weet van wie of waarvan gepraat word deurdat die onderwerp van dié sin reeds vroeër eksplisiet aangehaal is. Die hoorder vul/voel outomaties in sy gedagte die woord indoda aan. Daarom hoort hierdie sin ook by die ander twee, al word die onderwerpsnaamwoord nie eksplisiet genoem nie.

2.5 DIE SINTAKTIESE STRUKTUUR (SS)

2.5.1 Vir die spreker van Zoeloe lê daar nie 'n wesentlike verskil tussen die drie patrone van flussies nie. Vir hom is hulle

dieselfde ding, hulle hoort bymekaar en verskil struktureel (en semanties) van byvoorbeeld kuhamba indoda. Wanneer twee, drie of selfs meer sulke sintaktiese patrone klaarblyklik bymekaar hoort, sal van hulle gesê word dat hulle tot dieselfde sintaktiese struktuur (SS) behoort. So is SP iyahamba, SP indoda iyahamba en SP iyahamba indoda drie SPe wat lede is van die een SS subjek + predikaat. Skematies kan ons dit dan as volg voorstel :

SS A : Subjek + predikaat

- SP (a) iyahamba ≠ 'hy loop'
(b) indoda iyahamba ≠≠ 'die man loop'
(c) iyahamba ≠ indoda ≠≠ 'hy loop, die man'

Die teken ≠ dui op 'n sesuur in die sê van die sin, wat beteken dat die voorlaaste lettergreep voor die teken 'n lang lengte het. Wanneer die teken verdubbel word, dui dit die einde van die sin of snit aan. Weer eens is dit 'n aanduiding dat die woord wat hierdie dubbelteken voorafgaan lang

lengte op die voorlaaste sillabe het. In die voorbeeld (c) het die sin dus 'n lang sillabe in elke woord. Die sinsdeel tussen sulke tekens staan bekend as 'n sesuursnit.

2.5.2 Hierdie wyse van indeling sny deur modi en tye heen, sodat ons uitdrukkinge soos izohamba indoda, (ukuba) indoda ihambe, (nxa) ihamba indoda ens. sal kry wat almal byvoorbeeld onder 'n SS soos hierbo sal ressorteer. Daar sal natuurlik verskille in die SPe wees. Die sin izohamba indoda sal byvoorbeeld langs SP(c) ingeskryf word, terwyl indoda ihambe by SP (b) hoort. 'n Ingelyfde partisipiale gesegde soos isihamba sonder meer sal weer by SP (a) tuishoort. Die skematiese voorstelling kan dus uitgebrei word om allerlei vorme en woorde in te sluit :

SS A : Subj. + pred.

- SP (a) iyahamba ≠≠ ; wangena ≠≠ ;
isihamba ≠≠ ;
- (b) isalukazi siyahamba ≠≠ ;
indoda izothenga ≠≠ ;
- (c) yayihamba ≠ indoda ≠≠ ;
isibonile ≠ intombi ≠≠ ;

2.6 DIE BELASTE PREDIKAAT.

2.6.1 Ons het vroeër gesê dat 'n sin uitgesê word as 'n konstruksie waarin woorde of elemente van 'n nominale aard verband hou met 'n gesegde. Nou gebeur dit dat Zoeloe gebruik maak van formatiewe wat skakels genoem word en wat as prefigale elemente in die werkwoord voorkom. Sulke skakels is die verteenwoordigers van die naamwoordelike elemente in die sin. Omdat die taal in elk geval byna altyd so 'n skakel het om as onderwerp diens te doen, sal dit as 'n vanselfsprekendheid in die predikaat aanvaar word. Zoeloe kan egter 'n tweede skakel in die gesegde opneem. Hierdie skakel gaan tradisioneel onder die naam van "voorwerpskakel". Omdat dit nie altyd seker is of dit wel 'n voorwerpskakel is nie, sal ons hier voorlopig praat van die tweede skakel totdat die identiteit daarvan bevredigend vasgestel is. As verteenwoordiger van een of ander nominale element het

dié tweede skakel 'n invloed op die sintaktiese struktuur van die sin en behoort dit dus 'n faktor te wees waarmee rekening gehou moet word. Wanneer so 'n tweede skakel in 'n predikaat voorkom, sal gepraat word van 'n belaste predikaat. In die sinne as voorbeeld is die onderstreepte deel in elke sin die skakel wat die gesegde belas :

Abafana bayawaqhuba amankonyane
'Die seuns jaag die kalwers aan'

Inyoka yamluma unyawo
'Die slang het sy voet gepik'.

2.7 DIE ONBELASTE PREDIKAAT.

2.7.1 In hierdie studie is dit egter ook nodig om ag te slaan op die gesegde wat nie so 'n tweede skakel in hom opneem nie. Daar sal dan ook pertinente verwysing na so 'n predikaat wees. In so 'n geval sal dan gepraat word van 'n onbelaste predikaat. Die volgende twee sinne se gesegdes kan as onbelaste predikate beskou word :

Abafana basaqhuba amankonyane
'Die seuns jaag nog die kalwers aan'

Inyoka yaluma unyawo lwakhe
'Die slang het sy voet gepik'

2.7.2 Na aanleiding van die eerste sin hierbo se predikaat kan die vraag wel ontstaan of die vormelement -sa- dan nie ook die predikaat belas nie. En verder, wat van die ander prever- bale formatiewe? Na deeglike ondersoek het dit egter geblyk dat die gebruik van hierdie elemente in baie gevalle 'n morfologiese verandering teweeg bring, maar geen invloed op die sintaksis van die sin het nie. Predikate met hierdie vormelemente daarin bly dus onbelaste predikate tensy die tweede skakel ook teenwoordig is.

2.8 DIE SINTAKTIESE STRUKTURE MET HUL SINTAKTIESE PATRONE.

2.8.1 Om 'n mate van orde in die aanbieding van die stof te kry, is daar besluit om

die kriteria van onbelaste en belaste kerne as ordeningsbeginsel toe te pas. So word dan eers alle kerne wat onbelas is aangebied terwyl die belastes daarna aan die beurt kom. Wat die derde sintaktiese kategorie betref, d.w.s. dié benevens die onderwerp en die gesegde, is daar nie juis 'n patroon gevolg nie. Daar is egter gepoog om sinne "af te paar", d.w.s. twee strukture wat min of meer eenders is, of waar daar slegs 'n enkele wysiging t.o.v. hul strukture is, volg mekaar op. Omdat die onderwerp bykans altyd in 'n predikaat teenwoordig is, sal hy nie in die SSe wat volg aangedui word nie. Om die lees van die SS te vergemaklik word dié woorde wat die eintlike SS uitmaak, onderstreep. Daar word onder elke struktuur net een sin behandel met sy moontlike sinpatrone. Enkele ander voorbeelde wat tot dieselfde SS behoort, word aangestip soos hulle uit die leeswerk gehaal is.

2.8.2 Ons kan nou daartoe oorgaan om die
 verskillende sintaktiese strukture wat
in Zoeloe gevind is elk met sy getal sintaktiese
patrone te onderskei :

SS A : onbelaste kern : klisisvry.

SP (a) Izulu liyaphendula ≠≠ 'die weer trek
toe'

(b) liyaphendula ≠
izulu ≠≠

(c) liyaphendula ≠≠

Nog voorbeelde :

athimule
angahlehli

'hy nies'

'hy tree nie
terug nie'

aghubeke uGala
uKomfiya uyacabanga
bese egcotshwa

'G. gaan voort'

'K. dink'

'en dan word
hy gesalf'

SS B : onbelaste kern + deskriptief :
klisisgebonde.

SP (a) abanye beme ngaphaya ≠≠ 'ander staan dóér'

(b) beme ngaphaya ≠
abanye ≠≠

(c) beme ngaphaya ≠≠

Nog voorbeelde :

<u>ahlale phansi</u> uShaka	'S. gaan sit'
<u>bacibane ngemikhonto</u>	'hulle gooi mekaar met asgaaie'
<u>igwaze ngawo</u>	'en steek daarmee'
<u>impi isaliwa ngokucitshwana</u> <u>ngemikhonto</u>	'daar is nog geveg deur asgaaie na mekaar te gooi'

SS C : onbelaste kern + nie-subjeksnomen :
klisisgebonde.

- SP (a) amehlo asekhanya umlilo
≠≠ 'vuur blits nou in
sy oë'
- (b) asekhanya umlilo ≠
amehlo ≠≠
- (c) asekhanya umlilo ≠≠

Dit skyn 'n gewilde SS in Zoeloe te wees,
veral as bysin nã 'n voegwoord.

Nog voorbeelde :

(abantu) <u>besaba into</u>	'(die mense) vrees iets'
(izithunywa) <u>zihlaba umkhosi</u>	'(die boodskappers) maak alarm'
(uMdlaka) <u>efela ubala</u>	'terwyl (M) verniet sterf'
<u>ephuthuma</u> <u>umkhosi lowo</u>	'terwyl hy hom haas na die fees'
abantu <u>baphenduke amazimuzimu</u>	'die mense het mensvreters geword'
isikhumba sayo <u>senziwe iminqwamba</u>	'van sy vel is 'n toutjiesmantel gemaak'

SS D : onbelaste ^{-ala} -ela-kern + nie-subj. nomen :
klisisgebonde.

- SP (a) (imbuzi) ihlatshelwe
amathongo ≠≠ ' ('n bok) is vir die geeste geslag'
- (b) ihlatshelwe amathongo
≠ imbuzi ≠≠
- (c) ihlatshelwe amathongo ≠≠
- (d) amathongo ≠ ahlatshelwe
imbuzi ≠≠ 'wat betref die geeste,
'n bok is vir hulle geslag'

- (e) ahlatshelwe imbuzi ≠
 amathongo ≠≠
- (f) ahletshelwe imbuzi ≠≠

Hierdie struktuur lyk op die vorige maar as mens sy S_{Pe} met die vorige vergelyk, is dit duidelik dat dit 'n ander SS moet wees. Dit is heelwaarskynlik die -ela in sy passiewe vorm wat hier 'n invloed uitoefen. Dit skyn ook of dit nie alle -ela-werkwoorde is wat hierdie invloed het nie. Sommige werkwoorde met -ala skyn dieselfde vermoë te hê. Die groot verskil tussen hierdie SS en die vorige lê daarin dat die nie-subjeksnomen met die onderwerp kan verwissel, d.w.s. self onderwerp word, maar daar vind geen versteuring van die betekenis plaas nie. So beteken imbuzi ihlatshe-
lwe amathongo dieselfde as amathongo ahlatshe-
lwe imbuzi.

Nog voorbeelde :

(yena) makafunelwe
inyanga

'(vir hom) moet 'n
dokter gesoek word'

imikhonto igcwele
igazi

'die asgaaie is vol
bloed'

SS E : onbelaste kern + kopulatief : klisis
opsioneel.

- SP (a) inhliziyo ... iyandiza ≠
ukujabula ≠≠ 'sy hart vlieg
van blydskap'
- (b) iyandiza ≠ ukujabula ≠
inhliziyo ≠≠
- (c) iyandiza ≠ inhliziyo ≠
ukujabula ≠≠

Die eienaardigheid van hierdie SS lê daarin dat die kopulatief weggelaat kan word mits dit uit die konteks duidelik is waarom dit gaan. In hierdie sin en die ander wat opgeteken is, is dit nie uit die konteks duidelik nie, en is die kopulatief dus noodsaaklik. Dit gee aan die predikaat 'n mate van klisisgebondenheid. Omdat daar hierdie keuse van klisis bestaan, het ons dit as opsioneel aangedui.

Verdere voorbeelde :

<u>abantu base benyathelana</u> <u>ubuningi</u>	'die mense vertrap mekaar so baie is daar'
<u>abantu base ... begubazela</u> nje uvalo	'van vrees is die mense in 'n harwar'
<u>esahluleka nokukhuluma</u> <u>ukuthukuthela</u>	'terwyl hy van boos- aardigheid nie kan praat nie'
<u>usemanzi izithukuthuku</u>	'hy is nou nat van die sweet'
ngezwi <u>elithuthumelayo</u> <u>ulaka</u>	'met 'n stem wat bewe van woede'
amehlo akhe <u>asebomvu</u> <u>igazi</u>	'sy oë is nou rooi van die bloed'

Hoe swak die klisis is, kan gesien word uit die voorbeelde waar die twee dele van die SS, d.w.s. die predikaat en die kopulatief, deur 'n ander woord geskei kan word. Dit is ook waarneembaar uit sinpatroon (c). Ons moet dit egter benadruk dat al is die klisis swak, hierdie SS tog nie klisisvry is nie.

SS F : onbelaste kern + kopulatief : klisisgebonde

- SP (a) izwe lahanjwa
izinswelaboya ≠≠ 'die land is deur
rowers geteister'
- (b) lahanjwa izinswelaboya ≠
izwe ≠≠
- (c) lahanjwa izinswelaboya ≠≠

Verdere voorbeelde :

bepthwe uvalo

'terwyl hulle met
vrees vervul was'

izwe leli selizulelwa
amange

'die aasvoëls besoek
reeds die land, d.i.
daar is 'n groot mense-
slagting op hande'

owabebuswa nguShaka

'wat deur S. regeer
was'

Ons het slegs drie verdere voorbeelde gegee. Feit
is egter dat dit 'n SS is hierdie wat veelvuldig
in die taal voorkom.

SS G : onbelaste kern + apposisionele subjeksnomen :
swak klisisgebonde.

- SP (a) (umuntu) kube sengathi
uyacinana ≠ umoya ≠≠ 'dit is asof (mens)
nie jou asem kan kry
nie'

- (b) kube sengathi uyacinana ≠
umoya ≠ (umuntu) ≠≠

Hierdie SS lyk baie op SS E. Die verskil lê egter daarin dat die selfstandige naamwoord wat saam met die predikaat gebruik word nie 'n kopulatief, d.w.s. 'n verboë naamwoord, soos in E is nie. Die klisis by hierdie struktuur is swak maar tog moet dit aanwesig wees. Hier kan die naamwoord wat saam met die predikaat gebruik word nie weggelaat word met die hoop dat dit uit die konteks duidelik sal word nie, soos trouens by SS E kan gebeur. Hier is die naamwoord noodsaaklik vir sy spesifiserende funksie. Indien hy weggelaat sou word, sou die sin 'n ander betekenis kry. Hier is 'n sterker graad van klisis as byvoorbeeld in E. 'n Verdere verskil met SS E is dat daar tussen die naamwoord en die onderwerpskakel 'n duidelike verband lê. Die naamwoord is trouens deel van wat die skakel voor staan. Dit kom baie duidelik uit in dié voorbeeld :

(Umntu) ... uzosakazeka ≠
ikhanda ≠≠ '(die mens) sy
kop uitmekaar sal spat'

Omdat hy dié duidelike verband met die subjek van die sin openbaar, noem ons hom 'n apposisionele subjeksnomen.

SS H : onbelaste kern + infinitiefgroep : klisis opsioneel.

- SP (a) (ukuze izingqondo zabantu)
zahluleke ≠ ukubuzisisa
izinto ≠≠ '(totdat die mense se
verstand) nie in staat
is om noukeurig te
onderskei nie'
- (b) (ukuze) zahluleke ≠ ukubuzisisa
izinto ≠ (izingqondo zabantu)
≠≠
- (c) (ukuze) zahluleke ≠ (izingqondo
zabantu) ≠ ukubuzisisa izinto ≠≠

Wat keuse van klisis betref, is hierdie SS soortgelyk aan SS E. Ook openbaar hy dieselfde sinspatrone. Die verskil lê daarin dat ons hier 'n infinitiefgroep het wat in homself sy eie sintaktiese struktuur het. In hierdie geval is die infinitiefstuk se struktuur : onbel. kern + nie-subjeksnomen : klisisgebonde. Eintlik kan die infinitiefgroep feitlik al die strukture openbaar wat ook gewoonweg voorkom. Om dié rede demonstreer ons slegs een ander SS met 'n infinitiefstuk daarin, 'n stuk wat klities aan die hoofpredikaat van die sin gebonde is.

SS I : onbel. kern + infinitiefgroep : klisisgebonde.

- SP (a) (bona) balinga ukungenza
kabi ≠ 'hulle probeer my
kwaad aandoen'
- (b) balinga ukungenza kabi ≠
(bona) ≠

In hierdie SS is nie net die predikaat in die infinitiefstuk klisisgebonde aan die deskriptief wat saam met hom gebruik word nie, maar ook klisisgebonde is die hele infinitiefgroep aan die predikaat balinga.

SS J : ku- kern + subjeksnomen : klisisgebonde

SP (a) kuxega amadola ≠≠ 'knieë is slap'

Wat opval in hierdie SS is die uiterste gebondenheid wat daarin vervat is. Die predikaat is altyd klisisgebonde en die woordorde/sinspatroon is onbuigbaar.

Verdere voorbeelde :

<u>kwabanda amathumbu</u>	'n mens se derms het koud geword'
<u>kuzochitheka igazi</u>	'bloed sal vloei'
<u>kubikwa imihlola</u>	'die ernstige gebeure word aangemeld'
<u>kuhlatshwe imbuzi</u>	'n bok word geslag'

Wat verder opval, is dat die onderwerpskakel ku- nie die onderwerp wat saam met hom gebruik word, verteenwoordig nie.

SS K₁ : ku- kern + deskriptief : klisisgebonde.

SP (a) kubanda eziswini ≠ '(hulle) mae word koud (van vrees)'

Wat interessant is van hierdie SS is dat daar tog woordomwisseling kan plaasvind. Wanneer dit gebeur, het ons egter nie 'n tweede sinspatroon nie. Wat ons dan kry, is inderwaarheid 'n nuwe sintaktiese struktuur wat ons K₂ noem om sy noue verbondenheid met K₁ aan te dui.

SS K₂ : ku + ya - kern + deskriptief : klisis swak.

SP (a) eziswini ≠ kuyabanda ≠ 'in die mae is dit koud'

(b) kuyabanda ≠ eziswini ≠ 'dis koud in die mae'

Hier sien ons dat hierdie nuwe SS twee SPe het. Ook is dit duidelik dat daar 'n behoefte by die predikaat bestaan om 'n mate van klitiese gebondenheid te besit. Indien die predikaat klisisvry sou wees, m.a.w. alleen kon staan, sou dit verkeerdelik opgevat kan word as 'n verwysing na die weer.

Hierdie twee SSe (K_1 en K_2) verg nadere betragting. Dit is nie alle deskriptiewe wat uit 'n klisisgebonde ku- kern (K_1) deur woordverplasing omgesit kan word in 'n K_2 SS nie. In werklikheid is dit net deskriptiewe wat verboë vorme van selfstandige naamwoorde is wat hierdie verandering kan ondergaan. In ons voorbeeld in beide K_1 en K_2 is die deskriptief 'n verboë vorm van die selfstandige naamwoord izisu 'mae'. Ook van die selfstandige naamwoord impela 'werklik(heid)' kan ons die verboë vorm ngempela kry, bv.

Kushisa ngempela \neq > ngempela \neq
kuyashisa \neq

Wanneer ons egter enige tipe naamwoord behalwe 'n selfstandige naamwoord, d.i. 'n byvoeglike naamwoord of onselfstandige naamwoord, op hierdie manier wil omsit, is dit onmoontlik :

kubanda kakhulu ≠ ≠ > ⁺kakhulu kuyabanda
kuzwakala kabuhlungu ≠ ≠ > ⁺kabuhlungu
kuyazwakala

Tog is dit in hierdie laaste geval moontlik om te sê :

kuyabanda ≠ kakhulu ≠ ≠ 'dis koud - erg'
kuyezwakala ≠
kabuhlungu ≠ ≠ 'dis waarneembaar -
pynlik'

Opsommend t.o.v. SS K₂ kan dus gesê word dat slegs verboë vorme van selfstandige naamwoorde twee SPE het, terwyl verboë vorme van onselfstandige naamwoorde (wat insluit verboë vorme van reeds verboë vorme, cf. kabuhlungu uit die reeds verboë -buhlungu) slegs sinspatroon (b) kan handhaaf.

Met hierdie twaalf SSe skyn die moontlike onbelaste strukture afgehandel te wees. Vanaf hierdie punt kan die belaste terme onder die aandag kom :

SS L : bel. kern + nie-subj. nomen : klisisvry.

- | | | | |
|----|-----|---|---|
| SP | (a) | <u>imimoya yabaphansi</u>
<u>imfikela</u> ≠ <u>umuntu</u> ≠≠ | 'die voorvadergeeste
verskyn aan 'n mens' |
| | (b) | <u>imfikela</u> ≠ <u>umuntu</u> ≠
<u>imimoya yabaphansi</u> ≠≠ | 'hulle verskyn aan hom,
die mens, die voorvadergeeste' |
| | (c) | <u>umuntu</u> ≠ <u>imfikela</u> ≠
<u>imimoya yabaphansi</u> ≠≠ | 'wat die mens betref,
hulle verskyn aan hom,
die voorvadergeeste' |
| | (d) | <u>imfikela</u> ≠ <u>imimoya</u>
<u>yabaphansi</u> ≠ <u>umuntu</u> ≠≠ | 'hulle verskyn aan hom,
die voorvadergeeste,
d.w.s. aan die mens' |
| | (e) | <u>umuntu</u> ≠ <u>imimoya</u>
<u>yabaphansi</u> ≠
<u>iyamfikela</u> ≠≠ | 'wat die mens betref,
die voorvadergeeste,
hulle verskyn aan hom' |
| | (f) | <u>imimoya yabaphansi</u> ≠
<u>umuntu</u> ≠ <u>iyamfikela</u> ≠≠ | 'die voorvadergeeste,
wat die mens betref,
hulle verskyn aan hom' |

Hierdie groot bewegingsvryheid word toegeskryf aan die skakel wat die predikaat belas. Dit skyn of die tweede skakel verband hou met die selfstandige naamwoord wat nie die onderwerp is nie omdat dit na dié

betrokke selfstandige naamwoord verwys. Let daarop dat hierdie werkwoord hom soos 'n werkwoord in die lang vorm van die perfektum gedra, moontlik as gevolg van dieselfde ritmiese patroon. Dit is egter nie in die perfektum nie; daarom gedra hy hom ook soos 'n werkwoord wat in die teenwoordige tyd se lang vorm staan, wat hy inderdaad ook is, cf. voorbeelde (e) en (f). In hierdie tipe SS kan daar egter 'n beperking intree t.o.v. die getal SPe. Dit geskied wanneer die subjeksnomen en die nie-subjeksnomen tot dieselfde klas behoort. Dit lei tot identiese skakels en kan maklik tot verwarring by die hoorder oorgaan.

In die volgende groep SPe is daar slegs die eerste sin wat ondubbelsinnig is :

- SP (a) (uShaka) kazamkhohlwa ≠ uNgomane
'Shaka het egter nie vir Ngomane vergeet nie'
- (b) +kazamkhohlwa uNgomane uShaka
- (c) +uNgomane kazamkhohlwa uShaka
- (d) +uNgomane uShaka kazamkhohlwa
- (e) +kazamkhohlwa uShaka uNgomane
- (f) +uShaka uNgomane kazamkhohlwa.

Ons merk dus dat woordorde, en by name die woordorde :
onderwerp → gesegde → nie-subjeksnomen, die kriterium
verskaf vir die ondubbelsinnige verstaan van die sin.

Verdere voorbeelde van SS L :

zabaqeda nazo izinyanga abantu 'en ook hierdie
dokters het die mense
uitgeroei'

noShaka imbala besamhkohliwe 'hulle (die mense) het
(abantu) selfs vir S. vergeet'

SS M : ku- + bel. -ela-kern + nie-subj. nomen :
klisisvry.

SP (a) kumkhanyele engqondweni 'dit het vir M. duide-
yakhe uMlilo ukuthi lik geword dat ...'

(b) uMlilo ... kumkhanyele
ukuthi

In hierdie tipe is die onderwerp wat deur ku- ver-
teenwoordig word, die bysin wat deur die woord ukuthi
ingelei word. Die ku- kan nie deur 'n ander skakel
vervang word nie. Verder is dit nie dieselfde tipe

ku- as in SS J of SS K nie, aangesien die onderwerp van die onderhawige ku- direk verteenwoordig word. Die sin van SP (a) eindig byvoorbeeld so: ukuthi selifikile ithuba lakhe. 'dat sy kans gekom het'. Dit word maklik in die naamwoordstuk: ukufika kwethuba lakhe 'die aanbreek van sy kans' omgesit, waarvolgens die werkwoordpredikaat - khanyele verplig word om die skakel ku- te neem. In hierdie SS is die skakel ku- dus 'n verwysingskakel na 'n onderwerp of onderwerpsin, terwyl dit in SS J en SS K nie die geval is nie.

SS N₁ : bel. refleks-zi-kern + nie-subjeksnomen :
klisi sgebonde.

- SP (a) abelungu bezozicelela 'die witmense sou
ubuhlobo kuShaka ≠ vriendskaplike naas-
bestaan van S. versoek'
- (b) bezozicelela ubuhlobo
kuShaka ≠ abelungu ≠
- (c) bezozicelela ubuhlobo ≠
abelungu ≠ kuShaka ≠

- (d) bezozicelela kuShaka ≠
ubuhlobo ≠ abelungu ≠
- (e) bezozicelela kuShaka ≠
abelungu ≠ ubuhlobo ≠

Ons het SPe (d) en (e) by hierdie SS aangedui
bloot om aan te toon hoe maklik sekere SSe
kan oorgaan na 'n ander SS - iets wat ook by
SS K gebeur het. Ons gee derhalwe die aparte
SS vir SPe (d) en (e) hier weer :

SS N₂ : bel. -zi-kern + deskriptief + nie-subj.
nomen : klisis opsioneel.

- SP (a) abelungu bezozicelela
kuShaka ≠ ubuhlobo ≠≠
- (b) abelungu ≠ ubuhlobo ≠
bezozicelela kuShaka ≠≠
- (c) ubuhlobo ≠ abelungu ≠
bezozicelela kuShaka ≠≠
- (d) bezozicelela kuShaka ≠
ubuhlobo ≠ abelungu ≠≠
- (e) bezozicelela kuShaka ≠
abelungu ≠ ubuhlobo ≠≠

Wanneer ons sê dat klisis opsioneel is, geld dit
vir die volledige SS. Dit is egter duidelik dat
'n deel van die struktuur, naamlik bezozicelela ku-
Shaka baie beslis klisisgebonde is en dus nie geskei

kan word nie. Sou ons dit doen dan keer ons terug na SS N₁ waarin klisis tussen die predikaat en ubuhlobo verpligtend is. Dit dien daarop gelet te word dat ons nie die woord abelungu ná die predikaat kan gebruik nie. Dit sou dan 'n ander snw. uit klas 2 impliseer wat die sin dan onder 'n ander SS sou laat ressorteer. Die vormelement -zi- wat soos 'n tweede skakel voorkom, verwys egter na die onderwerp en nie na die nie-subjeksnomen nie. Dit is egter nie 'n onderwerpskakel nie.

SS 0 : bel. kern + apposisionele nie-subjeksnomen :
klisisgebonde.

- SP (a) uNgg. kamvale umlomo ≠ 'dat Ngg. Gala se mond
(ngempama ≠ uGala ≠≠) moet toeklap'
- (b) uNgg. kamvale umlomo ≠
(uGala ≠ ugempama ≠≠)

A.g.v. die feit dat subjek- en nie-subjeksnomen albei tot dieselfde klas behoort, is die SPE taamlik vas en is dit net moontlik om die woorde

tussen hakies van plek te laat verwissel. In hierdie tipe sin is daar drie deelhebbers aan die sintaktiese struktuur. In die sin hierbo is dit die volgende :

- (i) (k)a- wat Ngq. verteenwoordig
- (ii) -m- wat Gala verteenwoordig
- (iii) die snw. umlomo

By gebrek aan 'n beter benaming noem ons umlomo 'n nomen wat in apposisie tot die tweede skakel staan. Dit kan ook so gesien word dat die skakel eintlik in apposisie tot umlomo staan. Die selfstandige naamwoord in hierdie SS stem ooreen met dié in SS G deurdat dit slegs 'n deel aandui van dit waarvoor die tweede skakel staan. Dit verskil egter weer van SS G daarin dat dit nie verband hou met die onderwerpskakel soos in SS G nie.

Verdere voorbeelde :

.... kusho uNomalanga '...sê N. terwyl sy
emnguma ulimi hom in die rede val'

ngizolilinga (isu)
ngilibone isiphelo salo 'ek sal dit (die plan)
 uittoets en kyk waar-
 op dit sal uitloop'

SS P : belaste kern + deskriptief : klisisgebonde.

- SP (a) (leyanyoka), '(daardie slang)
ingibheka kabi ≠ kyk selfs vir my
nami ≠≠ skeef aan'
- (b) leyanyoka ≠ nami ≠
ingibheka kabi ≠≠
- (c) ingibheka kabi ≠
nami ≠ leyanyoka ≠≠
- (d) nami ≠ ingibheka kabi ≠
leyanyoka ≠≠
- (e) nami ≠ leyanyoka ≠
ingibheka kabi ≠≠
- (f) ingibheka kabi ≠
leyanyoka ≠ nami ≠≠

Uit al ses die SP's is dit duidelik dat daar sterk klisis tussen die predikaat en die deskriptief bestaan. Hierdie SS is ook in 'n infinitiefstuk teengekom :

balinga ukungenza kabi ≠ eNkosini.

Dit is nie nodig om verder oor hierdie SS soos dit in die infinitiefkonstruksie voorkom, uit te brei nie. Let egter daarop dat die hoofwerkwoord balinga en die infinitief ook klisisgebonde is.

SS Q : bel. kern + deskr. + nie-subjeksnomen :
swak klisis.

- SP (a) lelisu ≠ uShaka akaze'hierdie plan
alinambitha kahle ≠≠ het S. nie baie van
gehou nie.
- (b) lelisu ≠ akaze alinambitha
kahle ≠ uShaka ≠≠
- (c) uShaka akaze alinambitha
kahle ≠ lelisu ≠≠
- (d) uShaka ≠ lelisu ≠ akaze
alinambitha kahle ≠≠
- (e) akaze alinambitha kahle ≠
uShaka ≠ lelisu ≠≠
- (f) akaze alinambitha kahle ≠
lelisu ≠ uShaka ≠≠

Soos gesien kan word vorm die deskriptief hier 'n onverbreekbare eenheid met die predikaat. Dit lyk

dus op die vorige SS. Die nie-subjeksnomen is egter deel van die SS omdat dié selfstandige naamwoord vir die eerste keer en nie by herhaling gebruik word nie. Hy is m.a.w. noodsaaklik vir die verstaan van die sin, en veral vir die betekenisgewing aan die tweede skakel in die gesegde. Indien die nie-subjeksnomen weggelaat kon word, sou ons 'n SS P konstruksie gehad het. Die toevoeging van die noodsaaklike nie-subjeksnomen veroorsaak derhalwe 'n swak klisis tussen die deskriptief en hierdie naamwoord.

SS R : bel. refl. -zi- kern + deskriptief :
klisisgebonde.

- SP (a) ukuba uMdlaka azichome 'sodat Mdl. woedend
olakeni ≠ geword het'
- (b) ukuba azichome olakeni ≠
uMdlaka ≠

Hierdie SS toon groot ooreenkoms met SS N₂, maar hier kan daar nie 'n bykomende selfstandige naamwoord gevoeg word nie. Dit maak dit dus 'n aparte sintaktiese struktuur.

'n Verdere voorbeeld :

kwathi sisazihlalele 'terwyl ons nog
kahle nje sommer so lekker
sit'

SS S : belaste kern + twee nie-subj. nomina :

klisisgebonde.

- SP (a) lentombazane ingenza inja ≠ 'hierdie meisielkind
maak van my 'n hond'
- (b) ingenza inja ≠ (mina)
lentombazane ≠≠
- (c) lentombazane ≠ (mina)
≠ ingenza inja
- (d) (mina) ≠ ingenza inja ≠
lentombazane ≠≠

'n Kenmerk van die tweede nie-subjeksnomen is dat dit weggelaat kan word. Dit is gewoonlik die geval en word ingevoeg wanneer klem daarop moet val. Wat egter ook opvallend is, is dat die tweede naamwoord nie deur 'n ander woord geskei kan word van die SS waarvan hy 'n deel vorm.

Die tweede naamwoord kan nogtans self die begin of die einde vorm van die SS waarvan hy 'n deel is. Hoewel die struktuur klisisgebonde is t.o.v. die predikaat en die eerste naamwoord, is dit nie die geval met die tweede naamwoord nie. Wat die res van die SS met die tweede naamwoord betref, is klisis vry.

SS T₁ : bel. -ela - kern + twee nie-subj. nomina :
klisisgebonde.

- SP (a) amadoda azobabikela 'die manne sal (die
(abantu) umhlola ≠≠ mense) van die ernstige
gebeure berig'
- (b) amadoda ≠ (abantu) ≠
azobabikela umhlola ≠≠
- (c) (abantu) ≠ azobabikela
umhlola ≠ amadoda ≠≠
- (d) azobabikela (abantu)
umhlola ≠ amadoda
- (e) amadoda ≠ umhlola ≠
azobabikela (abantu) ≠≠
- (f) amadoda azobabikela
umhlola ≠ (abantu) ≠≠.

Die verskil met die vorige SS lê daarin dat dit nou die tweede naamwoord is wat eksplisiet vermeld

word, en nie die eerste nie. Ons noem die eksplisiete naamwoord die tweede naamwoord omdat die implisiete naamwoord nooit ná hom in dieselfde pouseringsnit te staan kom nie, maar altyd vóór hom. Kyk SP (a) en (d). Dit het miskien opgeval dat nie een van die SP's hierbo met die selfstandige naamwoord umhlola begin nie. Sou ons dit doen dan kry ons 'n sintaktiese patroon wat eintlik deel is van 'n ander sintaktiese struktuur wat baie na verwant is aan die een wat ons pas bespreek het. Dit is die volgende SS :

SS T₂ : bel. -ela-kern + twee nie-subj. nomina :
klisisgebonde.

- | | | |
|--------|--|--|
| SP (a) | <u>amadoda azowubikela</u>
<u>abantu ≠ umhlola ≠≠</u> | 'die manne sal die mense van die ernstige gebeure berig' |
| (b) | <u>umhlola ≠ azowubikela</u>
<u>abantu ≠ amadoda ≠≠</u> | |
| (c) | <u>azowubikela abantu</u>
<u>umhlola ≠ amadoda ≠≠</u> | |
| (d) | <u>umhlola ≠ amadoda</u>
<u>azowubikela abantu ≠≠</u> | |
| (e) | <u>amadoda ≠ umhlola ≠</u>
<u>azowubikela abantu ≠≠</u> | |
| (f) | <u>azowubikela abantu ≠</u>
<u>amadoda ≠ umhlola ≠≠</u> | |

Die verskil met die vorige SS lê daarin dat dit moontlik is om die tweede naamwoord se skakel in die gesegde te gebruik. Dit op sy beurt veroorsaak dat die eerste naamwoord nou eksplisiet moet wees. Die tweede naamwoord is ook eksplisiet hoewel hy, afhangende van die konteks, geïmpliseer kan word. Wat klisis betref is hierdie SS baie interessant. Die eerste naamwoord is altyd klities verbind aan die predikaat. Wanneer die tweede naamwoord onmiddellik ná die eerste gebruik word, is daar ook sprake van klisis. Wat opval is dat die klisis eintlik tussen die twee naamwoorde van toepassing is. Origens kan die tweede naamwoord hom van klisis losmaak op voorwaarde dan dat hy nie 'n posisie na die eerste naamwoord inneem nie. Hier is dus sprake van 'n soort voorwaardelike klisisvryheid. Verder kan net gemeld word dat dit 'n baie gebruiklike SS in Zoeloe is, beide in sy manifestasie as SS T_1 en as SS T_2 ; en dit kom veral by -ela en -isa werkwoorde voor.

Verdere voorbeelde :

(1) bemthengisela (uShaka) impahla
of (2) beyithengisela uShaka impahla

(1) (hulle het negosieware aan Shaka
verkoop)
of (2) (hulle het aan Sháka negosieware
verkoop)

wasibulalela (isizwana) inkosi yaso
'hy het die stammetjie se hoofman
doodgemaak'

of wayibulalela isizwana inkosi yaso
'hy het die stammetjie se hoofman
vir hulle doodgemaak'

In hierdie laaste sin kan gesien word hoe trans-
posisie van die tweede skakel 'n verandering in
die betekenis van die sin kan teweeg bring.

SS U : bel. nie-subjekgebonde kern + nie-subj. nomen :
klisisvry.

- SP (a) ukuthi indaba
kaMdlaka ≠ iyeke ≠
ngoba 'dat jy die saak van
Mdl. moet laat, want
.....'
- (b) ukuthi iyeke ≠
indaba kaMdlaka ≠
ngoba

Hierdie SS onderskei hom daarin dat die onderwerp byna altyd ongespesifiseer is, hoewel dit altyd as tweede persoon (wena) geïmpliseer word. Die predikaat bevat hier slegs die skakel wat belas, d.w.s. dié van die nie-subjeksnomen.

SS V : bel. nie-subj. gebonde kern + appos.
nie-subj. nomen : klisisgebonde.

- SP (a) Ngqengelele, ≠ mvale
umlomo ≠ uGala ≠≠ 'Ngqengelele, maak
(klap) Gala se mond
toe'
- (b) Ngqengelele, ≠ uGala ≠
mvale umlomo ≠≠
- (c) mvale umlomo ≠
uGala ≠, Ngqengelele ≠≠
- (d) uGala ≠ mvale umlomo ≠
Ngqengelele ≠≠

Al behoort die eiename tot dieselfde klas kan hier nie verwarring ontstaan nie deurdat een eiename nie met die prefiks verskyn nie. Slegs die een wat wel met die prefiks verskyn word in die predikaat verteenwoordig. Hierdie SS herinner sterk aan SS O maar verskil daarvan deur nie van 'n onderwerpskakel in die predikaat gebruik te maak nie. Die afwesigheid van die onderwerpskakel herinner weer aan SS U. Daar moet egter opgemerk word dat hierdie gesegde sterk klisisgebonde is in vergelyking met die vorige.

2.9 BESPREKING VAN DIE SINTAKTIESE STRUKTURE.

2.9.1 Dit blyk uit hierdie uiteensetting van die SSe dat die meeste van hulle klisisgebonde is. Uit die 25 moontlike SSe in Zoeloe is 15 klisisgebonde. Hierby kan nog 6 gevoeg word, hoewel die klisis in hierdie gevalle swak is; nogtans is dit daar. Uit hierdie 6 kan 3 klisisvry wees afhangende van die konteks. Ewenwel, dit gee 'n getal van 21 uit 25 waarby klisis 'n

rol kan speel. Dit is daarom verbasend om te vind dat slegs 4 strukture geheel en al vry van klisis is. In die gevalle waar daar twee selfstandige naamwoorde deel van die SS uitmaak, is ten minste een altyd klities aan die predikaat verbind. In die drie gevalle waar klisis opsioneel is, hang dit van die konteks af. Indien die kopulatief (in SS E) of die infinitiefsnit (in SS H) of die selfstandige naamwoord (in SS N₂) nie deur 'n toepaslike verbandhoudende naamwoord vroeër voorafgegaan word nie, moet dit as deel van die SS verskyn, so nie kan dit met gemak weggelaat word. Die drie gevalle wat swak klisis het, kan buitendien nie die naamwoord in die SS ontbeer nie. Indien dit sou gebeur, sou dit lei tot 'n verkeerde betekenisinhoud van die sin (in SS G en SS K₂) of van die tweede skakel (in SS Q). Soos die posisie op die oomblik staan, is dit die derde vakkie ("slot") van die sin wat verder ondersoek moet word.

2.9.2 Dit het al duidelik geblyk dat hierdie derde vakkie 'n verskeidenheid van naamwoorde kan huisves. Slegs in 1 geval is hierdie vakkie leeg. In 5 gevalle word hy gevul deur 'n deskriptief; in 6 gevalle deur 'n nie-subjeksnomen; in 1 geval deur 'n apposisionele nie-subjeksnomen, in 2 gevalle deur 'n nie-subjeksnomen plus 'n implisiete nie-subjeksnomen; in 2 gevalle deur 'n nie-subjeksnomen plus 'n deskriptief; in 2 gevalle deur 'n kopulatief; en in 2 gevalle deur 'n infinitiefstuk. Die verskeidenheid van naamwoorde in hierdie vakkie bring die kwessie van die voorwerp in die gedrang. In die verlede is 'n selfstandige naamwoord wat in hierdie posisie voorgekom het gewoonlik 'n voorwerp van die sin genoem. Uit die 23 gevalle waar die derde vakkie gevul moet word, kan daar voorlopig 8 naamwoorde, volgens definisie, nie as voorwerp beskou word nie. Hulle is dié wat hierdie vakkie met 'n deskriptief vul; die twee strukture wat 'n kopulatief daar plaas; en die een sinstipe wat 'n apposisionele subjek sy tuiste daar laat vind. Dit laat dus 15 gevalle wat op een of ander wyse getoets moet word om te

bepaal of die nie-subjeksnomen 'n voorwerp is of nie. Een van die mees gebruikte toetse is die toets vir passiwiteit.

2.10 TOETS VIR PASSIEFVORMING.

2.10.1 Die eerste SS wat in oënskou geneem kan word is SS C. Hierin verskyn die baie gebruiklike tipe sin wat bestaan uit 'n naamwoord₁ + werkwoord + naamwoord₂. In terme van die sintaksis is dit 'n gewilde patroon wat beskryf word as onderwerp + gesegde + voorwerp. In die toets vir passiefvorming in Zoeloe behoort die transformasie die volgende patroon te hê : naamwoord₂ + passiewe werkwoord + kopulatiewe naamwoord₁, of anders gestel : nuwe subjek uit ou objek + predikaat + nuwe kopulatief uit ou subjek. Toets ons nou die sinne uit SS C kry ons die volgende :

- (i) amehlo asekhanya 'vuur blink nou
umlilo in sy oë'
> ⁺umbilo usekhanywa 'vuur word nou deur
ngamehlo sy oë geblink'
- (ii) abantu besaba 'die mense vrees
into iets'
> into yesatshwa 'iets word deur
abantu die mense gevrees'
- (iii) izithunywa zihlaba 'die boodskappers
umkhosi maak alarm'
> umkhosi uhlatshwa 'alarm word gemaak
yizithunywa deur die boodskappers'
- (iv) (naye) ephuthuma 'terwyl (ook hy) hom
> (wona) umkhosi haas na daardie
lowo (einste) fees
(wona) umkhosi 'terwyl na daardie
lowo uphuthunywa (einste) fees (deur
(nguye) hom) gehaas word'
- (v) abantu baphenduke 'die mense het kanni-
amazimuzimu bale geword'
> ⁺amazimuzimu aphe- 'kannibale is deur
ndukwe ngabantu die mense geword'
- (vi) uMdlaka ufela 'Mdlaka sterf verniet'
ubala
> ⁺ubala lufelwa 'die verniet word
wuMdlaka deur Mdlaka gesterf'

- (vii) isikhumba senziwe 'van die vel is 'n
 iminqwamba toutjiesmantel gemaak'
- ~⁺ iminqwamba yenze ''n toutjiesmantel
 isikhumba het 'n vel gemaak'

Uit die bostaande sinne is dit uit die staanspoor duidelik dat umlilo, ubala en amazimuzimu volgens hierdie toets nie as voorwerpe beskou kan word nie. Wat die laaste sin betref, staan hy reeds in die passiewe vorm. Vir hom moet dus 'n korresponderende aktiewe vorm gesoek word. Die aktiewe vorm lewer iets onsinnigs op en is dus nie aanvaarbaar nie. Dit is 'n bewys dat iminqwamba in die aanvaarbare sin dus nie kopulatief is soos mens gewoonlik by dié tipe sin sou verwag. (Vergelyk byvoorbeeld : isikhumba senziwe indoda wat in die aktiewe transformasie heeltemal aanvaarbaar is as indoda yenze isikhumba.) Die feit dat sinne (i), (v) en (vi) nie die transformasie kan ondergaan nie wys duidelik dat ons hier nie met voorwerpe ná die predikaat te doene het nie. Die naamwoorde umlilo, amazimuzimu

en ubala moet derhalwe 'n ander funksie as dié van 'n voorwerp vervul. By deeglike ondersoek blyk dit dat hulle nader aan deskriptiewe staan deurdat hulle die predikaat nader omskryf. Volgens definisie is deskriptiewe verboë nominale vorme. Hier het ons egter onverboë, selfstandige nomina wat hulle net soos verboë vorme gedra. Funksioneel moet hulle dus eintlik as deskriptiewe behandel word. Die definisie van deskriptiewe moet dus uitgebrei word om ook selfstandige, onverboë vorme wat hul soos verboë vorme gedra, in te sluit. Wat die laaste sin betref :

isikhumba senziwe iminqwamba

werk die transformasietoets in die teenoorgestelde rigting, van passief na aktief. Hier kan ook nie 'n bevredigende en sinvolle aktiewe sin verkry word nie. Eintlik is hierdie sin baie problematies. Sy naaste sintaktiese eweknie is SS J, en veral die voorbeelde met die predikaat in die passief skyn ná aan analoog te wees. Trouens, as dit nie was vir die selfstandige naamwoord

isikhumba nie, sou dit deel van SS J uitgemaak het. Al wat op hierdie stadium gesê kan word, is dat imingwamba as 'n voorwerp gevoel word, hoewel dit nie funksioneel bewysbaar is nie. Die eintlike probleem lê egter by isikhumba wat hier as grammatiese subjek diens doen terwyl dit logies nie 'n subjek is nie. Hierdie sin is makliker analiseerbaar in die volgende transformasies :

imingwamba yenziwe 'n toutjiesmantel is
ngesikhumba van die vel gemaak'

of

(uSobanibani) wenze '(Watsenaams) het
imingwamba ngesikhumba 'n toutjiesmantel
van die vel gemaak'

Hieruit kan ons aflei dat isikhumba in die oorspronklike sin eintlik 'n deskriptief is wat d.m.v. funksiewisseling as 'n grammatiese subjek funksioneer.

2.10.2 Wanneer dit by die toetsing van die sinne van SS D kom, is dit onmoontlik om die toets by sommige sinne toe te pas weens die feit

dat van die sinne reeds in die passiewe vorm staan. Ons kan egter die sin : imikhonto igcwele igazi van naderby beskou. Die passieftoets slaag nie [†]igazi ligcwele imikhonto. Soos ons reeds in 2.8.2 SS D gesê het, kan ook hierdie sin se naamwoorde hul posisie omruil, met dienooreenkomstige verandering van skakel, sonder dat die betekenis van die sin versteur word. Ons kry dus dat imikhonto igcwele igazi dieselfde beteken as igazi ligcwele imikhonto. Watter naamwoord ons ookal ná die predikaat plaas, bly dit vas staan dat hy nie 'n voorwerp kan wees nie.

2.10.3 In SSe E en F is die naamwoord wat die 'voorwerpsposisie' vul telkens 'n kopulatief. Uit die aard van die saak kan 'n kopulatief nie 'n voorwerp wees nie. Daarom is die passieftoets in hierdie gevalle ook nie moontlik nie. Wat die nie-subjeksnomen in SS G betref, wil die toets ook nie uitwerk nie :

umuntu uyacinana umoya	'n mens se asem raak weg'
> +umoya ucinanwa ngumuntu	'asem word weggeraak deur 'n mens'
umuntu uzosakazeka ikhanda	'n mens se kop sal uitmekaar spat'
> +ikhanda lzosakazekwa ngumuntu	'die kop sal uitmekaar- gespat word deur 'n mens'

Daarom kan ons ook nie umoya en ikhanda as voorwerpe aanvaar nie. Wanneer dit egter kom by infinitiefstukke soos in SS H en I, is dit 'n perd van 'n ander kleur. In hierdie gevalle slaag die toets sodat ons kry :

izingqondo zahluleke ukubuzisisa izinto	'die verstand was nie in staat om nou- keurig te onderskei nie'
> ukubuzisisa izinto kuhlu- lekwe yizingqo- ndo	'om noukeurig te onderskei was nie in staat gewees deur die verstand nie! '
(bona) balinga ukungenza kabi	'(hulle) probeer om my kwaad aan te doen'
> ukungenza kabi kulingwa yibo	'om my kwaad aan te doen, word deur (hulle) probeer! '

Die infinitiefgroepe moet dus as voorwerpe van die onderskeie sinne beskou word. Die vermoë van die Zoeloesinne om in die passief gebruik te word, moet in laasgenoemde gevalle nie van die vertaling afgelei word nie. Wat in Afrikaans swak klink, is in Zoeloe heeltemal normaal.

Dit wil voorkom of daar by al die oorblywende SSE wat 'n enkele nie-subjeksnomen bevat, die regverdiging bestaan om sodanige nie-subjeksnomina voorwerpe te kan noem. Hulle slaag almal die toets hoewel sommige dit onder sekere voorwaardes doen. Ons gee hieronder die passiewe transformasies met kommentaar waar dit van toepassing is :

SS L :

imimoya yabaphansi imfikela umuntu	'die voorvadergeeste verskyn aan 'n mens'
> umuntu ufikelwa yimimoya yabaphansi	' 'n mens word besoek deur die voorvadergeeste'
zabageda nazo izinyanga abantu	'juis hierdie einste dokters het die mense uitgeroei'
> abantu bagedwa yizona izinyanga	'die mense is deur juis hierdie einste dokters uitgeroei'
uShaka kazamkhohlwa uNgomane	'Shaka het egter nie vir Ngamane vergeet nie'

> uNgomane akaz^e akhohlwa nguShaka 'Ngomane is egter nie deur Shaka vergeet nie'

Al opmerking wat hier gemaak kan word, geld die laaste voorbeeld. Hoewel die predikaat die voorkoms van 'n passief het, word dit egter soos 'n aktiewe gesegde gebesig. Die passiewe transformasie kan derhalwe nogtans geskied deurdat die predikaat die tweede skakel soos gewoonlik verloor en die naamwoord ná die predikaat boonop die kopulatiewe verbuiging ondergaan.

SS N₁ en N₂ :

	abelungu bezozicelela ubuhlobo kuShaka	'terwyl die witmense <u>vriendskaplike ver-</u> <u>houdings</u> by/met Shaka sou aanvra'
of	abelungu bezozicelela kuShaka ubuhlobo	'terwyl die witmense <u>by/met Shaka</u> vriendskap- like verhoudings sou aanvra'
>	ubuhlobo buzocelwa kuShaka ngabelungu	'vriendskaplike verhoudings met Shaka sal/sou deur die witmense aangevra word'
	ukuthi indlela azikhethela yona	'dat die weg wat hy vir homself kies'

> ukuthi indlela 'dat die weg wat deur
yona ekhethwe hom gekies word'
nguye

Hier is dit opmerklik dat benewens die verdwyning van die refleksiefskakel, die -el- morfeem ook in die passief verdwyn. Dit dui daarop dat die resp. naamwoorde ubuhlobo en indlela in die aktiewe sinne verband hou met die basiswerkwoord en nie met die afgeleide -ela- werkwoorde nie.

SS 0 :

uNggengelele kamvale
umlomo
>umlomo wakhe mawuvalwe uguNgq.

ngilibone isiphelo salo
> isiphelo salo sibonwe yimi

kusho uNomalanga emnquma ulimi
> (kusho uN. ulimi lwakhe lungunywa nguye).

Wat hier opgemerk word, is dat umlomo, isiphelo ens. wel die voorwerp van die aktiewe sinne moet

wees. By ulimi kan dit ook so beskou word, maar nou moet daarmee rekening gehou word dat -nguma ulimi in hierdie sin 'n idioom is, en derhalwe as 'n enkele begrip 'in die rede val' gesien moet word en nie as twee begrippe 'sny' en 'tong' wat in 'n verhouding tot mekaar staan nie. Om hierdie rede kan die idiomatiese uitdrukking -nguma ulimi nie sy idiomatiese seggingskrag in die passiefkonstruksie behou nie. Daarom dan dat die passiewe vorm slegs die letterlike betekenis aan mens opdring d.w.s. die twee begrippe van 'tong' en 'sny'.

Wat egter opval in hierdie transformasies is dat die tweede skakel, d.w.s. die nie-subjekskakel, in hierdie sinne nie die onderskeie voorwerpe verteenwoordig nie. Hulle kan derhalwe nie voorwerp-skakels genoem word nie. Wat verder opval, is dat die rol wat die tweede skakel in die oorspronklike sin vervul het, in die passiewe transformasie deur 'n possessief oorgeneem word :

-m- > wakhe
-li- > salo
-m- > (lwakhe)

SS Q :

lelisu ... akaze alinambitha kahle uShaka	'hierdie plan het Shaka nie baie van gehou nie'
> lelisu alaze lananjithwa kahle nguShaka	'hierdie planis nie hoog aangeskryf deur Shaka nie'

Hier het ons 'n doodgewone passiewe transformasie sonder enige voorbehoude. Die woord lelisu in die aktiewe sin verander na die onderwerp in die passiewe sin, en die onderwerp uShaka van die aktiewe sin word in die passiewe sin 'n kopulatief. Daarom is lelisu in die aktiewe sin dan 'n voorwerp.

2.10.4 Die enigste oorblywende SSe waarin daar naamwoorde in die sg. voorwerpsposisie staan, is SS S en SS T₁ en T₂ .

Wat SS S betref, bestaan die moontlikheid dat 'n tweede nie-subjeksnomen by die struktuur ingevoeg kan word. Dit moet egter 'n naamwoord wees wat ooreenstemming vertoon met die tweede skakel in die predikaat. Omdat hierdie naamwoord in die meeste gevalle slegs geïmpliseer word, beskou ons dit as van nie so 'n kardinale belang as dié een wat eksplisiet vermeld word nie. En hier kom ons by die beginsel van die primêre en sekondêre substantief. Ons het elders (Van Rooyen, 1973, p. 22) die volgende gesê :

Wat tradisioneel as die direkte voorwerp beskou word, sal ook meestal die primêre substantief genoem word. Dit is die substantief waarop die werkwoord die meeste betrekking het, waar die substantief direk by die werkwoord betrek word.
'n sekondêre substantief kom dikwels implisiet in die sin voor, en soms word hy deur sy voorwerpskakel in die werkwoord verteenwoordig. Hy vorm nie soos die primêre substantief 'n onmiddellike sinsbestanddeel ("immediate constituent") met die werkwoord nie. Indien hy eksplisiet in die sin voorkom, staan hy gewoonlik verder weg van die werkwoord as die primêre substantief.

Ons aanvaar hier nog steeds die beginsel dat wanneer daar twee nie-subjeksnomina in 'n sin verskyn, dié een wat nie deur 'n skakel in die predikaat verteenwoordig word nie, die primêre substantief is. Die een wat wel verteenwoordig word, word as die sekondêre substantief beskou. Ons verskil hier dus lynreg van Hlongwane (1976 p. 65 e.v.). Wat ons beskouing verder versterk is die feit dat die primêre substantief, soos ons dit sien, altyd klisisgebonde is aan die predikaat. Hoewel die sekondêre substantief in die gesegde deur 'n skakel verteenwoordig word, of miskien juis dáárom, kan die substantief weggelaat word en word dit dus slegs implisiet betrek. Wanneer dit nou kom by die passiefmaking van SS S kry ons die volgende :

lentombazane ingenza inja (mina)
> (mina) ngenziwa inja yilentombazane.

Dit beteken dat die sekondêre (implisiete) naamwoord mina 'n voorwerp van die aktiewe sin moet wees, wat in die passiewe sin gevolglik die

onderwerp word. Maar nou bly daar nog die probleem om 'n passiewe sin te kry met inja as onderwerp. Dit beteken dat hy ook in die aktiewe sin nie 'n voorwerp kan wees nie. Die suspisie ontstaan dat dit ook soos die naamwoorde in SS C 'n naamwoord is wat funksioneel eintlik 'n deskriptief is i.p.v. 'n selfstandige naamwoord wat slegs subjek- en objekswalensies het. Dit is dan ook moontlik om die sin te herskryf as :

lentombazane ingenza njengenja (mina)

waarin die selfstandige naamwoord inja omgevorm kan word tot 'n afgeleide naamwoord njengenja. Soiets is nie moontlik met selfstandige naamwoorde wat funksioneel onderwerpe en voorwerpe van sinne is nie. Sintakties gesproke is inja dus 'n deskriptief.

2.10.5 Uit ons definisie van die primêre en sekondêre nie-subjeksnomen neem ons

aan dat umhlola in SS T₁ die primêre substantief is. Die sekondêre substantief is abantu wat trouens ook implisiet is. By 'n transformasie na die passief is die resultaat as volg :

amadoda azobabikela (abantu) umhlola
, umhlola uzobikelwa (abantu) ngamadoda

Ons neem dus aan dat umhlola in die aktiewe sin 'n voorwerp moet wees. Dit is hoogswaarskynlik dat die woord abantu in die passiewe sin overtal sal wees aangesien die passiewe transformasie nie die tweede skakel toelaat nie. Die spreker kan egter verkies om abantu die primêre substantief te maak. Dit beteken dan dat hy klisis tussen die werkwoordpredikaat en abantu bewerkstellig. Indien soiets gebeur, moet die tweede skakel in die predikaat ook gewysig word. Dit word nou die skakel van die sekondêre substantief, naamlik umhlola. Nou het ons 'n sin soos in SS T₂ :

amadoda azowubikela abantu umhlola

Hier kan nou 'n passiewe transformasie geskied :

abantu bazobikelwa umhlola ngamadoda.

Ons kan dus konstateer dat abantu in die nie-passiewe sin die voorwerp van die sin moet wees.

2.10.6 Uit wat vooraf gegaan het, het dit reeds geblyk dat ons telkens dié naamwoord wat klities aan die predikaat gebonde was, as die voorwerp beskou. Soos ons die saak sien, is dit dan die direkte voorwerp. Die tweede nie-subjeksnomen sal derhalwe die indirekte of belanghebbende voorwerp genoem word. So is in SS T_1 dan umhlola direkte voorwerp en abantu indirekte voorwerp. In SS T_2 is die rolle net mooi omgekeerd, met abantu as direkte voorwerp en umhlola as indirekte voorwerp. Hiermee is die saak egter nog nie klaar nie. Dit moet verder duidelik gestel word dat in SS T_1 umhlola die direkte voorwerp van die werkwoord -bika is wat in die predikaat verskuil is, terwyl

abantu die indirekte voorwerp van -bikela is. In SS T₂ is abantu die direkte voorwerp van -bikela, terwyl umhlola as indirekte voorwerp van -bikela geld. In hierdie laaste geval is die gedagte aan -bika nie so sterk soos in SS T₁ nie. Ons merk dus dat ons in hierdie tipe sinstruktuur twee voorwerpe het - een direk, die ander indirek, afhange van met watter een die predikaat klities verbind is.

2.10.7 In SS U kry ons 'n sin waarin daar geen eksplisiete tekens van 'n onderwerp is nie. Dit is 'n bevel en daar word aangeneem dat 'n koverte wena altyd teenwoordig is. Dit is egter moontlik vir hierdie tipe sin om die passieftransformasie te ondergaan :

indaba kaMdlaka 'die saak van Mdlaka,
iyeke laat staan dit'

> indaba kaMdlaka 'die saak van Mdlaka
mayiyekwe (nguwe) moet (deur jou) laat
staan word'

waarin die tweede persoon wena nou volgens reël die kopulatief nguwe word, en wat eksplisiet of implisiet kan wees. Ons merk dus hieruit dat indaba in die oorspronklike sin 'n voorwerp moet wees aangesien dit in die passiefkonstruksie 'n grammatiese onderwerp is. Ons weet dit deurdat 'n passiewe werkwoord slegs 'n onderwerpskakeel kan bevat.

2.10.8 In SS V lyk dit of daar 'n kombinasie van SS O en SS U kan wees. Bowendien is daar twee nie-subjeksnomina waarvan een in die predikaat verteenwoordig word. In die passieftransformasie is daar twee keuses :

	Ngqengelele, mvale umlomo uGala	'Ngqengelele, snoer Gala se mond'
	>Ngq. umlomo kaGala mawuvalwe/kawuvalwe (nguwe)	'Ngqengelele, Gala se mond moet (deur jou) gesnoer word'
of	>uGala makavalwe umlomo (nguwe) Ngq.	'Wat Gala betref, sy mond moet (deur jou) gesnoer word'

Ons moet dus toegee dat, gesien die twee moontlikhede, umlomo sowel as uGala 'n voorwerp moet wees. Verder is, volgens definisie, umlomo die direkte voorwerp terwyl uGala die indirekte voorwerp moet wees. Opvallend is egter dat in die sinne hierbo, beide aktief en transitief, daardie een waarin uGala nie deur 'n skakel in die werkwoordpredikaat verteenwoordig word nie, daar gebruik gemaak word van 'n possessiefkonstruksie : umlomo kaGala.

2.10.9 Opsommenderwys gee ons voorbeelde van sinne waarin gevind is dat hulle nie die passieftoets kan deurstaan nie, d.w.s. waar die nie-subjeksnomen nie die voorwerp van die sin is nie. Hierby word gerieflikheidshalwe ook twee voorbeelde met kopulatiewe gegee :

uMdlaka efela ubala
abantu baphenduke amazimuzimu
imikhonto ligcwele igazi
inhliziyo iyandiza ukujabula (kop.)

abantu banyathelana ubuningi (kop.)
umuntu uzosakazeka ikhanda
lentombazane ingenza inja

Noukeurige betragting van hierdie naamwoorde lei 'n mens dan ook tot die rede waarom hulle nie voorwerpe van die predikaat is nie. Dit is omdat hulle beskrywend t.o.v. die predikaat optree, hetsy as lokatiewe of as deskriptiewe naamwoorde van hoedanigheid. Dit is moontlik dat sinne gevind kan word waar selfstandige naamwoorde in ander beskrywende verhoudings tot die gesegde kan staan. Ons dink byvoorbeeld aan 'n baie algemeen gebruikte geval waarin die snw. izolo as 'n deskriptiewe naamwoord teenoor die predikaat van 'n sin optree om die tyd aan te dui toe 'n handeling plaasgevind het :

ubaba uhambe izolo 'Vader is gister
weg'

Wat die kopulatiewe betref, sluit dit aan by wat Doke (1963, p. 253) die adverbiale gebruik van kopulatiewe noem. Onses insiens is die kopulatief in hierdie tipe geval 'n verboë deskriptiewe naamwoord.

2.11 ANDER TOETSE.

2.11.1 Een van die toetse wat toegepas kan word om vas te stel of 'n nie-subjeksnomen 'n voorwerp is of nie, is om te kyk of sodanige naamwoord in die predikaat deur sy skakel verteenwoordig kan word. Uit die staanspoor moet gemeld word dat hierdie toets nie onfeilbaar is nie. Getuie hiervan is die sin

ihembe liyawunuka	'die hemp ruik erg
umjuluko	na sweet'

In hierdie sin word na umjuluko verwys d.m.v. die skakel -wu-. Maar die passieftoets lewer die ongrammatikale en onsinnige :

⁺umjuluko unukwa yihembe

Voorbeelde soos hierdie maan ons om uiters omsigtig in ons beskrywing van die taal te wees.

In die geval van liyawunuka is dit die sterk begeerte om die predikaat te benadruk wat die spreker noop om juis die -ya- vorm van die werkwoord in die gesegde te gebruik. Maar a.g.v. die feit dat wanneer 'n selfstandige naamwoord ná 'n lang vorm gebruik word, dit byna altyd 'n voorwerp is, word na analogie hiervan die skakel van die volgende naamwoord in die predikaat gebruik. 'n Mens wil nie graag analogie as 'n rede vir taalverskynsels byhaal nie, maar in hierdie geval lyk dit m.i. geregverdig. N.a.v. gevalle soos die pasgenoemde moet daar dus twee maal gedink word voordat 'n skakel wat in die voorwerpsposisie verskyn 'n voorwerpskakel genoem word.

2.11.2 Met hierdie versigtigheid t.o.v. sogenaamde voorwerpskakels in gedagte kan ons nogtans probeer om die voorwerpskakeltoets toe te pas. As ons dan die sinne in par. 2.10.9 aan hierdie toets onderwerp kry ons die volgende :

+ ... uMdlaka elufela ubala
+ abantu bawaphenduke amazimuzimu
+ igazi liyigcwele imikhonto
+ umuntu uzolisakazeka ikhanda

Ons merk dus dat die selfstandige naamwoorde in voorwerpsposisie nie voorwerpe kan wees nie. Hierdie toets dien dus as verdere bevestiging van die passieftoets. Dit is natuurlik uit die aard van die saak onmoontlik om die toets toe te pas op die sinne wat 'n post-predikatiewe kopulatief het. Verder moet ons daarop let dat die laaste sin in 2.8.2 SS S nog nie onder bespreking gekom het nie :

lentombazane	'hierdie meisie
ingenza inja (mina)	maak van my 'n hond'

Hier het ons wel 'n voorwerpskakel in die vorm -ngi-. Dit is egter die skakel van die implisiete voorwerp mina. Die punt wat ons hier wil uitlig, is dat daar nie 'n skakel wat inja verteenwoordig in die sin gebruik kan word nie. 'n Sin soos die volgende is onmoontlik :

⁺lentombazane iyayenza inja (mina).

Indien ons egter hierdie toets by die ander sinne wat hierdie patroon volg, sou toepas, kry ons 'n positiewe reaksie. So kry ons byvoorbeeld in SS C dat die predikate van die volgende sinne heel geredelik die skakel van die post-predikatiewe selfstandige naamwoord kan opneem :

abantu besaba into 'die mense vrees
iets'

izithunywa zihlaba 'die boodskappers
umkhosi maak alarm'

kan herskryf word as :

abantu bayayesaba into
izithunywa ziyawuhlaba umkhosi

2.11.3 'n Derde toets wat toegepas kan word, is om die predikaat te omskep in 'n bevelvorm met die skakel van die nie-subjeksnomen daarin. Voorbeelde wat geredelik na vore kom, is byvoorbeeld :

Wuhlabe umkhosi! 'Maak alarm!'
Babikele abantu 'Meld die gebeure
umhlola! aan die mense!'
Mthengisele impahla!
'Verkoop die goed
aan hom!'
ens. ens.

Ons het trouens in die sintaktiese strukture voorbeelde van hierdie bevelvorm teengekom t.w. SS O, SS U en SS V. Hierdie toets is miskien die mins bevredigende om toe te pas. As gevolg van die inherente semantiese kenmerke wat werkwoorde het, kan hierdie prosedure nie oral werk nie. Dit sou miskien goed gebruik kan word by werkwoorde wat 'n handeling aandui, of selfs 'n proses, maar dit val moeilik te besien hoe 'n toestandswerkwoord die toets sal deurstaan sonder om eienaardig of selfs verspot te klink. Daar kan byvoorbeeld nog gesê word

Yesabe uNkulunkulu! 'Vrees die Here'

maar om te sê

Yesabe into! 'Vrees die ding!'

wil nie mooi in die taalgebruik opgaan nie.

2.11.4 Ons sou wou volstaan met die passiwiteitstoets as van deurslaggewende belang, terwyl ons die ander toetse slegs as newemiddele wil sien om die passieftoets aan te vul.

2.12 GEVOLGTREKKINGS.

2.12.1 Van die eerste gevolgtrekkings wat ons kan maak, het betrekking op die naamwoord wat onmiddellik ná die predikaat gebruik word. In die meeste gevalle is sodanige naamwoorde klities gebonde aan die predikaat. Sintakties gesproke is daar slegs twee soorte naamwoorde wat op 'n gesegde volg. Hulle is :

- (i) voorwerpe
- (ii) deskriptiewe

Voorwerpe kan slegs selfstandige naamwoorde wees, of infinitiefgroepe wat elk sy eie interne sintaktiese struktuur kan hê. Deskriptiewe kan alle soorte naamwoorde wees: selfstandige naamwoorde of verboë naamwoorde (d.w.s. kopulatiewe, byvoeglike naamwoorde, "relatiewe", possessiewe ens.) Wanneer 'n deskriptief 'n selfstandige naamwoord is, kan hy as deskriptief uitgeken word deurdat die sin waarin hy staan nie die passiewe transformasie kan ondergaan nie. M.a.w. so 'n selfstandige naamwoord kan nooit die onderwerp van 'n ooreenstemmende passiefsin word nie. Bykomende toetse soos die voorwerpskakeltoets en die beveltoets kan help om die passieftoets te bevestig. Indien daar eers vasgestel is dat 'n selfstandige naamwoord 'n voorwerp is, kan verder vasgestel word of dit 'n direkte of indirekte voorwerp kan wees. Die indirekte voorwerp kom gewoonlik saam met 'n direkte voorwerp in 'n sin voor, en is dikwels implisiet.

In die uitkenning van die in/direkte voorwerp is daar enkele kriteria wat van toepassing is :

- (i) indien daar twee voorwerpe in die sin voorkom, sal dié een wat klities aan die predikaat verbind is die direkte voorwerp wees, terwyl die ander een indirek is. Kyk SS T₁ en T₂, en SS V.

- (ii) indien daar slegs een voorwerp in die sin voorkom, eksplisiet of implisiet, word hy 'n direkte voorwerp genoem, ongeag klisis. Dit geld vir enkele sinne in SS C, en dan in die volgende SSe : H, I, L, M, N₁ en 2, O en U.

Dit wil verder voorkom of sekere Zoeloewerkwoorde wat die morfeem -el- openbaar in die passiewe vorm -elw- 'n voorwerp kan neem. Hierdie tipe

predikaat is in SS D behandel. 'n Passief-toets is hier onmoontlik aangesien die gesegde reeds in die lydende vorm staan. Soos alle passiewe predikate kan hierdie een ook nie 'n ekstra skakel in hom opneem nie. Die voorwerp hier bly egter direk.

2.12.2 Noudat daar uitsluitel verkry is oor sekere nie-subjeksnomina en kopulatiewe wat sintakties as deskriptiewe beskryf kan word, kan die getal sinstrukture tot slegs ses gereduseer word. Hulle is :

1. Kern + zero (SS A)
2. Kern + deskriptief (SS B, C, E, F, G, K₁, K₂, P, R)
3. Kern + voorwerp (SS C, D, H, I, L, M, N₁, O, U)
4. Kern + subjek (SS J)
5. Kern + deskr. + voorw. (SS N₂, Q, S)
6. Kern + voorw. + voorw. (SS T₁, T₂, V)

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat alle sintaktiese groeperinge om die Zoeloepredikaat tot een van bogenoemde strukture sal behoort.

H O O F S T U K D R I E

EMFASE EN FOKUS

3.1 INLEIDING

3.1.1 Uit die talle voorbeeldsinne in die vorige hoofstukke het dit reeds opgeval dat daar nie 'n eensoortige opeenvolging van woorde in die Zoeloesin bestaan nie. As rede vir die verskillende sinspatrone word dikwels losweg aangevoer dat die woordorde omgewissel word ter wille van beklemtoning. Wanneer verdere navraag op indringender wyse gedoen word, blyk dit gewoonlik dat daar onduidelikheid bestaan oor wat beklemtoning eintlik is. Ander terme wat gebruik word is nadruk, emfase, of selfs klem. Dit lyk verder of daar nie net onsekerheid bestaan oor wat met hierdie terme bedoel word nie,

maar dat daar ook verwarring heers met wat in hierdie studie fokus genoem word. Dit sal dus nodig wees om 'n duidelike verskil tussen nadruk, beklemtoning en emfase aan die een kant, en fokus aan die ander kant te tref. Ons beskou nadruk, beklemtoning en emfase as sinoniem met mekaar. Die term klem word in ons sienswyse anders beoordeel. Volgens ons siening is dit die verskynsel wat byvoorbeeld in Afrikaans en Engels voorkom, en waar 'n spesifieke lettergreep van 'n woord luider, op 'n hoër toonhoogte en met kragtiger stem, d.w.s. met groter intensiteit as die orige lettergrepe uitgespreek word. Omdat Zoeloe gebruik maak van 'n toonstelsel wat gepaard gaan met lengte op sekere sillabes, en wat merendeels onder sintaktiese voorwaardes geskied, wil dit voorkom asof die taal nie behoefte aan klem het nie. Ons sal egter op 'n enkele geval of wat wys waar ons wel van klem in Zoeloe kan praat. As gevolg van die byna algehele afwesigheid van klem sal daar gevolglik nie daaroor gepraat word nie. Wat emfase betref, geld dit egter nie net

'n lettergreep in 'n woord nie; dit het betrekking op die hele woord of selfs 'n woordgroep. Die aard en inhoud van emfase sal mettertyd noukeuriger bespreek word. Wanneer ons oor fokus praat, kan die vraag ontstaan of dit nie ook maar 'n vorm van emfase is nie. In hierdie studie word daar 'n duidelike onderskeid getref tussen emfase en fokus. Elk is 'n eiesoortige verskynsel wat in die Zoeloosin aangetref word, en elk het sy eie afsonderlike funksie in die sin. Hoewel hulle as afsonderlike entiteite beskou word, gebeur dit dikwels dat hulle interafhanklik optree, en soms selfs saamval op 'n sinsmoment. Dit behoort verder aan al duideliker te word.

3.2 EMFASE.

3.2.1 Die standpunt word hier ingeneem dat emfase in Zoeloe eksplisiet

aangedui word, m.a.w. emfase word "gemerkt". Dit geskied by sowel die predikatiewe as die ekstra-predikatiewe gedeelte van die sin. Uit die aard van die verhandeling sal ons dit hier meer hê oor emfase by die gesegde. Daar sal egter kortliks iets oor emfase by naamwoorde gesê word. Dit word uitsluitlik gedoen om die veld duidelik af te baken sodat wanneer fokus onder bespreking kom, dit nie dalk met emfase verwar kan word nie.

Emfase by die naamwoord.

3.2.2 Emfase is 'n taalverskynsel wat in 'n kontrasterende hoedanigheid werk saam is. By naamwoorde werk dié fenomeen paradigmaties. Ons illustreer dit met die volgende sin :

yena wabuthatha	'juis hy het hierdie
ubukhosi lobu	bewind oorgeneem'

Ons behandel eers die absolute voornaamwoord yena wat o.i. 'n woord is wat bloot ter wille van die emfase in hierdie sin gebruik word. Uit die breëre konteks weet die hoorder dat hierdie yena die Zoeloveldheer en -koning is, naamlik uShaka. Die voornaamwoord yena dra dus nie verder by tot die leksikale inhoud nie. Die sin kon sonder yena gesê gewees het:

wabuthatha	'hy het hierdie
ubukhosi lobu	bewind oorgeneem'

Hoewel die hoorder weet dat dit Shaka is, ook deur die skakel wa-, word yena nogtans gebruik. Deur hierdie voornaamwoord te gebruik, word die hoorder se aandag nie by Shaka bepáál nie - dit is reeds gedoen toe die naam uShaka die eerste keer genoem is - maar sy aandag word toegespits op die reeds bekende Shaka. En wel só dat die hoorder moet weet dis nie sommer net iemand met die naam uShaka nie, maar juis daardie einste Shaka van wie gepraat word en

niemand anders nie. Die kontraswerking bestaan dan daarin dat daar teenoor 'n gewone algemene vermelding van iemand se naam hier nou die pertinente verwysing daarna is. Dit kan verder ook gesien word as die kontras tussen juis hy en niemand anders nie. Dit is dan die funksie van emfase : om die "ding" waarvan gepraat word, kontrasterend of in implisiete opposisie te stel teenoor ander "dinge" van dieselfde soort, dit as't ware uit te lig uit al die moontlikhede wat by 'n hoorder mag opkom. Dit word gedoen om te verseker dat die hoorder onmiddellik moet weet van watter spesifieke "ding" gepraat word.

3.2.3 In dieselfde aangehaalde sin verskyn ook die demonstratief lobu.

Dit kon ook weggelaat gewees het, maar dan sou daar net 'n algemene stelling gewees het oor die oornam van 'n bewind. Deur die demonstratief lobu te gebruik, word daar 'n paar dinge duidelik :

- (i) ons weet dadelik dat daar reeds vantevore oor ubukhosi gepraat is;
- (ii) wát vantevore oor ubukhosi gesê is, is anders as wat nou daaroor gesê word, naamlik -thatha; en
- (iii) hierdie ubukhosi word in oënskou geneem en word onderskei van enige ander bewind wat nog bestaan, dit word m.a.w. gespesifiseer.

Deurdát al hierdie bykomende maar weliswaar implisiete inligting deur die demonstratief lobu vrygestel word, verkry die naamwoord ubukhosi 'n nadruk wat dit nie andersins sou gehad het nie.

3.2.4 Dit is egter nie net absolute voor-
naamwoorde en demonstratiewe wat ter
wille van emfase gebruik word nie. Dit wil voor-
kom of die kwantitatiewe pronomens ook 'n woord-
soort is met inherente emfatiese eienskappe.
Laat ons die volgende sinne betrag :

manje kwase	'en nou het dit
kumhanye <u>wonke</u>	vir elkeen duide-
umuntu	lik geword'

nanko-nje umbuzo	'dít was dan die
owawubajulukisa	vraag wat almal
<u>bonke</u>	laat sweet het'

Uit die aard van die betekenis van hierdie kwan-
titatiewe is dit miskien moeiliker om te sien
hoe die kontraswerking na vore tree. Tog is
dit veral in die eerste sin duidelik waarneem-
baar. Hier word elke mens as enkeling gesien
en kontrasterend voorgehou teen die agtergrond
van alle mense. Hierdeur word 'n soort reliëf
bereik wat emfase tot gevolg het. In die tweede
sin is dit nie elke keer die enkeling wat aan
die beurt kom totdat die ganse mensdom gedek

is nie. Hier is dit eerder die ganse groep waarvan gepraat word wat met een enkele haal in die betekenismoment ingesluit word. En sodoende kry ook bonke emfatiese inhoud.

3.2.5 Afgesien van die absolute voornaamwoord, die demonstratief en die kwantitatief skyn daar enkele naamwoordstamme te wees wat t.o.v. hulle leksikale inhoud emfase manifesteer. Hulle tree gewoonlik beskrywend op. Sommige van hierdie woorde is die volgende :

<u>ugobo lwa-</u>	'die einste, die ware, wesenlik'
ukhuluma isiZulu ugobo lwaso	'hy praat egte idiomatiese Zoeloe'
<u>isibili sa-</u>	'die einste, in wese, in lewende lywe'
sabona yona inkosi isibili sayo	'ons het die koning in lewende lywe gesien'
<u>mathupha</u>	'in eie persoon, persoonlik'
umlungu uzisebenzela mathupha engadini	'die witman werk self in die tuin'

<u>insini</u>	'hard en spottend lag'
uma ezwa lokho yahleka insini intombi	'toe die meisie dít hoor, het sy gespot-lag'
<u>kuphela</u>	'slegs, alleenlik'
Ngifuna ezibomvu kuphela	'ek wil alleenlik die rooies hê'
<u>impela</u>	'waarlik, werklik'
impela uyasazi isiZulu	'waarlik, jy ken Zoeloe'
<u>ngempela</u>	'waarlik, werklik'
wazi isiZulu ngempela	'hy ken Zoeloe werklik goed'

Dit is duidelik dat hierdie laaste drie woorde semanties verband hou met mekaar. Daar is ook die alledaagse woorde soos nje 'só, op hierdie wyse' wat as emfatiese woorde beskou kan word. Moontlik is daar nog enkele woorde wat as volledige woorde ingespan word om emfase êrens in die sin teweeg te bring.

3.2.6 Afgesien van volledige woorde maak Zoeloe meestal gebruik van sekere vormelemente om emfase te bewerstellig. By die

naamwoord is twee van die algemeenste die morfeem na- 'ook selfs' en ook die stam -nye 'een, ander'. In albei hierdie gevalle word kontrasterende implikasies oorgedra : in die eerste geval bykomend tot dié waaroor reeds gepraat is

<u>nabafazi</u> bawubonile umlilo	'ook die vroue - bo en behalwe die ander mense - het die vuur gesien'
--------------------------------------	--

en in die tweede geval teenstellend tot dié waaroor reeds gepraat is

<u>abanye</u> abafazi bawubonile umlilo	'ander vroue - nie dié waaroor pas ge- praat is nie - het die vuur gesien'
--	---

Deurdat daar so 'n sterk interafhanklikheid tussen die predikaat en die naamwoorde van 'n sin bestaan, sal daar in die volgende paragrafe weer eens naamwoorde onder die soeklig kom, hoewel die predikaat die eintlike besprekingspunt sal wees.

Emfase by die werkwoord-predikaat.

3.2.7 Die predikaat staan so sentraal in die Zoeloesin dat mens soms wonder of dit ooit nodig is dat hy aan emfase onderworpe kan wees. Tog blyk dit dat daar wel 'n behoefte bestaan om die handeling, proses of toestand soms kontrasterend te stel teenoor ander handelinge, prosesse, ens.

Die vormelement -ya-

3.2.8 Ons kan dit die beste illustreer deur enkele voorbeelde teenoor mekaar te stel :

Nomalanga, ngikubuza kahle ukuthi uyini wena noNgqengelele	'hom, ek vra jou mooi; wat het jy te doen met Ngq.'
Ngiyabuza ngithi uyini wena noNgq.	'Ek vra, wat het jy te doen met Ngq.'

Hierdie twee sinne kom enkele reëls uit mekaar in Dhlomo se boek voor. Dit gaan hier om die gesegde wat van die werkwoordstam -buza gevorm word. As ons die twee predikate vergelyk, moet ons konstateer

dat die tweede, die sg. langvorm ngiyabuza, meer beklemtoon word as die kortvorm ngikubuza in die eerste sin. By nadere ondersoek vind ons dat dit in die eerste sin nie gaan om die vraery nie, maar om die wyse waarop gevra word. Daarom dat die woord kahle van meer belang is as ngikubuza. In die tweede sin egter word die nadruk spesifiek op die handeling ngiyabuza gelê. Die hoofkarakter Gala wat die woorde sê, wil daarmee duidelik laat blyk dat hy nie sê, beweer, praat, ens. nie, maar dat hy vra. Die handeling -buza moet duidelik aan sy hoorder Nomalanga oorgebring word in teenstelling met enige ander soort spraakuiting of selfs handeling. En om hierdie soort implikasie te verkry, gebruik die Zoeloetaal die vormelement -ya-. Dit dien daarop gelet te word dat 'n sin soos

⁺ngiyakubuza kahle ukuthi 'ek vra (nou) vir
uyini wena noNgqengelele jou, mooi, wat het
jy te doen met
Ngq.?'

nie vir Zoeloe aanvaarbaar is nie. Wel is die sin sonder kahle aanvaarbaar :

ngiyakubuza ukuthi	'ek vra (nou) vir
uyini wena	jou, wat het jy te
noNgqengelele	doen met Ngq.?'

of as volg :

ngiyabuza ukuthi	'ek vra, wat ...'
uyini ...	

Hierdie toedrag van sake bestaan omdat die vormelement -ya- benewens die funksie om emfase aan te dui ook die funksie het om sinsvolledigheid aan te dui. Om hierdie rede kan die beskrywingswoord kahle nie saam met die lang vorm gebruik word nie. Om op te som kan ons sê dat ons in elk van hierdie voorbeelde eintlik twee sinne het wat saamgevoeg word deur die voegwoord ukuthi. Om die klisis rondom -buza uit te beeld word ten slotte die merkkonvensie van hoofstuk twee toegepas. Dan lyk die drie voorbeelde so :

- (i) ... ngikubuza kahle ≠ ukuthi ...
- (ii) ngiyabuza ≠ ukuthi ...
- (iii) ngiyakubuza ≠ ukuthi ...

Die vraag kan wel gestel word oor wat dan aan die gang is as mens die volgende twee heeltemal aanvaarbare sinne teenoor mekaar stel :

- (i) ngikubuza manje ukuthi ...
- (ii) ngiyakubuza manje ukuthi ...

Hoekom is 'n sin soos (ii) aanvaarbaar terwyl

⁺ngiyakubuza kahle ukuthi ...

nie aanvaarbaar is nie? Volg hulle dan nie dieselfde sintaktiese reël nie? Die antwoord lê daarin dat manje in die eerste sin 'n ander betekenis het as in die tweede sin. In die eerste sin is dit 'n onskrywingswoord wat tyd aandui wanneer die handeling plaasvind, d.w.s. "ek vra jou nou of ...". In die tweede sin is manje nie 'n tydswoord nie, maar 'n woord wat soos 'n modale bywoord in Afrikaans optree. Dit dui 'n sekere houding by die spreker aan en kan min of meer vertaal word as : "terloops, ek vra jou dan of ...". Daar bestaan

geen klisis tussen hierdie manje en die predikaat
nie. Daarom kan hy ook van die post-predikatiewe
na die pre-predikatiewe posisie verskuif :

Manje ngiyakubuza
ukuthi ...

'Ek vra jou dan
nou of ...'

Ons sluit hierdie gedeelte af met die volgende
voorbeeldsin :

"Kuyangethusa nami
lokho, Gala,"
kuphendula
uKomfiya

' "Daardie (saak) laat
vir my ook skrik,
Gala," antwoord
Komfiya'

In hierdie sin word nie net die handeling met die
werkwoordelike morfeem -ya- beklemtoon nie, maar
ook die voornaamwoord mi(na)kry nadruk d.m.v. die
morfeem na-. Die deïktiese demonstratief lokho
is in sy geheel 'n woord met emfatiese inhoud.
Oor konstruksies soortgelyk aan kuphendula uGala
sal ietwat later meer gesê word.

Die vormelement -il-

3.2.9 Wat ons gesê het i.v.m. die vormelement
-ya- geld ook t.o.v. die vormelement

van die lang perfektum -il-. Dit is nie nodig om alles weer te herhaal nie. Ons hoef slegs van die voorbeeldsinne met -ya- in die perfektum te plaas om te sien dat dieselfde beginsel hier van toepassing is :

Nomalanga, ngikubuze kahle ukuthi uyini wena noNgqengelele	'Nom., ek het jou mooi gevra wat jy te doen het met Ngq.'
Ngibuzile ngithi uyini wena noNgq.	'Ek het gevra, wat het jy te doen met Ngq.'
"Kungethusile nami lokho, Gala," kuphendule uKomfiya	"Daardie (saak) het my ook laat skrik, Gala, het K. geant- woord.'

Voordat ons afstap van -ya- en -il- moet ons ons standpunt stel t.o.v. die gebruik van hierdie vormelemente wanneer die predikaat slegs met 'n onderwerp saam in die sin gebruik word. Dit is naamlik verpligtend dat wanneer die gesegde met slegs 'n onderwerp gebruik word, die sg. lang vorm in die spraakuiting tot uitdrukking moet kom. Die vraag is nou of die "gemerkte" vorme met -ya- en -il- ook in hierdie geval emfase aandui. Ons mening is dat dit wel so is, en verder nog 'n

emfase wat paradigmadies kontrasteer. Die gesegde bayahamba in die sin bayahamba abantu staan in emfatiiese teenstelling tot kuhamba in kuhamba abantu. In die uitdrukking bayahamba abantu word die handeling beklemtoon terwyl dit nie die geval in die tweede voorbeeld kuhamba abantu is nie. Inderwaarheid word in hierdie laaste voorbeeld die onderwerp abantu beklemtoon omdat dit 'n implisiete kontras vorm met enige ander naamwoord wat die handeling -hamba kan uitvoer. Indien hierdie twee konstruksies in die negatief geplaas word, kry ons 'n interessante verskynsel. Die negatief van

bayahamba abantu > abahambi abantu

waarin die handeling kontrasterend optree teenoor 'n ander handeling, byvoorbeeld

abahambi abantu, bayasala/bayagibela/ ens	'die mense loop nie; hulle bly/ry ens. '
--	---

Die nadruk bly dus steeds op die handeling.

Indien ons egter die stelling

kuhamba abantu 'daar loop mense'

negatief wil maak, staan ons voor 'n probleem.
Daar bestaan nie 'n negatiewe eweknie vir kuhamba
soos vir bayahamba nie. Dit is verdere steun
vir ons siening dat kuhamba nooit beklemtoon kan
word nie, maar wel abantu. As ons die sin dan
negatief wil maak, is daar twee moontlikhede :

kuhamba izilwane 'daar loop diere,
hayi abantu nie mense nie'

of

akubantu abahambayo 'dis nie mense wat
loop nie'

Uit albei hierdie voorbeelde kan gesien word dat
dit die naamwoord abantu is wat negatief gemaak
word, en nie die werkwoord -hamba nie. Dieselfde
beginsel geld die perfektumvorme :

Pos: bahambile abantu > Neg: abahambanga abantu
kuhambe abantu > kuhambe izilwane, hayi
abantu
of > akubantu abahambile

Ons sal later sien dat die konstruksie kuhamba abantu en alle ander wat op dieselfde beginsel gevorm word, nie net t.o.v. die naamwoord aan emfase onderworpe is nie, maar ook aan die verskynsel wat bekend staan as fokus.

Die hulpwerkwoord -zange 'nooit'

3.2.10 Hierdie hulpwerkwoord en sy variante -bonange, -bange, -bonaze, -vange, ens. kontrasteer altyd in sy gebruik met 'n ander hulpwerkwoord, naamlik -ke 'ooit, op 'n keer'. Dit is as gevolg van hierdie kontraswerking dat hy as emfaties aangevoel word. Die kontras bestaan eintlik daarin dat hierdie hulpwerkwoord gestel word teenoor die begrip "een keer", sodat wanneer -zange wel gebruik word, dit moet impliseer "selfs nie een keer nie." Anders as wat ons tot dusver gehad het, het ons hier 'n werkwoordstam met emfatiese eienskappe daarin. Ons gee 'n enkele voorbeeld :

kwavela umhlola
ongazange ubonwe
ezweni

'daar het iets gebeur
wat nog nooit in die
land gesien is nie'

Emfase by die naamwoord-predikaat

3.2.11 Dit is een van die kenmerke van Zoeloe dat die kopulatief gebruik word om emfase te bewerkstellig. 'n Eenvoudige vergelyking tussen twee sinne soos

- (i) abafana bashaya izinkomo 'die seuns jaag
beeste aan'
- (ii) ngabafana abashaya izinkomo
'dit is seuns wat
die beeste aanjaag'

toon duidelik watter emfase in ngabafana opgesluit lê. In die eerste sin word bloot vermeld dat seuns die beeste aanjaag. In die tweede sin waar abafana tot die kopulatiewe vorm ngabafana verbuig word, sien ons abafana in paradigmatische kontrasterende hoedanigheid optree teenoor byvoorbeeld izinsizwa 'jongmans', amadoda 'mans', abakhephayana 'wagttertjies', abantu 'mense', ens., m.a.w. dit impliseer dat al hierdie moontlike ander persone nie die beeste aanjaag nie, maar slegs die seuns.

Let op die emfase wat in die tweede sin hieronder verkry word wanneer die kopulatief yilapho ingevoeg word :

- (i) emhlahlweni kwakuphela khona abantu 'by die uitruiksere-
monie is die mense
verdelg'
- (ii) emhlahlweni yilapho kwakuphela khona abantu 'by die uitruiksere-
monie, dis dāār waar
die mense uitgedelg
word'

Ons haal hier weer 'n sin aan wat vroeër reeds behandel is. Hierdie keer wys ons op die emfase wat in die kopulatief vervat is:

Ngiyabuza ngithi uyini wena noNggengelele 'ek vra, wāt het jy
te doen met Ngq.'

Eintlik het hierdie sin drie instansies van emfase in hom :

ngiyabuza ngithi uyini wena noNgq.

Gepaard met lang lengte op die voorlaaste lettergreep van elke woord wat die emfase dra, is dit voorwaar 'n gewigtige vraag wat die hoorder 'n antwoord op sal moet gee. Ons gee 'n laaste voorbeeld waarin gesien kan word hoe Zoeloe drie emfasematige woorde gebruik om die naamwoord waarom dit gaan, sterk te beklemtoon. Die naamwoord is uNgomane :

uNgomane <u>lona</u> <u>nguye</u> <u>lowo</u> okwathi mhlá uShaka ...	'Hierdie Ngomane, dit is hý daardie, van wie gesê is op die dag toe Shaka ...'
---	---

Die Deĩktiese kopulatiewe predikaat.

3.2.12 Hierdie predikaat is by uitstek emfaties.

Daar is vier onderskeibare elemente wat help om die emfase teweeg te bring :

- (i) die na- morfeem
- (ii) die lengte (twee morae) wat altyd op die na- voorkom
- (iii) die demonstratiewe implikasie
- (iv) die kopulatiewe aanwending.

In sinne soos die volgende is die krag van hierdie vier elemente duidelik waarneembaar :

Kepha nanguya uMdlaka ephuma ngaphandle kwesango .. !	'maar dōér is Mdlaka besig om by die hek uit te gaan .. ! '
<u>Nangoke</u> umthakathi emile phambi kwenu, madoda	'En dāár dan, manne, is die towenaar wat hier voor julle staan'
<u>Nantiya</u> igwala elahlala phansi	'En daar is die lafaard wat gaan sit het ...'

Dit is te betwyfel of ons in hierdie geval van klem kan praat, hoewel dit soms klink asof die Zoeloespreker die na- gedeelte van die kopulatief met groter intensiteit uitspreek. Dit is in ieder geval nog nie eksperimenteel bewys dat hier 'n geval van klem is nie. Wat wel waar is, is dat die na- met lang lengte uitgespreek word. Dit is miskien die faktor wat die meeste bydra om emfase by hierdie tipe kopulatief te manifesteer. Ietwat later sal ons meer van klem hoor wanneer die ideofoon onder bespreking kom.

Die aanverwante predikaat.

3.2.13 Hier word die teenstelling wat kenmerkend van emfase is, bewerkstellig deur 'n werkwoord in die negatief te plaas. Dieselfde stam word dan onmiddellik daarop in die positiewe vorm van die infinitief gebruik. Die infinitief word met die emfatiese na- ingelei. Dit het tot gevolg 'n baie sterk emfase as gevolg van

- (i) die versterkende na-
- (ii) herhaling van dieselfde wortel
- (iii) negatief-positief opposisie
- (iv) werkwoord-naamwoord opposisie.

Ons gee slegs die volgende voorbeeld waarin al bogenelde eienskappe gesien kan word :

<u>Akanaki nokunaka</u> uGala	'Gala gee hoegenaamd
ukuthi ingoduso yakhe	nie om dat sy verloofde
imbuka ngokumeya	hom geringskattend aan-
	kyk nie.'

Die ideofoon.

3.2.14 Dat hierdie woordsoort in noue verband met die predikaat staan, kan nie betwyfel word nie. Met sy intensiferende konnotasies kan emfase

nie uitgesluit word nie. Die kontraswerking geskied hier op die graadas, t.w. die kontras tussen 'n handeling wat gewoonweg plaasvind teenoor een wat in 'n veel hoër graad geskied. In die sin

emile ethe thwi

help die ideofoon -thi thwi om die sterker graad aan te dui teenoor die gewone "staan", dit wil sê "botstil staan" teenoor "staan".

3.2.15 Hoewel nie alle ideofone emfaties optree nie, word 'n groot persentasie juis vir die doel van emfase aangewend. Dit is veral klankbeelde wat saam met beide onverboë en verboë naamwoorde gebruik word wat intensiferend en derhalwe emfaties optree. Kyk byvoorbeeld :

ukhuluma amanga aluhlaza <u>cwe</u>	'hy praat onbeskaamde leuens'
iduku elibomvu <u>klebhu/tsebhu</u>	'n bloedrooi doek'
umalume ungumuntu <u>saka</u>	'Oom is 'n man uit een stuk'

Al word die ideofoon selfs saam met 'n predikaat gebruik, is daar in die meeste gevalle tog nog 'n element van emfase by betrokke, soos byvoorbeeld in :

isaka lommbilalawa <u>lathi dinsi</u>	'die sak mielies het met 'n slag op die grond geval'
uqangabhodiya wawa <u>wathi jaa</u>	'die rysige man het plat op sy maag geval'
lamanzi aqanda <u>mo</u>	'hierdie water is yskoud'

Hoewel ons vroeër die stelling gemaak het dat ons nie van klem as sodanig kan praat nie, kan daarop gewys word dat ons by ideofone, soos by die deïktiese kopulatief, een van die weinige gevalle in Zoeloe vind waar ons wel van klem kan praat, d.w.s. waar ons 'n woord vind waar 'n lettergreep met meer krag en stem uitgespreek word as in die orige lettergrepe. By Zoeloeideofone word die eerste sillabe gewoonlik met klem uitgespreek. Let byvoorbeeld op die klemtekens in die tweeletter-grepige ideofone "klebhu/tsebhu, 'saka, 'dinsi. Uit die aard van die saak sal monosillabiese ideofone ook klem dra. Maar selfs meer-as-twee-sillabige klankbeelde het klem op die eerste lettergreep :

'ntinini	(dui aan : vinnig hardloop)
'gimbilici	(dui aan : omsingeling)
'gumbulukuqu	(dui aan : binneste - buite)

Dit is terloops interessant dat die toon van die ideofone soos deur Doke (1963, p. 255 e.v.) aangegee meestal in die lae register bly. Slegs by sekere mono-, di- en trisillabiese ideofone is daar gevalle waar die hoë toonregister betrek word.

Samevatting.

3.2.16 Uit die ondersoek het geblyk dat emfase by sowel die naamwoorde wat in verhouding tot 'n predikaat staan as die predikaat self kan voorkom. Daar is gevind dat emfase by beide die predikaat en die nie-predikaat deur overte middele gemerk word. Hierdie aanwysbare middele is volle woorde, woordstamme of vormelemente. Daar is geponeer dat hierdie emfatiëse middele altyd so gebruik word dat elkeen telkens 'n paradigmatische d.w.s. 'n leksikale kontras impliseer. Dit is trouens wat emfase is.

3.3. FOKUS.

3.3.1 Wanneer 'n sekere deel van die sin die fokus kry, verstaan ons daaronder dié deel van die sin wat die prominentste onder die aandag van die hoorder geplaas word. Fokus maak dus 'n beroep op die hoorder se aandag. Fokus beweeg hoofsaaklik binne die raamwerk van die konteks waarin 'n spraaksituasie plaasvind. Om die hoorder telkens op die regte spoor te hou, werp die spreker in bykans elke sin die lig op 'n bepaalde gedeelte van die sin. Dit is juis een van die wondere van taal dat dit die middele het om te keer dat 'n hoorder nie verdwaal raak in die magdom van woorde nie. Wat ons hier fokus noem is een van die middele wat taal gebruik om die hoorder se aandag te trek. Dit verskil van emfase daarin dat daar geen paradigmatische kontrastering teweeg gebring word nie, d.w.s. dis nie 'n woord of sinsdeel wat gebruik word tot bewuste uitsluiting van 'n ander wat moontlik sy plek kon ingeneem het nie. Daar is hoofsaaklik twee maniere waarop fokus in 'n sin bewerkstellig kan word. Hulle is :

- (i) die kort vorm van die predikaat
- (ii) woordomstelling.

Die gewone kort vorm.

3.3.2 Die kort vorm van die predikaat het 'n kataforiese werking, d.w.s. by die hoorder word 'n verwagting geskep wat bevredig moet word deur wat ná die predikaat gesê word. Sonder hierdie aanvulling bly die sin onvolledig en die gesegde hang as't ware in die lug. Laat ons die volgende sinne in oënskou neem;

- (i) inhliziyo 'sy hart ... popel
iphuphume intokozo van blydskap'
- (ii) izwi likaShaka 'Sh. se stem bevat
limumethe ulaka lodwa slegs woede'
- (iii) emahlombe efake yona 'oor sy skouers dra hy
iminqwamba juis die repiesmantel'
- (iv) abantu besaba into 'die mense is bang vir
efanele wat moet gebeur'
- (v) izinyoni lezi zintula 'hierdie voëls het
ukudla kos nodig'

Dit is eenvoudig net onmoontlik om die sin met die gesegde te eindig. Die Zoeloespreker en -hoorder het dan ook al geleer om 'n toevoeging ná die kort vorm van die gesegde te verwag. Sodoende word sy aandag bepaal by wat ná die predikaat kom. Die enkele woord of twee wat onmiddellik ná die gesegde kom, word dan die fokale punt van die sin. So is die belangrikste woorde in voorgaande sinne ten opsigte hiervan die volgende : intokozo, ulaka, yona imingwamba, into en ukudla. Die vraag kan wel gevra word of die woord wat ná die kort vorm van die predikaat gebruik word dan nie ook maar net soos by emfase enige ander moontlikheid uitsluit nie. 'n Mens kies tog per slot van rekening daardie besondere woord wat jy wil gebruik en nie 'n ander nie. Dit is wel waar; maar die oogmerk by die spreker is nie dieselfde as by emfase nie. Wanneer 'n spreker die kort vorm van die werkwoord in die gesegde gebruik, doen hy dit om tesame met die werkwoord 'n stukkie nuwe informasie aan die hoorder oor te dra. Hy kies dan een van duisende moontlikhede waarvoor hy woorde in sy taal besit. Ná sy keuse het al die ander moontlikhede, en derhalwe woorde,

outomaties verval en hy dink daar nie verder om nie. Hy het m.a.w. 'n enkele woord gekies uit die duisende waarmee hy sy konkrete en abstrakte wêreld kan verwoord. So het hy dan die hoorder se aandag getrek op een enkele punt. Hy het fokus toegepas. By emfase werk dit anders. Emfase kan eers toegepas word nadat fokus werkzaam was. Nadat 'n woordkeuse gemaak is, kan die spreker besluit of hy die ding waaroor hy praat nader wil spesifiseer. Soos ons gesien het, doen hy dit deur so 'n voorwerp by implikasie te kontrasteer met ander van dieselfde soort. Dit word dus 'n spesifikasie binne die soort, terwyl fokus 'n keuse is uit die ganse wêreld van woorde. Ons kan dit illustreer met die sin

emahlombe efake yona imingwamba

hierbo. Uit die konteks waaruit hierdie stukkie sin kom, weet die leser of hoorder dat die woord imingwamba 'repiesmantel' deur die spreker/verteller uit sy Zoeloe-taalskat uitgekies is. In hierdie betrokke sin is dit vir die sin self weer 'n stukkie nuwe inligting, maar die spreker wil iets bysê.

Hy weet maar alte goed dat daar nie net een re-
piesmantel onder die Zoeloes bestaan nie. Hy
weet ook dat sy hoorders van die bestaan van sulke
kledingstukke bewus is. Uit die konteks wil
dit voorkom asof spreker en hoorder/s daarvan bewus
was dat Mlilo die uitruiker meer as een skouer-
mantel gehad het. Deur nou te spesifiseer met
gebruikmaking van die absolute voornaamwoord
yona, word van alle mantels juis hierdie een aan
die hoorder opgedring. Emfase beslaan dus 'n
kleiner terrein, terwyl fokus die ganse terrein
van die perseptuele wêreld tot sy beskikking het.
By imingwamba het ons dus 'n geval waar fokus sowel
as emfase aangewys kan word. Ons sal egter later
meer te sê hê oor die plekke waar fokus en emfase
saamval in die sin.

Woordomstelling.

3.3.3 Dit is op verre na die algemeenste manier
waarop fokus in die Zoeloesin verkry word.
Dit kom eenvoudig daarop neer dat wanneer jy die
hoorder se aandag op iets wil bepaal, jy daardie
iets, of dan die woord/e wat jy daarvoor gebruik,

eerste noem. Dit is dan die eerste woord/e wat die fokus in die sin dra.

3.3.4 Ons het reeds gemerk dat daar sterk klisis bestaan tussen die predikaat in die kort vorm en die woord wat op hom volg. Hulle is klities onskeibaar. As gevolg hiervan bestaan daar 'n rigiditeit in die sin en word die kans vir woordomstelling erg gestrem. Ons het reeds gesê dat in 'n sin met die gesegde in die kort vorm die fokus op die woord onmiddellik ná die predikaat val. In die lig weer van wat ons gesê het i.v.m. voorplasing moet ons die volgende sinne heroorweeg :

- (i) inhliziyo iphuphume intokozo
- (ii) izwi likaShaka limumethe ulaka lodwa
- (iii) izinyoni lezi zintula ukudla.

Hier skyn nou 'n teenstrydigheid te wees deurdat die fokus byvoorbeeld in sin (i) op intokozo val a.g.v. sy opeenvolging op die kort vorm van die gesegde, maar ook op inhliziyo uit hoofde van die

feit dat hy die sin inlei en dus voorop gestel word. Dit hoef ons egter nie te pla nie as ons besef dat inhliziyo (asook izwi, en izinyoni in die ander sinne) op een van twee maniere aangewend word :

- ðf (i) die heel eerste keer in die diskoers
- ðf (ii) as 'n herinnering aan die hoorder,

in welke geval dit dan reeds vantevore in die konteks genoem is. In die eerste geval sal die subjek d.w.s. inhliziyo, izwi, izinyoni ens. nuwe inligting wees en dus saam met die res van die sin die fokus hê (cf. Chafe 1971, p. 223 e.v.) Watter deel van die sin nou meer fokus as die res sal hê is moeilik om te bepaal. In die tweede geval is inhliziyo ens. nie nuwe inligting nie, maar die spreker plaas tog fokus op die subjek. Die resultaat hiervan is dieselfde as in die eerste geval, d.w.s. die subjek, predikaat en post-predikatiewe nomen kry fokus. Hier moet egter gekonstateer word dat hierdie tipe sin - met die woordorde subjek → predikaat → objek - slegs in ongeveer 10% van alle Zoeloesinne voorkom. Dit is verbasend as die feite wat in

hoofstuk twee aan die lig gekom het in aanmerking geneem word. Dáár kon duidelik bepaal word dat die basiese woordorde wel die opeenvolging subjek → predikaat → objek of dan wel subjek → predikaat → deskriptief realiseer. Maar as gevolg van die verskynsel fokus word hierdie woordorde meestal omver gegooi. In 'n ondersoek wat nog nie gepubliseer is nie, is gevind dat wanneer die drie sintaktiese kategorieë subjek, predikaat, objek in hierdie volgorde voorkom, dit gewoonlik onder sekere omstandighede plaasvind. Twee van die vernaamste omstandighede is die volgende :-

- (i) in 'n bysin ná 'n inleidende voegwoord
- (ii) in 'n bysin of hoofsin op voorwaarde dat die subjek deur 'n emfatiese voornaamwoord of vormelement versterk word.

'n Voorbeeld van (i) is soos volg :-

...uzoyitshela kanjani	'... hoe sal jy die
iNkosi ukuthi uMlilo (S)	koning vertel dat
wenze (P) iphutha (O)?	Mlilo 'n fout begaan
	het?'

Voorbeelde van (i) en (ii) is die volgende :

Konje ingabe ninovalo yini <u>lokuthi umhlahlo</u> <u>lowo (S) uzokhomba</u> <u>(P) abanye (O)</u> phakathi kwenu ?	'Is julle dan miskien bang dat daardie uit- ruikery (S) andere (O) in julle midde sal uitwys (P)? '
... <u>lapho uGala</u> <u>lona (S) eseziveza</u> <u>(P) futhi isibindi</u> <u>(O) sakhe kuShaka ..</u>	'...wanneer die einste Gala (S) weer sy moed (O) by Shaka gaan toon (P) ...'
<u>Lokho-nje (S)</u> <u>kwayiphendula (P)</u> <u>yonke inhliziyo (O)</u> kaGala, ...	'Net dít het Gala heelte- mal van gedagte laat verander, ... '

Die voegwoorde is lokuthi en lapho en die emfatiese
voornaamwoorde is onderskeidelik lowo, lona en lokho.

Dit het in die ondersoek aan die lig gekom dat in
90% van alle taalgebruik in Zoeloe slegs die subjek
en die predikaat in 'n sin voorkom. Hiervan neem
die predikaat die eerste posisie in vir ongeveer
70% van alle gevalle. Die gevalle waar 'n onderwerp
voor die gesegde gestaan het, het voorgekom waar 'n
emfatiese woord of morfeem saam met die onderwerp
aangewend is. Doke se stelling waar hy sê:

"The normal word-order of the substantive when subject is before the predicative in the sentence," (1963, p. 296) kan dus slegs onder sekere voorwaardes aangeneem word. Hier weer het emfase onwillekeurig in die gedrang gekom. Dit wil maar net weer eens vir ons wys hoe onderling afhanklik emfase en fokus van mekaar is.

3.3.5 Om tot die kort vorm van die gesegde terug te kom, kan die rigiditeit wat dit aan die sin oplê tog effens verslap word. Dit is naamlik moontlik om woordomstelling so toe te pas dat die subjek ná die predikaat en sy klitiese saamloper kan voorkom. Ons kan derhalwe sê :

- (i) iphuphume intokozo inhliziyo kaNgq.
- (ii) limumethe ulaka lodwa izwi likaShaka
- (iii) zintula ukudla izinyoni lezi

Deur die agterplasing van die subjek, of as u wil, die voorplasing van die gesegde met sy klitiese saamloper, word alle fokus nou van die subjek verwyder en op die predikatiewe woordgroep geplaas.

Dit is die enigste woordomstelling wat deur die kort vorm van die gesegde toegelaat word. Die fokusverspreiding wat die volgorde subjek → predikaat → objek oor die hele sin gehad het, is nou skerper gekonsentreer op die gesegde en sy klitiese voorwerp.

3.3.6 Wanneer ons nou 'n belaste predikaat, m.a.w. die lang vorm, in oënskou neem, raak die kwessie van fokus interessant. Deurdát twee naamwoorde gelyktydig in die predikaat verteenwoordig word, verlos dit die betrokke naamwoorde van 'n vaste posisie in die sin en kan hulle gevolglik vryelik verskillende posisies inneem. Dit is veral die nie-subjeksnomen wat onthef word van klisis met die predikaat. Die subjeksnomen het nog altyd 'n mate van beweegruimte gehad, selfs met die kort vorm van die werkwoord in die predikaat. Dit is trouens so dat verteenwoordiging in die predikaat in direkte verhouding staan tot die bewegingsvryheid van naamwoorde in die sin. Die vryheid van beweging wat deur 'n belaste predikaat moontlik gemaak word, open die deur vir 'n nuansering van die fokus in die sin. Dit is veral hier waar die

beginsel hom voordoen dat dít wat eerste in die sin staan die sterkste fokus sal dra. Laat ons die volgende sin van naderby beskou :

Zabaqeda nazo	'En juis hierdie waar-
izinyanga abantu	sêers roei die mense
ngokubhula kwazo	uit met hulle uitruikery'

Soos die sin hier deur die skrywer gebruik word, wil hy die aandag bepaal by die "van die kant maak" (zabaqeda) van die mense. Daarom neem dit die belangrikste posisie in die sin in, heel voor. Hiernaas voel die skrywer dat die waarsêers (izinyanga) tog ook 'n mate van aandag moet kry. In die paragraaf voor dié waarin hierdie sin voorkom, is daar van 'n spesiale soort van izinyanga gepraat - izinyanga zokubhula 'waarsêers, uitruikers'. Omdat die waarsêers uit die konteks in hierdie sin nie nuwe inligting verskaf nie, kry die woord izinyanga dus nie primêre fokus nie. (Maar omdat die skrywer wil wys dat dit juis waarsêers is en nie byvoorbeeld izinyanga zemithi 'kruiedokters' nie, beklemtoon hy die woord izinyanga d.m.v. die absolute voornaamwoord zo(na) met daarby nog die emfatiese na-. By hierdie woord izinyanga

sien ons hoe die skrywer die beginsel van emfase toepas : die noem van iets met die duidelike implikasie dat iets anders uitgesluit moet word. Deur die beginsel van emfase toe te pas het die skrywer duidelik laat verstaan dat hy van waarsêers praat en nie van kruiedokters nie.) Wat fokus betref, het hierdie beklemtoonde sinsdeel nazo izinyanga minder fokus as zabaqeda, maar aan die ander kant weer meer as abantu. Die sinsdeel wat die minste fokus het, is ngokubhula kwazo. 'n Mens kan lekker rondspeel met hierdie sin om aan te toon hoe die fokus kan wissel :

- (i) Ngokubhula kwazo zabaqeda abantu nazo izinyanga
- (ii) Abantu nazo izinyanga zabaqeda ngokubhula kwazo
- (iii) Nazo izinyanga zabaqeda ngokubhula kwazo abantu
- (iv) Zabaqeda ngokubhula kwazo nazo izinyanga abantu
- (v) Zabaqeda abantu ngokubhula kwazo nazo izinyanga

- (vi) Zabaqeda ngokubhula kwazo abantu nazo izinyanga
- (vii) ens.
- (viii) ens.

Daar is 24 moontlikhede wat almal, met die regte pousering, aanvaarbaar is! Die deel wat eerste staan, kry primêre fokus. Indien dit die predikaat is, kan gewoonlik gesê word dat dit nuwe inligting is wat aan die hoorder oorgedra word. Indien dit 'n ander sintaktiese kategorie is wat eerste staan, kan dit òf nuwe òf bestaande inligting wees. In die geval van hierdie sin soos hy in die boek verskyn, sou nazo izinyanga en abantu reeds bekende inligting wees, terwyl ngokubhula kwazo bekende inligting-by-implikasie sou wees as dit eerste sou staan.

3.4 DIE SAAMVAL VAN FOKUS EN EMFASE.

- 3.4.1 Dit het al telkens in hierdie hoofstuk deurgeskemer dat fokus en emfase dikwels

saamval. Dit is miskien om hierdie rede dat dié twee taalverskynsels nog nooit in Zoeloe behoorlik onderskei is nie. Van die mees algemene gevalle waar hulle dikwels gesamentlik optree, is die volgende :-

- (i) wanneer die emfatiese voornaamwoorde (die absolute en demonstratiewe pronomina) en die stam -nye naamwoorde kwalifiseer, staan so 'n naamwoord en sy kwalifikatiewe dikwels aan die begin van 'n sin en kry sodoende ook die fokus,
- (ii) die kopulatief wat reeds 'n emfatiese vorm is, staan merendeels aan die begin van 'n hoofsin of bysin en verkry op dié wyse ook die fokus,
- (iii) die vormelement na- 'ook, selfs' is ook geneig om die naamwoord waaraan hy gevoeg word na die begin van die sin te dwing en sodoende fokus te verwerf.

Ons wil egter meer spesifiek ingaan op die gevalle waar so 'n sameval 'n gereelde gebeurtenis is. Dit word bespreek in die volgende paragrawe.

Die kort vorm met onbepaalde ku-

3.4.2 Daar kom in Zoeloe 'n kort vorm van die predikaat voor wat as onderwerpskakel 'n spesiale vormelement ku- gebruik. Hierdie ku- is nie die verteenwoordiger van 'n spesifieke naamwoord uit die uku-klas nie. Dit is ook nie die onderwerpskakel wat die lokatiefklas ku- verteenwoordig nie soos byvoorbeeld sou kon gebeur in 'n sin soos die volgende :

emanzini (khona) 'in die water (daar)
kuphila izinhlanzi lewe visse'

Die ku- wat hier ter sprake is, is geheel en al onbepaald en impliseer eenvoudig net die bestaan van iets. Iets hier beteken enige konkrete of abstrakte voorwerp, idee ens., of enige handeling, proses of toestand. Voorbeelde is die volgende :

- (i) kwavela umhlola ' 'n ontsagwekkende gebeurtenis het voorgeval'
- (ii) kwabanda amathumbu ' 'n mens se derms het koud geword'
- (iii) ... ukuthi '.... dat bloed sal kuzochitheka igazi vloei'
- (iv) kuhlathshwe imbuzi ' 'n swart bok word emnyama geslag'

Soos by die gewone kort vorm word die aandag hier ook by die woord ná die predikaat bepaal. Die fokus lê dus op umhlola, amathumbu, igazi en imbuzi resp. maar hier het iets by gekom. Hierdie woorde dra nie net die fokus nie, maar tree ook by implikasie paradigmatis kontrasterend op, d.w.s. elkeen word gebruik met uitsluiting van enige ander moontlike naamwoorde wat gebruik kan word. Ons het hier dus emfase benewens fokus (cf. 3.1.1). Hierdie naamwoorde word dus dubbel gelaai. Die overte aanduiding van emfase is hier juis die onbepaalde ku-. Sy voorkoms in die sin is 'n aanduiding dat die naamwoord wat ná die predikaat kom, beklemtoon word. Ons wil in hierdie verband 'n sin ophaal wat reeds voorgekom het, en waar ku- nie emfase aandui nie :

"Kuyangethusa nami lokho, Gala,"
kuphendula uKomfiya.

Die ku- in kuyangethusa is nie die onbepaalde ku- nie; dit verwys spesifiek na lokho. Die ku- in kuphendula verwys weer na die spraakuiting wat in aanhalingstekens is. Omdat daar telkens aangetoon kan word waarna hierdie ku- skakels verwys, kan hulle dus nie as die onbepaalde ku- beskou word nie.

Hulle kan derhalwe ook nie die merkers vir emfase wees nie.

Die kort vorm in die passief.

3.4.3 Nog 'n plek waar fokus en emfase in die sin saamval, is in die passiewe konstruksie waar 'n kopulatief op die kort vorm volg. Ons gee die volgende sinne ter illustrasie :

- | | | |
|-------|--------------------------------|--|
| (i) | bepthwe uvalo
olukhulu | 'terwyl hulle met groot vrees vervul is' |
| (ii) | ezabe sezigedwe
yindlala | 'wat toe deur hongersnood uitgeroei was' |
| (iii) | izwe lahanjwa
izinswelaboya | 'die land is deur rowers geteister' |

Nie alleen is die fokus op uvalo, yindlala en izinswelaboya omdat hulle onmiddellik op die kort vorm van die werkwoord in die predikaat volg nie, maar daar is ook emfase op die drie woorde a.g.v. die overte kopulatiewe morfeme wat elkeen openbaar.

In yindlala sien ons dit in die voorvoeging van y-, maar tesame met yindlala is daar ook in die ander twee kopulatiewe die depressor-invloed wat kenmerkend is by die vorming van kopulatiewe. In hierdie drie gevalle word die hoogtoon van die eerste lettergreep gehoor as 'n stygtoon. Ons dui dit aan d.m.v. die toonteken voor die eerste vokaal of semi-vokaal :

˘úvalo teenoor die nie-kop. úvalo
˘yíndlala teenoor die nie-kop. índlala
˘ízinswélábóyá teenoor die nie-kop. ízinswélábóyá.

3.5. SAMEVATTING.

3.5.1 Sonder dat ons dit spesifiek genoem het, moes dit in hierdie hoofstuk duidelik aan die lig gekom het watter rol klisis tussen die predikaat en die daaropvolgende woord speel. Dit is veral die geval wanneer fokus ter sprake kom. Dit is naamlik altyd die woord wat klities aan die predikaat verbonde is wat ook die fokale punt in die sin is. Ons het dit in hierdie hoofstuk gehad oor die kort vorm van die predikaat en sy verhouding tot

die fokus in die sin. Uit hoofstuk twee het ons reeds gesien dat daar altyd sterk onverbreekbare klisis bestaan tussen die kort vorm en die volgende woord. Die invoeging van 'n woord tussen die predikaat en die volgende naamwoord of deskriptief sal lei tot 'n verbreking van die klisis. Die gevolg sou dan 'n ongrammatikale sin wees. Dit is trouens moontlik om 'n woord tussen 'n predikaat en 'n klitiesverbonde naamwoord of deskriptief in te voeg. Weliswaar word klisis met die oorspronklike post-predikatiewe woord verbreek, maar onmiddellik ontstaan 'n klisisverhouding tussen die gesegde en die nuwe ingevoegde woord. Die tipe woord wat aldus ingevoeg kan word, skyn beperk te wees. Dit wil voorkom of slegs voornaamwoorde of genominaliseerde (gesubstantiveerde) woorde aangewend word, byvoorbeeld :

uthenga izinkomo > uthenga lezi zinkomo
> uthenga zona izinkomo
> uthenga ezibomvu izinkomo
> uthenga ezizacile izinkomo

Hierdie nuwe sinne impliseer onmiddellik dat die woord izinkomo reeds bekend is en dus eintlik as 'n soort nagedagte uitgespreek word. Uit die voorgaande

bespreking behoort dit duidelik te wees dat die woorde lezi, zona, ezibomvu en ezizacile nie net fokus dra nie maar ook emfase. Daar is trouens dwarsdeur hierdie hoofstuk opgemerk dat hierdie twee taalverskynsels baie nou met mekaar verweef is. Daar is egter gevoel dat as elkeen se rol en funksie in die taal duidelik uitgestippel word, dit sal lei tot 'n beter begrip van hierdie verskynsels.

H O O F S T U K V I E R

DIE PREFIGALE VORMELEMENTE BY
DIE ZOELOEGESEGDE

4.1 INLEIDING.

4.1.1 Deurdat die Bantoetale in groot mate prefigerende tale is, is dit gepas om die prefikse wat die werkwoordstam voorafgaan van nader te betrag. Die term prefiks word hier in sy wydste sin gebruik en word nie net gereserveer vir die naamwoord-voorvoegsels nie. Alle vormelemente wat die werkwoordstam kan voorafgaan sal derhalwe 'n werkwoordprefiks genoem word. Oor dié vormelemente is reeds heelwat geskryf. Die rede waarom ons 'n hoofstuk aan hulle wy is nie om te herhaal wat vorige grammatici en outeurs reeds oor hulle gesê het nie. Ons wil eerder poog om aan te vul, om verdere

toeligting of sienswyses aan te bied by dié wat reeds bestaan. Wat hier aangebied word sal grootliks semanties georiënteerd wees.

4.2 VORMELEMENTE BY VERBALE PREDIKATE.

4.2.1 Verbale predikate is gesegdes wat uit werkwoorde voortkom.

Die onderwerpskakel.

4.2.2 Die onderwerpskakel is in die meeste gevalle 'n anafoor. Die wese van die taal is eenvoudig so dat feitlik elke Zoeloepredikaat 'n onderwerpskakel in die bobou vertoon. Elke beskrywer van Zoeloe - en trouens van enige egte Bantoetaal - erken hierdie beginsel. Die anaforiese funksie kom op sy duidelikste na vore wanneer die substantief wat deur die onderwerpskakel verteenwoordig word, eksplisiet in die sin voorkom :

impi isalwiwa
ngokucitshwana
ngemikhonto

'toe is oorlog
gevoer deur asgaaie
na mekaar te gooi'

lelisu akaze
alinambitha kahle
uShaka

'Sh. het nie eintlik
van hierdie plan gehou
nie'

yena-ke ubethi
angayingoba ...

'sodra hy dan (die
veldslag) bemeester
het'

Wat egter meestal in die gespreksituasie gebeur, is dat nadat 'n naamwoord genoem is, dit daarna verswyg word. Die onderwerpskakel van die betrokke naamwoord tree daarna as anafoor van die naamwoord op. Nie net uit die linguïstiese nie, maar ook uit die buite-linguïstiese konteks kan die verwysing van 'n onderwerpskakel maklik afgelei word. As daar byvoorbeeld na spelende kinders gekyk word, kan een van die toeskouers opmerk :

zidlala kamnandi 'hulle speel lekker'

Alle Zoeloesprekers onder die toeskouers sal onmiddellik weet dat die spreker die woord izingane ingedagte gehad het, na aanleiding van die onderwerpskakel zi- wat hy gebruik het. Of die spreker kon gesê het :

badlala kamnandi 'hulle speel lekker'

wat alle Zoeloekeners aan abantwana sou laat dink.

4.2.3 Ietwat van 'n probleem duik egter op by sommige predikate. Dit geld veral predikate met werkwoorde waarvan die werking moeilik vas te knoop is aan 'n bepaalde fisiese voorwerp (ding), 'n voorwerp waarvan die omtrek, omlyning moeilik te bepaal is. Etlike voorbeelde is te vinde by gewoonlik alleenstaande predikate wat beskrywend is van weerverskynsels. Daar is predikate soos

liyana	'dit reën'
liyakhithika	'dit sneeu'
ligugubele	'dis betrokke'
liyavunguza	'dis onstuimig'
libalele	'dis helder mooiweer en warm'
liyabaneka	'dit weerlig, dit blits'
liyaduma	'die weer dreun'

Daar word gewoonlik aanvaar en verklaar dat die onderwerpskakel li- in hierdie predikate verwys na die naamwoord izulu, en by -balele selfs ook na ilanga 'die son'. Een informant het gesê dat die waarskynlikste waaraan gedink word, wel izulu 'lug, "sky" ' is omdat al hierdie dinge 'van bo' kom. Dit gebeur ook dat een en dieselfde Zoeloe

in die volgende gevalle ook kan sê

iyana (imvula) d.w.s. 'die reën' reën

uyabaneka (umbani) d.w.s. 'die weerlig'
weerlig

uyavunguza (umoya) d.w.s. 'die wind waai'

Wanneer hierdie skakels gebruik word, word daar spesifiek gedink aan die naamwoord tussen hakies. Dit wil dus voorkom of die gebruik van li- saam met hierdie werkwoorde nie op so 'n volkome sekerheid berus t.o.v. die naamwoord waarna hulle verwys nie. In die laasgenoemde drie gevalle bestaan daar egter geen twyfel oor die naamwoord wat deur die onderwerpskakel verteenwoordig word nie. Hier is dus 'n wegbeweeg, hoe gering ookal, van definitiewe verwysing na minder definitiewe verwysing in gevalle soos liyana, liyabaneka en liyavunguza. Hierdie sweem van vaagheid word nog verder aangehelp deur predikate wat in idiome, vaste uitdrukings en spreekwoorde geyk geraak het :

Ayihlabi ngokumisa 'Jy sien 'n man voor die kop maar nie in die krop, Letterlik: ('n bees) stoot nie volgens (die tipe) horingstand (wat hy besit nie)'

<u>zi</u> wadla ebhekile	'sienderoë versleg, <u>Letterlik:</u> hulle (die voëls) eet dit (die koring) terwyl dit opgepas word'
e <u>l</u> okufa a <u>l</u> itsheli	'die dood kom onverwags, <u>Letterlik:</u> (die dag) van die dood meld hom- self nie aan nie'
<u>i</u> thi <u>i</u> ngalamba <u>i</u> phenduke inkentshane	'honger dryf jou tot raserny, <u>Letterlik:</u> sodra ('n hond) honger word, ver- ander hy in 'n wilde- hond'
e <u>l</u> isina muva <u>l</u> iyabukwa	'les bes, <u>Letterlik:</u> (die regiment) wat agter dans, word na gekyk'
<u>i</u> boshelwe <u>i</u> zacile	'nie opgewasse vir die taak nie, <u>Letterlik:</u> (die os) is ingespan terwyl hy maer is'
<u>z</u> ibanjwa <u>z</u> imaphuphu	'buig die boompie terwyl hy nog jonk is, <u>Letterlik:</u> hulle (die voëls) word gevang ter- wyl hulle kuikens is'
<u>l</u> ibunjwa <u>l</u> iseva	'die yster smee solank dit warm is, <u>Letterlik:</u> dit (die klei) word gevorm ter- wyl dit hanteerbaar is'

<u>zindala zombili</u>	'hulle is porture, <u>Letterlik:</u> hulle (die bulle) is albei oud'
<u>zimbiwe yinsele yazishiya</u>	'in die botter geval, <u>Letterlik:</u> hulle (die bye) is deur die ratel oopgegrawe en toe laat staan'

Die meeste van hierdie uitdrukkings kan nog in verband gebring word met 'n selfstandige naamwoord a.g.v. sekere leidrade in die res van die sin self. Dit is gewoonlik woorde wat 'n noue afgebakende semantiese terrein beslaan, soos byvoorbeeld amaphuphu 'klein voëltjies', -bumba 'modelleer' en -zaca 'maer word - en wat slegs i.v.m. diere gebruik word'. Miskien kan 'n kranige stadzoeloetjie van inkentshane 'wildehond - wat terloops in die ili-klas is' aflei dat na 'n huisdier inja 'hond' verwys word deur die skakel i-; maar dit is te betwyfel of hy sal kan weet na watter naamwoord die skakel zi- in ziwadla ebhekile verwys, wat nog te sê van li- in elisina muva liyabukwa.

4.2.4 Ons merk dus dat daar nie altyd met sekerheid gesê kan word waarna die onderwerp

verwys nie. Dit is miskien om hierdie rede dat daar dan maklik oorgegaan word na 'n onderwerpskakel wat nog vaer is en wat selfs geen naamwoord impliseer nie. Dit is naamlik die onderwerpskakel ku-, die onderwerpskakel wat ons die onbepaalde ku-noem. (cf. 2.8.2 SS K e.v.). Tot watter klas hy behoort is hier nie ter sake nie. Wat wel ter sake is, is dat Zoeloe hierdie onderwerpskakel gebruik in gevalle waar die naamwoord :

- (i) bestrede kan wees
- (ii) onbekend is
- (iii) nie geïmpliseer word nie
- (iv) geen behoefte tot bestaan het nie.

Die eerste geval kom gewoonlik voor waar naamwoorde uit verskillende klasse gesamentlik die onderwerp van 'n sin uitmaak. Heelwat is al hieroor geskryf. (Doke 1963, p. 296, Van Eeden 1956, p. 103 e.v. ens.). Hier word dus nie verder hierop uitgewy nie. Dis net genoeg om te sê dat ku- in so 'n geval die moontlikheid bied om 'n sintaktiese oplossing te verskaf. In so 'n geval is daar dan geen aanduiding van die kenmerkende klasse-ooreenstemming nie. Miskien moet die

gevalle (ii), (iii) en (iv) eintlik as een behandel word, aangesien hulle konkomitant is, en daar telkens een van die moontlikhede na vore tree. So kan die reeds genoemde voorbeelde met li- ook voorkom met ku- :

kuyana	'dit reën'
kuyaguqubala	'dit raak betrokke'
kuguqubele	'dit is betrokke'
kuyavunguza	'dis onstuimig'
kubalele	'dis mooiweer en warm'
ens.	

Dit hou egter nie hier op nie. Enige werkwoord kan as passiewe predikaat ewe gemaklik met die onbepaalde ku- gebruik word, veral in gevalle waar daar geen behoefte aan 'n selfstandige naamwoord bestaan nie :

kuyahanjwa	'daar word geloop'
kuyahlatshwa	'daar word geslag'
kugijinywa ngamandla	'daar word vinnig gehardloop'
kuhlatshelwa abaphansi	'daar word vir die afgestorwenes geslag'
nyakenye kwathengwa izinkomo kuphela	'verlede jaar is daar net beeste gekoop'

Die laaste twee sinne lewer 'n skynbare teenstrydigheid op. Die ku- word 'n onderwerpskakel genoem, maar daar word grammaties geredeneer dat abaphansi en izinkomo onderskeidelik die onderwerp is. Hier het ons 'n geval waar die bobou en die onderbou van die taal nie met mekaar strook nie, en wat dikwels om sekere taalkundige redes voorkom. Hierdie verskynsel, d.w.s. die gebruik van die onbepaalde ku-skakel, bly nie net beperk tot passiewe werkwoorde nie, maar kan deurgevoer word na alle werkwoorde :

kuzochitheka igazi	'daar sal bloed vloei'
kumkhanyele wonke umuntu	'elkeen het besef'
kuthule kuthe du	'dit was doodstil'
kukhanye kuGala ukuthi ...	'vir Gala het dit duidelik geword dat'

Dit is duidelik dat hierdie ku- gebruik word wanneer die taal nie die behoefte aan 'n doener voel nie, maar wel wanneer die plaasvind, die gebeur die daarsyn of bestaan van 'n proses of toestand beliggaam moet word.

Die ander skakel.

- 4.2.5 Die tweede skakel beklee 'n onvervreembare posisie onmiddellik voor die werkwoordstam

in 'n predikaat. Soos die onderwerpskakel is dit ook 'n anafoor en verteenwoordig 'n tweede naamwoord in die predikaat. Hy staan gewoonlik bekend as die "voorwerpskakel" omdat hy 'n naamwoord wat as die "voorwerp" van die sin beskou word, verteenwoordig. In die volgende sinne is die onderstreepte dele die sg. voorwerpskakel :

- | | | |
|------|---|---|
| (i) | imimoya yabaphansi
<u>im</u> fikela umuntu | 'die geeste van die
afgestorwenes doen
hulle opwagting by
'n mens' |
| (ii) | zab <u>a</u> geda nazo
izinyanga abantu | 'juis hierdie waar-
sêers het die mense
uitgeroei' |

Uit hierdie twee sinne is dit reeds duidelik dat die sg. voorwerpskakel verskillende soorte "voorwerpe" kan verteenwoordig. 'n Eenvoudige toets kan uitwys dat die "voorwerpe" nie van dieselfde orde is nie. Indien ons die skakel sou weglaat, vind die volgende transformasie vir elke sin plaas :

- | | |
|-------|-----------------------------------|
| (iii) | imimoya yabaphansi ifikela umuntu |
| of : | imimoya yabaphansi ifika kumuntu |
| (iv) | zageda nazo izinyanga abantu. |

Die feit dat daar in die eerste sin 'n vorm kan verskyn wat 'n lokatief kumuntu tot gevolg het, terwyl dit nie met abantu in die tweede sin kan gebeur nie, plaas die voorwerpstatus van umuntu in sin (i) onder verdenking. Hierdie saak is reeds bespreek in 2.10.3 en sal ook later weer toegelig word. Dit is egter van belang om te weet dat die skakel -m- in die sin

(i) imimoya yabaphansi imfikela umuntu

baie beslis lokatiewe implikasies bevat, wat nie die geval met die skakel -ba- in die sin

(ii) zabaqeda nazo izinyanga abantu

is nie. Interessant is ook die semantiese kenmerke wat vervat is in die tweede skakel van die volgende drie sinne :

(v) kamvale umlomo ngempama (uGala)

(vi) kusho uNom, emnguma ulimi (uKomfiya)

(vii) ngizolilinga (isu) ngilibone isiphelo salo

In vertaalde vorm is hulle :

- (v) ... dat hy (Gala se) mond met die plathand moet toemaak
- (vi) ... sê Nom. terwyl sy hom (Komfiya) in die rede val
- (vii) ek sal (die plan) uittoets en let op die uitslag.

Op die oog af lyk dit of die tweede skakel hier min of meer dieselfde funksie verrig as in sin (i). Wat egter gou duidelik word, is dat hier 'n woord makeer wat deur die skakel verteenwoordig word. In sinne (v), (vi) en (vii) verwys elke onderstreepte skakel na die betrokke naamwoord wat tussen hakies staan. Indien die sinne sonder die tweede skakel weergegee moet word, maar nogtans dieselfde betekenis moet behou, kry ons die volgende :

- (viii) ... kavale umlomo kaGala ngempama
- (ix) ... kusho uNom. enquma ulimi lukaKomfiya
- (x) ngizolilinga ngibone isiphelo sesu.

Met die verval van die tweede skakel het die naamwoord waarna hy verwys in 'n verboë vorm tevoorskyn gekom, maar hierdie keer in die

possessiefverbuiging. Daar is dus sprake van 'n possessiefverhouding in sin (v), en dit kan alleen geskied tussen twee naamwoorde : in hierdie sin dus tussen umlomo en uGala. Dit word bewerkstellig deur die skakel -m- wat in die predikaat vir verbandlegger is tussen twee naamwoorde waarvan die een in 'n possessiefverhouding tot die ander staan. Die beginsel is presies dieselfde in die ander twee sinne hoewel sin (ix) eintlik 'n idioom is. Let op hoe hierdie verhouding nie tot stand kan kom indien die skakel uit die predikaat weggelaat word. Die sinne kry dan òf 'n ander betekenis òf raak heeltemal ongrammatikaal :

- | | | |
|--------|--|--|
| (xi) | ... kavale umlomo ngempama
uGala | '... dat Gala
die/sy mond
met die plat-
hand moet
toestop' |
| (xii) | ... kusho uNom. enquma
ulimi uKomfiya | '... sê Nom.
terwyl Komfiya
die/sy/haar
tong middeldeur
sny' |
| (xiii) | ⁺ ngibone isiphelo isu | ' ⁺ dat ek die
uitslag sien
die plan. |

Nou is die vraag geregverdig: Is hierdie tweede skakel in elk van die sinne in (v), (vi) en (vii) dan 'n voorwerpskakel? Terwyl hulle uitsluitlike funksie in die sinne is om 'n besitsverband tussen twee naamwoorde te lê? Onses insiens sou ons elk van hierdie skakels wou noem 'n "skakel met possessiewe valensie."

4.2.6 Nog 'n twyfelagtige "voorwerp" wat egter nie deur 'n skakel verteenwoordig word nie, kry mens in 'n sin soos

(xiv)	lentombazane ingenza	'hierdie meisiekind
	inja ukuba ...	maak van my 'n hond
		as ...'

Die twyfelagtige "voorwerp" is inja. Die skakel ng(i) staan vir mina wat implisiet is en slegs ná inja ingevoeg kan word. Indien die skakel weggelaat sou word, kan die volgende twee sinne ontstaan :

- | | | |
|-------|----------------------------|--------------------------------------|
| (xv) | lentombazane yenza
inja | 'hierdie meisiekind
maak 'n hond' |
| (xvi) | lentombazane yenza
mina | 'hierdie meisiekind
maak my' |

Hulle is elk alleenlik sinvol wanneer die bedoeling is dat 'n namaaksel van inja of mina die resultaat is. Aangesien ons egter nie met namaaksels of letterlikhede besig is nie, weet elke Zoeloespreker dat in sin (xiv) mina gelykgestel word aan inja en geparafraseer kan word as

- | | | |
|--------|-----------------------------------|--|
| (xvii) | lentombazane ingenza
njengenja | 'hierdie meisiekind
vergelyk my met 'n
hond' |
|--------|-----------------------------------|--|

Ons merk dus dat inja in (xiv) nie 'n voorwerp kan wees nie. Dit lyk of die versweë mina eerder daarop aanspraak kan maak, en dat die skakel ng(i) derhalwe 'n ware voorwerpskakel kan wees.

4.2.7 'n Interessante geval is dié van die refleksiefskakel wat deur Van Eeden (1956, p. 104) nie as 'n konkord beskou word nie omdat daar geen

klasse-ooreenstemming in die gedrang is nie. Hoewel hy sintakties soos die sg. voorwerpskakel optree, verwys hy altyd na die onderwerp van die sin. Die naaste wat hierdie formatief aan 'n voorwerpskakel kom, is wanneer hy in 'n imperatief gebruik word :

zihlobise	'maak jouself aantreklik!'
zibuse	'regeer jouself!'
ziphathe kahle	'gedra jou goed!'

Semanties lyk dit egter nie asof hy van dieselfde orde as 'n voorwerpskakel kan wees nie. Vergelyk die volgende sinne :

- | | | |
|-------|---|---|
| (i) | UGala alandele,
<u>azishaye</u> ebunzini
ngomnyango ... | 'Gala volg en stamp sy voorkop teen die deur' |
| (ii) | Uyasuka lapho
<u>uzithela</u>
ku-Komfiya | 'Daarvandaan gaan hy op Komfiya af' |
| (iii) | Ugala <u>uyazibuza</u>
ukuthi ... | 'Gala vra homself af of ...' |

Die vormelement -ya- : volledigheid.

4.2.8 Ons het reeds elders (cf. 3.2.8) gewys op die funksie van -ya- in die predikaat, en gesien dat hy die funksie het om emfase aan die predikaat te verleen. Ons het verder ook gesien dat hy die sintaktiese funksie het om sinsvolledigheid aan te dui. Van der Westhuizen (1949) het reeds 'n studie die lig laat sien waarin hierdie vormelement deeglik onder die soeklig geplaas is. Ons is van gevoele dat daar nog 'n funksie aan hierdie vormelement toegedig moet word. Dit is 'n funksie wat wys op die houding van die spreker t.o.v. van die stelling wat hy maak. Wanneer 'n spreker die predikaat in die lang vorm gebruik, wil hy ook daarmee te kenne gee dat wat hy sê geloofwaardig is. Hy wil daarmee uitdruk dat hy opreg bedoel wat hy sê. Die hoorder merk in die spreker die oortuiging t.o.v. wat hy sê. Dit is moontlik om hierdie rede waarom op haas elke bladsy van storieboeke predikate met hierdie -ya- voorkom. Dit gebeur wanneer die gewone verteltrant in die subjunktiewe

a- verlede tydsvorm deurgaans verwag sou word. Dit is heelwaarskynlik omdat aan die verhaal 'n mate van geloofwaardigheid en werklikheidsin gegee wil word. Dit is daarom jammer dat daar soms van die teenwoordige tydsvormelement gepraat word. Dit skep die indruk dat die handeling net in die teenwoordige tyd plaasvind terwyl dit in werklikheid nie altyd so is nie. Die volgende voorbeelde uit Nyembezi (1974, p. 29, 62 en 94 resp.) is tipierend van die vertelling in Zoeloe :

- | | | |
|-------|--|--|
| (i) | Bavuma abantwana bathi
<u>bayezwa</u> | 'Die kinders het gesê ja hulle hoor' |
| (ii) | Kwaba yikhona ebonayo
ukuthi <u>uyaphupha</u> | 'Dit was daardeur dat hy gesien het hy droom' |
| (iii) | Intombazana yeqa
yangena endlini.
(Amazimu) Athe lapho
ethi <u>ayayiphuthuma</u>
endlini yaweqa
ngaphezulu isiphethe
umhlanti wayo | 'Die meisie het ontkom en die huis binnegegaan. Toe hulle (die mensvreters) haar agternasit die huis in, het sy bo-oor hulle gespring met die sakkie reeds in haar hande.' |

So kan op omtrent elke bladsy van enige geskrewe verhaal voorbeelde gevind word wat nie aanduidend van die teenwoordige tyd is nie. Onses insiens behoort die sg. teenwoordige tydsvorm van die werkwoord, hetsy die kort vorm of die lang vorm, gewoonweg die stelvorm van die werkwoord te heet, omdat hy primêr net 'n handeling, proses of toestand daarstel sonder meer. Daar is ander faktore, beide linguïsties en ekstra-linguïsties, wat die teenwoordige tyd impliseer. Dit is egter nie hier ter sake nie. Dit is verder moeilik te begrype hoe Doke (1963, p. 167) hier van "continuous" kan praat. Wat hy oënskynlik daarmee bedoel kan ook deur die kort vorm uitgedruk word. Wat ons betref, is daar geen verskil t.o.v. "duur" of "voortduring" tussen

	<u>ungithukuthelisa</u> kabi, lomfokazana	'hierdie vent maak my vreeslik kwaad'
en:	<u>uyangithukuthelisa</u> lomfokazana	'hierdie vent maak my kwaad'

of tussen :

	<u>ungishaya</u> ngamandla, lensizwa	'hierdie jongman slaan my hard'
en:	<u>uyangishaya</u> lensizwa	'hierdie jongman slaan my'

Hoewel hierdie predikaat met -ya- daarin hoofsaaklik deur die sintaksis bepaal word t.o.v. sy gebruik al dan nie, is daar tog gevalle waar die spreker in een en dieselfde sintaktiese omgewing 'n keuse het om die lang of die kort vorm te gebruik. Dit hang natuurlik daarvan af of hy wil beklemtoon, en of hy die fokus elders wil plaas. Vergelyk byvoorbeeld die volgende twee sinne :

- | | | |
|------|--|---|
| (i) | wena ikuthinta ngaphi
lendaba kaMdlaka,
ngoba <u>ngiyabona</u> ukuthi
iyakushisa | 'hoe raak hierdie
saak van Mdlaka jǒú,
want ek sien dat dit
jou uitermate
interesséér?' |
| (ii) | wena ikuthinta
ngaphi lendaba
kaMdlaka, ngoba
<u>ngibona</u> ukuthi
iyakushisa | 'hoe raak hierdie
saak van Mdlaka jǒú,
want ek sien dat dit
jou uitermate
interesséér?' |

Hierdie vryheid van keuse vind gewoonlik plaas voor 'n bysin wat veral met ukuthi, ukuba en ukuze ingelei word. Hierdie twee sinne toon verder hoe die predikate met -ya- daarin, d.w.s. die handelinge wat in die werkwoorde vervat is, vir die spreker as waar en eg voorkom. Nie net ngiyabona in sin (i)

nie, maar ook iyakushisa in albei sinne gee ons 'n kykie in die gevoel en gemoedstoestand van die spreker: dié van oortuig te wees van wat hy sê. Op hierdie wyse dan wil die vormelement -ya- die terrein van die modaliteit betree. Maar ons moet altyd onthou dat dit konkomitant is met emfase en sinsvolledigheid.

Die vormelement -nga- : moontlikheid.

4.2.9 Hierdie formatief wat as die potensialis bekend staan, is reeds volledig toegelig. Alle semantiese nuanses wat hierdie vormelemente openbaar - optatief, debitief (Wanger 1917, p. 358 e.v.) ens. - word netjies raakgevat deur Van Eeden (1956 p. 301) wanneer hy sê dat hierdie -nga- 'n hipotetiese handeling uitdruk :

Ngaphandle kweNkosi
munye kuphela umuntu
ongangibuza imibuzo
enjalo

'Buiten die koning
is daar slegs een
persoon wat my sulke
vrae kan stel'

Die vormelement -bo- : wenslikheid.

4.2.10 Hierdie vormelement het ook nog weinig aandag gekry. Nyembezi (1970, p. 187) beskou dit as 'n bousel om die toekomstige tyd van die subjunktief mee te vorm. Sien ook Van Eeden (1956, p. 299). In die negatief word dit saam met die negatiewe -nga-formatief gebruik wat die -bo- onmiddellik voorafgaan. Uit die gebruike van hierdie vormelement moet 'n mens aflei dat dit 'n semantiese waarde inhou van verpligting en/of paslikheid en/of wenslikheid. Wat opval in predikate met hierdie -bo- daarin, is dat dit meestal die predikaat van 'n hoofsin is. Enkele sinne wat Nyembezi aangee, is die volgende :

- | | | |
|-------|--|--|
| (i) | <u>Abafana babokhipha</u>
umquba esibayeni. | 'Die seuns moet/
behoort die mis uit
die beeskraal (te)
haal.' |
| (ii) | <u>Ningabothula</u> nje
lapho nibizwa. | 'Julle moenie sommer
net stilbly as julle
geroep word nie.' |
| (iii) | <u>Ubolalisa</u> abantwana
bangageza. | 'Jy moet die kinders
in die bed sit sodra
hulle klaar gewas
het.' |

abafana bangabokhipha umquba esibayeni

bly die toekomsimplikasie van die gesegde behoue en die onwenslikheid/onpaslikheid van die handeling word voorop gestel. Dit is te betwyfel of die vormelement -bo- in die eerste plek gesien moet word as 'n taalbousel om die toekomende tyd van die subjunktief te vorm, soos Nyembezi dit wil hê. Ons sien dit eerder as 'n vormelement wat 'n toekomsimplikasie by die imperatief inhou. Net soos Hamba! 'n bevel is wat onmiddellik uitgevoer moet word, is Ubohamba 'n direktief (of sagter bevel) wat verwag word om in die toekoms gerealiseer te word. Uit Dhlomo se boek gee ons die volgende voorbeelde :

- | | | |
|------|--|---|
| (i) | " <u>Ubogaphela</u> , Gala,"
kusho uKomfiya | '"Jy moet op jou
hoede wees, Gala,"
sê K.' |
| (ii) | "Mina lapha wena-bo.
<u>Ungabokhuluma</u> nami
kanjalo." | '"Hoor hier, jy! Jy
moenie (verder) so
met my praat nie." ' |

Die -bo- imperatief verskil van die gewone imperatief daarin dat dit nie slegs tot die tweede persoon gebesig word nie, maar ook teenoor die eerste persoon - die self - uitgespreek kan word. Verder kan dit ook t.o.v.

hierdie vorm en die sg. verre toekomstige tydvorm.

Om die verhoudings beter toe te lig, word dié

vorm naas die toekomstige tydvorms geplaas :

bazokhipha	'hulle sal uithaal'
bayokhipha	'hulle gaan een of ander tyd uithaal'
babokhipha	'hulle moet/behoort uit te haal'

Hier is 'n duidelike progressie by die spreker t.o.v. sy houding teenoor die plaasvind van die handeling te bespeur, en wel in die rigting : sterk sekerheid → swak sekerheid → wenslikheid.

Die negatiewe vormelemente.

4.2.11 Hierdie vormelemente is reeds volledig deur grammatici behandel en daar hoef dus hier nie meer iets oor hulle gesê te word nie. Ons gee slegs 'n lysie van die negatiewe soos hulle in die verskillende modi en sommige ander predikaatvorme voorkom:

a i :	angiboni	'ek sien nie'
a .. nga :	angibonanga	'ek het nie gesien nie'
a- :	angilele	'ek is nie aan die slaap nie'
-nga .. i :	angaboni	'dat hy nie sien nie'
-nga .. i :	engaboni	'terwyl hy nie sien nie'
-nge .. e :	angebone	'hy kan nie sien nie'

Ons het hier slegs die mees gebruiklike vorme aangeskip. Samegestelde predikate word heeltemal buite rekening gelaat.

Die tydaanduidende vormelemente -zo- en -yo-

4.2.12 In alle grammatikas van Zoeloe word gewag gemaak van die ontstaan van hierdie vormelemente uit die werkwoorde -za 'kom' en -ya 'gaan', en hoe hulle saamgetrek het in enge klitiese verbinding met die voorvoegsel van die infinitief, naamlik uku-, om elemente te word wat onderskeidelik die sg. nabye en verre toekomstige tydvorms daarstel. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe leksikale items "gegrammatikaliseer" word tot kategoriale elemente. Hoe die sametrekking plaasvind, word volledig deur Van Eeden (1956, p. 275 en 277) gegee. Die interessantste hiervan is die ya-vorm wat byvoorbeeld

uit ngiya ukubona 'ek kom om te sien' heeltemal saamtrek tot ngobona 'ek sal (wel een of ander tyd) sien' waarin dit slegs die kwaliteit van die eerste vokaal is wat aandui dat daar sprake van die toekomstige tyd is.

Die aspektuele vormelemente.

4.2.13 Die oorblywende prefigale vormelemente skyn almal iets in mindere of meerdere mate met aspek te doene te hê. Daarom word hulle onder hierdie algemene hofie behandel. Voor ons daartoe oorgaan, moet ons eers verduidelik hoe hierdie kwessie van aspek gesien en benader word. Hier wil ons ons graag vereenselwig met Comrie (1976) t.o.v. die wyse waarop hy hierdie taalver-skynsel benader. Om enigszins 'n begrip te kry van sy benadering, haal ons enkele pertinente sinne uit sy werk aan. Omdat aspek iets met tyd ("time") te doen het, sal ons, soos hy, probeer aantoon hoe dit van 'n tydvorm ("tense") verskil. Ter opklaring van 'n term wat hy gebruik, eers 'n aanhaling uit sy boek t.o.v. die woord "situation". Hy sê :

In discussing aspect, it is often necessary to refer to the differences between states, events, processes, etc.; However, while ordinary nontechnical language provides, with a limited amount of systematisation, a metalanguage for these various subdivisions, it does not provide any general term to subsume them all. In the present work the term 'situation' is used as this general cover-term, i.e. a situation may be either a state, or an event, or a process.

Met hierdie term opgeklaar, kan ons nou verder kyk hoe hy die saak aanpak. Hy wil eers seker maak dat sy lesers die verskil goed moet verstaan tussen 'tyd' en 'tydvorm.' Ons kry 'n aanduiding daarvan wanneer hy die twee teenoor mekaar stel :

The tenses referred to so far have all related the time of the situation described to the present moment. Such tenses are referred to as absolute tenses. Another possible form of time reference is relative time reference where, instead of the time of a situation being located to the present moment, it is related to the time of some other situation.

Nadat hy dan verduidelik het wat hy onder tydvorme verstaan, gaan hy voort :

Aspect is quite different from this. The difference in French between il lisait and il lut, or in English between he was reading and he read, is not one of tense, since in both cases we have absolute past tense. It is in this sense that we speak of aspect as being distinct from tense, and insist on such oppositions as that between perfective and imperfective being treated as aspectual, even where the grammatical terminology of individual languages has a tradition of referring to them as tenses.

Om die verskille op te som sê hy dan :

.... , it will be evident that aspect is not unconnected with time, However, although both aspect and tense are concerned with time, they are concerned with time in very different ways. As noted above, tense is a deictic category, i.e. locates situations in time, usually with reference to the present moment, though also with reference to other situations. Aspect is not concerned with the relating of the time of the situation to any other time-point, but rather with the

internal temporal constituency of the one situation; one could state the difference as one between situation-internal time (aspect) and situation-external time (tense).

Met hierdie aanhalings behoort dit duidelik te wees dat aspek te doene het met die 'binnetyd' van 'n predikaat, d.w.s. hoe tyd 'n rol speel t.o.v. die inherente of intrinsieke inhoud van 'n handeling, proses of toestand, en nie wanneer dit plaasvind of plaasgevind het, of selfs ook sal plaasvind nie. Hiermee as agtergrond kan ons nou voortgaan om die volgende prefigale vormelemente by die Zoeloepredikaat te bespreek.

Die vormelemente -sa- : voortdurende aspek.

4.2.14 Hierdie verbale prefiks dui aan dat 'n handeling, proses of toestand wat aan die gang was nog steeds aanhou. Dit is reeds op bekwame wyse deur grammatici beskrywe.

Derhalwe is dit nie nodig om veel meer hieroor te sê nie. Al wat ons kan byvoeg, het betrekking op die semantiese implikasies wanneer ons die negatiewe predikaat teenoor die positiewe stel. Morfologies bekyk, is, sê maar, lingasalinywa die negatiewe teenvoeter van lisalinywa. Semanties beskou, is dit nie die geval nie; maar eerder lilinyiwe. Ons gee ter illustrasie die volgende voorbeeld met werkwoorde in die partisipiale modus :

Izwe lonke laphendula	'Die hele land het
inkangala <u>lingasalinywa</u> ,	'n leë woesteny
<u>lingasahlakulwa</u> .	geword; daar is
Izinkomo <u>zingasasengwa</u> .	nie geploeg en
Abantu <u>bengasazali</u>	geskoffel nie.
bephuce emakhanda.	Die beeste is
	nie gemelk nie.
	Die mense het nie
	meer gebaar nie,
	terwyl hulle koppe
	kaalgeskeer was
	d.w.s. in die rou'

Wanneer ons sê basalima is die semantiese teenoorgestelde van bangasalimi, dan het ons dit mis. Wanneer laasgenoemde woord gebruik word, impliseer dit dat daar vantevore geploeg (balimile) is, en nie basalima 'hulle ploeg nog' nie. Ons kyk na nog 'n voorbeeld :

- | | | |
|-------|---|---|
| (i) | Abafana babona
izimbuzi | 'Die seuns sien die
bokke' |
| (ii) | Abafana babone
izimbuzi | 'Die seuns het die
bokke klaar gesien' |
| (iii) | Abafana bābona
izimbuzi
(verlede tyd) | 'Die seuns het toe
die bokke gesien' |
| (iv) | Abafana basabona
izimbuzi | 'Die seuns sien nog
die bokke' |
| (v) | Abafana abasaboni
izimbuzi | 'Die seuns sien nie
meer die bokke nie'. |

Hier het ons die eerste vier sinne in die positief en die laaste in die negatief. Wanneer iemand sou gevra word om te sê watter een van die vier positiewe sinne toepaslik sou wees om aan te dui watter toedrag van sake bestaan het vóór sin (v) van krag geword het, dan is die antwoord sin (ii)

abafana babone izimbuzi

waarin gesien kan word dat die semantiese korrelaat nie met dié van die morfologiese ooreenstem nie.

Daar is dus op semantiese vlak nie 'n presiese ontkennend-bevestigend teenstelling tussen die positiewe en negatiewe vorme nie. So 'n presiese korrelaat vind mens wel in die eenvoudige basiese werkwoord, byvoorbeeld :

bayabona : ababoni.

Die vormelement -sa- : beperkende aspek.

4.2.15 Melding moet hier gemaak word van 'n vormelement -sa- wat, sover ons kon vasstel, net met werkwoorde van beweging voorkom. 'n Verdere vereiste is dat 'n lokatief dan op die predikaat moet volg. Die aspektuele inhoud van hierdie -sa- is min of meer dat die betrokke handeling van relatiewe korte duur is en tot 'n einde kom by sy oorsprong :

- | | | |
|------|---|---|
| (i) | Abantwana <u>basathunywa</u>
esitolo | 'Die kinders word net gou winkel toe gestuur' |
| (ii) | Abafana <u>basagijima</u>
edolobheni | 'Die seuns hardloop net gou dorp toe; hulle is nou-nou weer hier' |

- (iii) Ngisaya komalume 'Ek gaan net vir 'n
rukkie na Oom-hulle
toe'

Daar kan ook ander handeling d.m.v. hierdie konstruksie weergegee word - handeling wat plaasvind terwyl daar vir 'n rukkie 'n afwesigheid is. In so 'n geval moet die vormelement -sa- nog altyd met 'n werkwoord van beweging gebruik word en die ander handeling word aangedui by wyse van die infinitief. Die -sa- verbind gewoonlik met -ya 'gaan' waarop die infinitief dan volg. Dit is feitlik reëlmaat dat die vokaal van -ya met die beginvokaal van die infinitief saamsmelt tot -o-. So kry mens dan byvoorbeeld die volgende :

Omame basayobona 'Moeder-hulle gaan
omakhelwane net 'n oomblikkie die
bure spreek'

Die vorm basayobona kom uit basaya ukubona.
Vokaalsamesmelting het die twee woorde laat

saamtrek tot basayokubona. Net soos by die toekomende tydvorme het nog verdere sametrekking uitgeloop op basayobona. Ons gee ook 'n voorbeeld om aan te toon hoe ideofone ook by hierdie konstruksie betrek kan word :

Abafana <u>basayothi</u>	'Die seuns het net
shelele	vir 'n rukkie weggeglip'

Hier sien ons dat die ideofoon volg op die infinitief ukuthi. Dit is nie onmoontlik nie dat hierdie -sa- 'n semantiese uitgroei is van die -sa- wat in die vorige paragraaf bespreek is. Veral die feit dat hier ook van tydsduur by die handeling sprake is, dra grootliks by tot hierdie vermoede. Hierdie vormelement is as sodanig nog nêrens onder die aandag gebring nie. Daarom word dit hier vermeld.

Die vormelement -nga- : perfekto-
punktatiewe aspek.

4.2.16 Hierdie formatief het tot dusver onherkenbaar en derhalwe onbeskrewe gebly.

In sy Uhlelo lwesiZulu (p. 172) gee Nyembezi bloot vyf sinnetjies waarin hierdie -nga- voorkom. Hy beskou die werkwoord waarin hierdie vormelement voorkom blykbaar as synde in die subjunktiewe modus. Hy dui egter nie die semantiese inhoud van die vorm aan nie. Dit skyn of hy slegs op die intuïtiewe gevoel van sy mede-Zoeloesprekers staatmaak. Wanneer hy die negatiewe vorme van hierdie predikate aanstip, lyk hulle op 'n haar na dié in die partisipiale modus, beide wat toon en onderwerpskakels betref. Dit is miskien raadsaam om eers heelwat sinne as voorbeeld te gee, waarin hierdie -nga- voorkom :

- | | | |
|------|---|---|
| (i) | <u>Bathi bangehlulwa</u>
<u>abehlulwayo</u> , bacele
empunzini babuyele
emakubo. | 'Sodra die oorwonnes
dan klaar bemeester is,
vlug hulle en keer na
hulle tuistes terug.' |
| (ii) | Yenake okaSenzanga-
khona <u>ubethi</u>
<u>angayingoba</u> abhuge
konke kwalapho,
ngisho inja
imbala ekhonkothayo. | 'Hy dan, seun van S.,
het dan sodra hy klaar
oorwin het, alles op
daardie plek uitgewis,
tot selfs 'n blaffende
hond.' |

- (iii) Uzothi-ke angaba
kulesisimo
sokugula kube
yikhathi abakubo
bebonayo ukuthi
.....
- 'Sodra hy dan by
hierdie stadium in
sy siekte sal gekom
het, is dit tyd dat
sy mense besef dat
..... '
- (iv) (Isiguli) Sizothi
singayiphuza
siyigonyuluke
siyihlanze
- 'Sodra hy (die sieke)
dit dan klaar gedrink
het, bring hy op en
vomeer '
- (v) Inyangake ithi
ingakuzwa lokho
bese
- 'Sodra die dokter dit
dan gehoor het, dan
..... '
- (vi) UNgomane owayethi
enganyenyezela
iNkosi kwazi wonke
umuntu ukuthi
kuzochitheka igazi
- 'Sodra Ng. dan klaar
in die koning se oor
gefluister het, het
almal geweet daar
gaan bloed vloei'
- (vii) Ithi ingalamba
iphenduka inkentsha-
ne
- 'Honger dryf jou tot
raserny,
Letterlik: sodra hy
dan (op die punt ge-
kom het dat hy) honger
ly, word hy 'n wilde-
hond'

As ons al hierdie predikate noukeurig betrag, is dit in die eerste plek duidelik dat ons hier nie met 'n negatief te doen het nie. In die tweede plek het ons ewemin met 'n potensiale vormelement te make. By die potensialis is daar altyd 'n

hipotetiese handeling. By hierdie -nga- is die handeling op 'n sekere tydstip afgehandel, of sal op 'n bepaalde tydstip in die toekoms klaar afgehandel wees. Daar is dus geen kwessie van slegs 'n moontlikheid dat die handeling sal plaasvind nie. Hoewel die vorm van die werkwoord lyk op dié van die potensialis, hou dit geen semantiese verband daarmee nie. By hierdie aspektuele vormelement is daar in die predikaat sekere kenmerke wat sterk op die voorgrond tree :

- a) die -nga- kom altyd voor in die tweede deel van 'n saamgestelde predikaat en waarvan die eerste deel altyd met die hulpwerkwoord -thi gevorm word,
- b) die handeling is voltooid of sal in die toekoms voltooid wees,
- c) daar is altyd 'n sekere punt waarop die handeling voltooi word, voordat 'n nuwe handeling kan plaasvind,
- d) wanneer die nuwe handeling die hoofpredikaat van die sin is, is dit vir sy manifestasie afhanklik van die tydstip waarop die handeling in die -nga-gesegde ten einde kom.

Wat sy bou betref, vertoon die werkwoord groot ooreenkoms met die potensialis. Die skakel van die akteursklas (klas 1 umu-) is a-. Verder behou alle persone en klasse hulle skakels soos in die indikatief. Verder het hierdie werkwoord 'n onveranderlike toonpatroon wat, sover vasgestel kan word, nie deur omringende toonpatrone beïnvloed word nie. Die vorm van die werkwoord bestaan dus uit

O.s. + nga + ww.stam

Kl. 1 : a + nga + hamba > àngàhàmbà

Kl.10 : zi + nga + qeda > zìngàqédà

Hierdie toonpatroon skyn dieselfde te wees as dié van predikate wat in kondisionele sinne voorkom, cf. Louw (1969).

Die tydvorm waarin dié predikaat voorkom, word in die hulpwerkwoord -thi gemarkeer. Hierdie tipe predikaat kan uit die aard van die saak net in die verlede en toekomstige tydvorme voorkom.

Die naaste wat so 'n gesegde aan die teenwoordige tydvorm kom, is wanneer -thi in die vorm van die (statiewe?) perfektum staan. Die volgende voorbeelde uit Nyembezi (1974) toon hierdie -nga-formatief in werkwoorde wat saam met die stam -the voorkom :

- | | | |
|--------|---|---|
| (viii) | <u>Athe angahamba</u>
amazimu umfana
wayesethatha
isikhumba | 'Sodra die mensvreterers
dan geloop het, het
die seun toe die vel
gevat ...' |
| (ix) | Abantwana <u>bathe</u>
<u>bangaqeda</u> ukudla
base | 'Sodra die kinders
dan hul kos klaar
geëet het, het hulle
....' |
| (x) | <u>Uthe angayithenga</u>
uKhethiwe | 'Sodra Kh. dit dan
gekoop het' |
| (xi) | <u>Bathe bangaqeda</u>
ukusenga | 'Wanneer hulle dan
klaar gemeld het ...' |

Uit die bespreking sover is dit baie duidelik dat hierdie -nga- verband hou met tyd. Omdat die handeling in so 'n werkwoord altyd op voltooiing dui, is dit 'n tipe perfektum, maar omdat die tyd-stip van die voltooiing van die handeling altyd

relevant is, gee dit ook 'n punktatiewe aspek aan die handeling. Om dié rede noem ons die -nga- 'n formatief met 'n perfekto-punktatiewe aspek. Die gewone perfektum vormelement -il- ~ -e (wat trouens 'n suffigale aspektuele formatief is, maar nie hier bespreek word nie) verskil van die -nga- deurdat dit slegs voltooidheid impliseer sonder om te sê wanneer die handeling ophou. Daarom dan ook dat die gewone perfektum so maklik oorgly na 'n toestand waarin die voltooidheidsgedagte aanhou bestaan.

Die vormelement se- : inseptief-eksklusiewe aspek.

4.2.17 Hierdie formatief staan gewoonlik bekend as die eksklusiewe se- op grond daarvan dat die implikasie daarin vervat is dat die handeling waarin se- voorkom nie vantevore plaasgevind het nie. Hierdie mening van Doke (1963, p. 179) word betwis deur Van Eeden (1956, p. 372). Laasgenoemde sien weer in hierdie vormelement 'n sterk implikasie van 'n vorige handeling wat in alterasie met die onderhawige is en noem dit daarom die alteratiewe se-. Nyembezi (1970) praat eenvoudig net van

indicating an action which has
not been going on hitherto (p. 320).

Of die implikasie van 'n ander vorige handeling altyd sterk genoeg op die voorgrond tree, kan 'n onderwerp van langdurige bespreking wees. Dit lyk of Nyembezi iets beet het wanneer hy van "hitherto" praat. Dit impliseer 'n tydstip, iets wat by Doke ontbreek. Hoewel Van Eeden tereg ook 'n tydstip sterk op die voorgrond stel, voel ons geneë om dit anders te interpreteer. Waar presies hierdie tydstip is, is moeilik om te bepaal :

Sengiyabona ukuthi uqinisile	'Ek kom nou agter dat jy die waarheid praat'
---------------------------------	---

Hier skyn dit of die tydstip die spraakoomblik self is. Maar ons kry ook 'n sin soos die volgende :

Sengibonile ukuthi uqinisile	'Ek het nou agtergekome dat jy die waarheid praat'
of:	'Ek het al agtergekome dat jy die waarheid praat'

Hieruit is dit reeds duidelik dat dit moeilik is om sê waar die handeling van "agterkom" presies plaasgevind het. Van Eeden (1956) het hierdie probleem ook terdeë ondervind. In 'n voetnota (p. 372) sê hy :

Dit beteken egter nie noodwendig dat die handeling uitgedruk deur 'n verbum wat die ouksiliêr se- insluit, nie reeds op 'n vroeëre tydstip aan die plaasvind was of aangevang het as die bepaalde tydstip waarop dié handeling gemeld word nie. Byvoorbeeld, as 'n persoon sou sê: Sengipheka ukudla 'Nou kook ek kos', dan sluit dit nie noodwendig uit dat die handeling (van 'koskook') reeds op 'n vroeëre tydstip aan die plaasvind was of begin het as dié wat deur die "nou" aangedui word nie. Vandaar dan ook dat die benaming "eksklusiewe" implikasie (soos gebruik deur Doke, kyk o.a. sy Textbook of Zulu Grammar par. 441) nie korrek is nie.

Tot sover Van Eeden. Ons stem hier met hom saam en kan deels verstaan waarom hy dan die term alteratief gebruik. Daar is egter 'n saak hier wat deur alle grammatici tot dusver misgekyk is. Dit is naamlik die feit dat hierdie se- baie beslis verband hou met die hoorder. Hoe die hoorder by die handeling betrokke is, kan ons verduidelik met as vertrekpunt die aanhaling uit Van Eeden hierbo, O.i.

is die sin wat Van Eeden as voorbeeld gebruik die antwoord op 'n vraag wat heelwaarskynlik sal lui : Wenzani? Die aangesprokene kan antwoord: Ngipheka ukudla of Sengipheka ukudla. Hierdie twee antwoorde word nie fakultatief gebruik nie; elkeen het sy bestaansreg a.g.v. sekere kontekstuele omstandighede. Die aangesprokene sal die eerste antwoord gee wanneer hy weet dat sy vraesteller (en dus hoorder van sy opvolgende antwoord) bloot bedoel : met watter soort aktiwiteit is jy besig? d.w.s. die antwoord sal wees: Ngipheka ukudla. Maar wanneer die aangesprokene die vraag hoor, wetende dat die vraesteller verwag het dat hy nog met 'n vorige (ander) handeling besig sou wees, dan kom die antwoord: Sengipheka ukudla, ongeag wanneer die koskokery begin het. En hiermee wil die antwoorder aan sy hoorder te kenne gee: "Kyk hier ou maat, jy dink ek is nog met daardie ander handeling besig. Maar jy het dit mis. Wat jou betref, van hierdie oomblik af moet jy weet dat ek aan't kos kook is." Die se- het dus in die eerste plek betrekking op dié punt in die tydsvloerloop waarvandaan die hoorder kennis neem

van die nuwe handeling tot uitsluiting van die/'n vorige handeling. Dit is dus nie soseer die tydstip waarop 'n handeling begin nie, maar eerder die tydstip waarop die hoorder dit as 'n nuwe handeling meegedeel word.

Dit sluit aan by wat Wanger (1917, p. 455) opgemerk het, naamlik dat se- ook dien om tydsnitte te markeer. Hy haal die volgende sinne aan :-

Ngizohamba ngiye eThekwini, ngifike-ke khona, ngiye esitolo seSulumani; ngi- phume khona, ngiye enkantolo, ngiyolanda ipasi; ngisuke ngiyobona umfowethu, ngibuyele esitimeleni, ngigoduke-ke.	'Ek sal Durban toe gaan, daar aangekom sal ek na die Arabier (Indiër?)- winkel gaan; daarvan- daan gaan ek landdros- kantoor toe om my pas te kry; vervolgens gaan ek my broer besoek en daar- na gaan ek terug na die trein toe om huiswaarts te keer.'
---	--

Hoewel hier baie verskillende handelinge voorkom, word hulle aan die hoorder opgedis binne die aspek of persepsie van 'n enkele tydsverloop, as't ware

een tydsgreep. Hier vloei elke volgende handeling uit die vorige en daar is geen onderbreking van die tydsverloop nie. Dieselfde sinne kan egter in die historiese praesens op die volgende wyse gesê word:

Ngiyahamba ngiye
eThekwini, ngifike
khona; sengiya esi-
tolo seSulumani,
ngiphume khona;
sengiya enkantolo,
ngiyolanda ipasi;
sengisuka ngihambe
ngiyobona umfowethu;
sengibuyela esitimeleni,
ngigoduke-ke.

In hierdie vertelling word die handeling vir vyf tydsgrepe aangebied, en hulle word telkens geskei deur die predikaat met se- daarin. Hier is dus vyf tydsnitte (wat elk by die kommapunt eindig) binne die een groot tydsbestek. Die handeling binne elke enkele tydsnit hou aspek-tueel/perseptueel verband met mekaar. Slegs dié binne die tydsnit volg op mekaar. Tussen die een tydsnit en die ander kon heelwat tyd verloop en heelwat handeling plaasgevind het wat die

spreker verkies het om nie te noem nie. Daar kon byvoorbeeld tussen die tydsnit wat met umfowethu eindig en met besengibuyela begin 'n hele paar uur, dae of selfs weke verloop het met allerlei gebeure en handeling wat die spreker as irrelevant vir die hoorder beskou - daarom noem hy hulle nie. Slegs wat die spreker as relevant vir die hoorder beskou, word vermeld. Dit hang dus van die willekeur van die spreker af oor watter handeling hy in sy vertelling vir sy hoorder wil uitsluit en watter nuwe handeling hy elke slag in sy hoorder se begripsveld stoot. Om dié rede praat ons van die inseptief-eksklusiewe vormelement. Uit die voorgaande bespreking is dit dan te begrype dat hierdie vormelement veelvuldig in 'n verhaal of relaas gebruik word.

Die vormelement -ka- : negatief-eksklusief.

4.2.18 Hier val nie veel te sê nie, behalwe dat dit gewoonlik as die negatief van se- aangesien word. Ook hier is van belang die hoorder se aandeel in sy beskouing van die handeling.

Wanneer die hoorder byvoorbeeld die antwoord kry: asikahambi impliseer dit dadelik dat hy onder die indruk was dat ons reeds weg is (sesi^hambile) of reeds aan die loop is (sesiyahamba). Wanneer by dus (asikahambi) 'ons is nog nie weg nie' hoor, word aan hom te kenne gegee dat die handeling nog nie daardie punt bereik het waarop dit 'n aanvang moet neem nie. M.a.w. die handeling is nog maar hipoteties totdat dit op 'n gegewe moment werklikheid sal word. Uit die aard van die saak kan 'n handeling wat nie plaasgevind het nie, nie voltooi word nie, en dus ook nie in die verlede voltrek word nie. Daarom dat die perfektum en die verlede tydforme nie negatiewe vorme het wat korrespondeer met die positiewe vorme nie.

Die vormelement be- : imperfektiewe aspek.

4.2.19 Net soos se- het be- in Zoeloe al 'n kategoriale verandering ondergaan. Hoewel dit nog as aparte hulpwerkwoord gebruik word met sy eie onderwerpskakel, kom dit heel

dikwels voor as 'n pre-verbale vormelement. So gee dit dan ook 'n imperfektiewe aspektuele inhoud aan die handeling, proses, ens. wat deur die predikaat uitgedruk word. Ons let op die volgende sin :

- | | | |
|-----|---|---|
| (i) | Ngubani <u>owabehola</u>
ibutho leNkosi
elaliyohlasela
amaMpondo eMzi-
mvubu? | 'Wie is dit wat die
regiment van die koning
aangevoer het

(Letterlik: aan't aan-
voere was) wat die
Pondo's by Umzimvubu
gaan aanval het? |
|-----|---|---|

As ons die tweede woord hierbo sou vervang met owahola, sou daar bloot die neutrale betekenis van 'wat aangevoer het' aan die woord gegee word - 'n blote vermelding van 'n handeling dus. Deur die bybring van be-, kry die handeling 'n aspek wat aandui dat dit aan die plaasvind was. Daar word geen begin (inchoatief) of afloop (perfektief) gesuggereer nie, maar juis die gebrek aan hierdie aspekte word aangedui deur be-. M.a.w. be- dui aan dat die handeling aan die gang was

sonder om te impliseer waar dit begin en geëindig het. Daarom is be- 'n imperfektiewe vormelement. Comrie (1976, p. 24) wys daarop dat die imperfektiewe aspek in baie tale onderverdeel kan word in 'n voortdurende en 'n habituele (sub-) aspek. Hoewel Van Eeden (1956, p. 322) daarvan praat as " 'n voortdurende (duratiewe) verlede tydvorm," voel ons dat dit eintlik pertinent dui op 'n aspek wat vertolk kan word as eenvoudig net aan die gang was of, in 'n toekomstige tydvorm, as aan die gang sou gewees het. So iets impliseer gewoonlik dat 'n handeling voortgeduur het (of sou voortgeduur het), maar voortduring as sodanig word nie pertinent deur be- aangedui nie, maar eerder deur die progressiewe -sa-. Hierdie "aan-die-gang-was" - aanduiding word deur owabehola in die sin hierbo verteenwoordig. Wanneer die imperfektiewe be- habitueel aangewend word, kan ons 'n sin kry soos die wat Van Eeden (ibid.) aanhaal :

- | | | |
|------|----------------------------------|---|
| (ii) | Ubaba ubebiza
abelusi kaningi | 'My pa het die vee-
wagter baie (-keer)
geroep' |
|------|----------------------------------|---|

Dit is belangrik dat be- nooit die teenwoordige tyd impliseer nie. Dit kan egter in 'n toekomstige tydvorm aangewend word, maar dan wil dit aandui dat 'n handeling, proses, ens. sou plaasgevind het indien die toestand of omstandigheid daarvoor gunstig sou gewees het. Dit hang in so 'n geval dus dikwels saam met kondisionele sinne, hoewel daar nie 'n kondisionele sin in die volgende voorbeeld voorkom nie :

- (iii) Ubezokufika izolo 'Hy sou gister aan-
kodwa umfula gekom het, maar die
ubugcwele rivier was vol
(ibid. p. 329)

Let daarop dat in bovermelde sin be- ook in die woord ubugcwele voorkom.

4.2.20 Die imperfektiewe be- kan ook saam met ander aspektuele vormelemente gebruik word :

- (iv) besisalindile 'ons het nog vir ons
abafowethu kodwa broers gewag, maar
abafikanga hulle het nie opgedaag
nie! '

- (v) athi ewagwinya-nje 'terwyl Sh. (nog) so
amathe uShaka maar die spuug weg-
abesesukumile sluk, was hy (Ngq.)
(uNggengelele) reeds op die been'

In (iv) verskyn be- saam met die voortdurende (progressiewe) -sa- en die perfektiewe -il-, terwyl in (v) dit met eksklusiewe se- en -il- voorkom. Dit klink na 'n teenstrydigheid dat die imperfektiewe be- saam met die perfektiewe -il- kan voorkom; maar wanneer die aard van -il- verderaan bespreek word, sal gesien word dat hulle teenwoordigheid in dieselfde predikaat nie onversoenbaar is nie.

4.2.21 'n Beginsel waaraan Comrie (1976, p. 44) d.m.v. spesiale terminologie beslag gee, is dié van 'n handeling, proses, ens. wat in sy manifestasie die gedagte inhou dat dit tot 'n einde moet kom, byvoorbeeld :

- (vi) uJoni wenza 'Jan maak 'n stoel'
izitulo

In die werkwoord -enza 'maak' lê die gedagte opgesluit dat die handeling tot voltooiing sal kom, natuurlik wanneer die stoel as vervaardigde produk daar staan. Ander soortgelyke werkwoorde is -fa 'sterf', -minza 'verdrink', ens. Sulke werkwoorde, sê hy, besit die eienskap dat hulle telies ("telic") is.

1.) Aan die ander kant kry mens werkwoorde soos -hlabelela 'sing', -dlala 'speel', ens. wat nie hierdie gedagte van 'n eindpunt inhou nie, byvoorbeeld :

(vii) uJoni uyahlabelela 'Jan sing'

(viii) Abantwana badlala 'Die kinders speel
kamnandi lekker'

Hulle is weer atelies ("atelic"). Dit hang natuurlik van die konteks af of 'n predikaat telies of atelies is. In die laaste twee sinne kan die konteks die predikate byvoorbeeld telies maak :

1. Glo uit Oud-Grieks télos 'end'

- (vii a) uJoni uhlabelela 'Jan sing 'n lied'
ingoma
- (viii a) Abantwana badlala 'Die kinders speel
ibhola voetbal'

Die handeling kom resp. tot 'n einde wanneer die lied en die wedstryd ophou. Volgens hierdie siening wil dit lyk of die vormelement be- in Zoeloe juis die eksplisiete middel is om die handeling in die nie-hede atelies te maak. Dit strook met alles wat ons tot dusver oor hierdie vormelement gesê het. Wat interessant is, is dat in sin (iii) waar daar wel sprake van 'n eindpunt is, naamlik izolo 'gister', die be- juis daarvoor sorg dat die handeling van -fika 'aankom' nie daardie eindpunt bereik nie. Dit skyn dus of hierdie terminologie geskik is om gebruik te word i.v.m. die vormelement be-.

4.2.22 Van Eeden (1956, p. 322) wys daarop dat be- ook soms gebruik word in sinne soos die volgende, waarin die handeling 'n betreklik nie-voortdurende is (en waar die perfektum of die -a-

verlede tydvorm ewe goed sou pas) :

Imfene ibibona ukuthi
inyoka izoyiluma

'Die bobbejaan het
gesien dat die slang
hom sal byt'

As ons in gedagte hou dat -bona 'n ervarings-
werkwoord is, kan ons die gebruik van be- daar-
mee saam verstaan. Ervaringswerkwoorde is gewoon-
lik nie ver verwyder van toestande of prosesse nie.
Hulle is gewoonlik aanduidend van 'n werking wat
nie inherent momentaan is nie. Daarom kan be-
met gemak saam met sulke werkwoorde aangewend word.
Dit is selfs moontlik om be- met nie-momentane
aksiewerkwoorde soos -hamba, -gijima, -pheka,
ens. te gebruik :

- (ix) Nza sifika khona 'Toe ons daar aankom,
intombazana beyi- was die meisie besig
pheka/ibipheka om vleis te kook'
inyama

Sodra 'n handeling 'n momentane aksie is, word
deur be- 'n habituele aspek aan die handeling
gegee soos in (ii) hierbo. Die handeling word dan

aspektueel as 'n eenheid gesien sonder dat daar die begrip van 'n eindpunt is.

Die suffigale vormelement -il- :
voltooidheidsaspek.

4.2.23 Hoewel hierdie hoofstuk handel oor die prefigale vormelemente van die gesegde, het ons dit gerade geag om ook die suffigale -il- hierby te betrek, omdat dit so duidelik uitstaan as 'n aspektuele vormelement. Werkwoorde met hierdie -il- daarin staan tradisioneel bekend as die perfektum. Dit is so na aanleiding daarvan dat dit 'n aspek van voltooiing aandui, hoewel 'n mens versigtig moet wees om die term telies hier aan te wend. Hierdie vormelement is, tesame met sy variant -e vir die kort vorm, reeds deeglik bespreek deur Nguni-grammatici, hoewel dit nie juis oor die hoeg van aspek behandel word nie. Dit lyk of Doke (1963, p. 168 e.v.) dit as 'n besliste tyd-vorm beskou. Van Eeden (1956, p. 257 e.v.) behandel dit ook onder die tydvorme, maar gee 'n beskrywing

daarvan wat duidelik die aspektuele inhoud na vore bring. Ons kan by Van Eeden aansluit deur gewag te maak dat hoewel byna elke werkwoord in Zoeloe hierdie vormelement kan neem om 'n toestand aan te dui, dit altyd impliseer dat die toestand bestaan a.g.v. die voltooiing van 'n vorige proses of handeling. Dit is n.a.v. die "voltooiing" dat hy sy naam as perfektum kry. Dit moet egter onthou word dat hoe meer momentaan 'n handeling is, hoe duideliker die voltooidheidsaspek na vore tree. Aan die ander kant, hoe meer uitgerek of durend 'n handeling is, hoe meer doem die toestand op wat ontstaan het a.g.v. die voltooiing van die handeling. Vergelyk die volgende twee sinne :

- | | | |
|------|-----------------------------|---|
| (i) | Umalume umshayile
umfana | 'Oom het die seun
(klaar) geslaan' |
| (ii) | Umame uyiphekile
inyama | 'Moeder het die vleis
(klaar) gekook' (en
nou is dit gaar en
gereed) |

In (i) is daar weinig van 'n toestand te sien, terwyl (ii) die resulterende toestand ná die kokery na vore bring.

4.2.24 Ons het in 4.2.20 gesê dat dit na 'n teenstrydigheid lyk dat -il- saam met be- in dieselfde werkwoord gebruik kan word. As ons die twee sinne hierbo met be- herskryf, kry ons:

- | | | |
|-------|--------------------------------|--|
| (iii) | Umalume ubemshayile
umfana. | 'Oom het die seun
(altyd) geslaan' |
| (iv) | Umame bewuyiphekile
inyama | 'Moeder het die vleis
klaar gekook gehad,
d.w.s. Moeder was
klaar met die vleis-
kokery' |

Die vertaling by (iii) moet vertolk word as die habituele toestand wat geheers het. Die latente moontlikheid vir 'n toestand wat ná 'n voltooide handeling kan opduik, word hier pertinent deur be- benut om wel 'n toestand te bewerkstellig, hoewel dit 'n habituele toestand is. In (iv) word die toestand wat reeds implisiet aanwesig was in sin (ii) net verder onderstreep. In al twee die sinne d.w.s. (iii) en (iv) kom die beginsel van die ateliese eienskap ook duidelik na vore.

4.2.25 Die imperfektiewe be- is in Zoeloe
dus heeltemal versoenbaar met die
perfektiewe vormelement -il-.

4.3 VORMELEMENTE BY NAAMWOORDELIKE PREDIKATE.

4.3.1 Wanneer by predikate gekom word wat nie
'n werkwoordelike basis het nie -
d.w.s. die kopulatiewe predikaat - het 'n mens
by uitstek te doen met predikate wat 'n toestand
aandui; hetsy 'n toestand van onspesifiek-ruimte-
like teenwoordigheid (ukhona of ulapha) of spesi-
fiek-ruimtelike teenwoordigheid (usemfulemi);
hetsy 'n toestand van blote hoedanigheid (ubomvu,
mkhulu) of hoedanigheid van identifiserende aard
(indoda ngumlisa, lendoda ngumfazi). Van Eeden
(1956, p. 434) praat van 'statiese' predikatiewe.

Die identifiserende kopulatiewe vormelemente.

4.3.2 Die Zoeloetaal toon op min plekke so 'n verskeidenheid van vorme as juis by kopulatiefvorming. Dit word gewoonlik ooreenvoudig gestel dat daar twee kopulatiewe prefikse bestaan, naamlik ng- en y-. Eersgenoemde word dan aangewend by naamwoorde wat op a-, u en o- begin, en laasgenoemde by naamwoorde wat op i- 'n aanvang neem. Klas ulu- sou dan 'n uitsondering wees deur 'n kopulatiewe prefiks soortgelyk aan die onderwerpskakel te hê, en klas ili- het 'n fakultatiewe variant wat ook met die onderwerpskakel ooreenstem. Verder kan by alle klasse geen kopulatiewe prefiks voorkom nie, maar dan moet die beginvokaal met laagtoon gesê word. Hierdie laagtoon is konkomitant met al die vorme mêt kopulatiewe prefiks.

4.3.3 Hiermee is egter nog net die helfte gesê. Al die moontlikhede by kopulatiefvorming word hieronder aangegee :

Suwe. met begin a- :

Klas aba- : 'abantu, 'hhabantu, 'ngabantu

ama- : 'amanzi 'hhamanzi, 'ngamanzi

Suwe. met begin u- :

Klas umu- : 'umuntu, 'hhumuntu, 'wumuntu,
'ngumuntu
: 'umfula, 'hhumfula, 'wumfula,
'ngumfula
ubu- : 'ubuhle, 'hhubuhle, 'wubuhle,
'ngubuhle, 'yibuhle
uku- : 'ukudla, 'hhukudla, 'wukudla,
'ngukudla, 'yikudla
ulu- : 'uthando, 'hhuthando, 'wuthando,
'nguthando, 'luthando, 'uluthando,
'wuluthando, 'nguluthando,
'yiluthando.

Suwe. met begin i- :

Klas in- : 'inkomo, 'yinkomo
imi- : 'imililo, 'yimililo
isi- : 'isikhathi, 'yisikhathi, 'sikhathi
ili- : 'itshe, 'yitshe, 'litshe, 'ilitshe,
'yilitshe
izi- : 'izikhathi, 'yikhathi

Suwe. met begin o- :

Klas o- : 'obaba, 'hhobaba, 'wobaba, 'ngobaba.

Die teken 'n dui op die depressorelement wat 'n kenmerk van die kopulatief in Zoeloe is. Die pre-prefiks is in die meeste gevalle die draer van hoogtoon. Wanneer die depressorelement by die kopulatief bykom, word hierdie hoogtone as stygtone gehoor. By sommige sprekers het hierdie depressor ontwikkel tot sekere konsonante in moderne Zoeloe: 'n stemhebbende glottale frikatief (as hh aangedui), of die halfvokaal w by ander, en by nog ander tot die velare nasaal ŋ. Vergelyk ook die kopulatiewe voorbeelde by Hlongwane (1976).

4.3.4 Hierdie groot verskeidenheid dui op 'n onstandvastigheid t.o.v. die kopulatiewe vorm as sodanig. Dit is in skerpe teenstelling met byvoorbeeld vir Sothotale waar daar slegs die een vorm ke uitgekristaliseer het. Wat interessant is, is dat die vorm met yi- ook die terrein van die u- vorme al binnegedring het. Ons glo egter dat Zoeloe tog besig is om bestendigheid uit die warboel teweeg te bring. By die voornaamwoord byvoorbeeld het die kopulatiewe prefiks op

enkele uitsonderings na alreeds gestabiliseer tot yi-, bv. yilaba, yiwona, yilezi, yikhona ens. Ook maak alle konstruksies wat sintakties soos selfstandige naamwoorde gebruik word slegs van die vorm ng- gebruik, bv. ngabaphilayo 'dis die gesondes/lewendes', ngezami 'hulle is myne', ngowasekhaya 'Dis die een van die huis af', ngezibomvana 'dis/hulle is die rooieriges', ngabancane 'dis die kleintjies' ens. Wat die selfstandige naamwoord betref wil dit tog lyk of daar tekens is van 'n neiging tot eenvormigheid. Wanneer 'n mens geskrewe Zoeloe betrag, is dit opvallend hoe baie skrywers die selfstandige naamwoord sonder enige sigbare kopulatiewe prefiks gebruik. Dit beteken dat die morfologiese ken-teken van die kopulatief besig is om plek te maak vir 'n ander wyse van herkenning. Weliswaar is die depressorelement nog steeds waarneembaar in die laag- of stygtoon op die eerste vokaal van die naamwoord. Afgesien van hierdie tonetiese her-kenningsmerk is dit hoofsaaklik die sintaktiese gebruik wat bepaal wanneer 'n selfstandige naamwoord 'n kopulatief is al dan nie. So weet die

spreker byvoorbeeld onmiddellik dat wanneer 'n selfstandige naamwoord op 'n passiewe predikaat in die kort vorm volg, daardie selfstandige naamwoord gewoonlik 'n kopulatief is, mits die predikaat nie deur die onbepaalde ku- skakel ingelei word nie;

izwe lahanjwa
izinswelaboya

'die land is deur
rowers geteister'

bephethwe uvalo
olukhulu

'terwyl hulle met
groot vrees vervul
is'

So ook wanneer 'n selfstandige naamwoord volg op 'n intransitiewe werkwoord :

inhliziyo kuba
sengathi iyandiza
ukujabula

'dit het gevoel of sy
hart van vreugde vlieg'

ekhuluma ngezwi
elithuthumelayo
ulaka

'terwyl hy met 'n stem
praat wat van woede
bewe'

of wanneer 'n selfstandige naamwoord volg op 'n beskrywende kopulatief :

onderwerpskakel - en ook "relatiefskakels" -
voor dié onpersoonlike vorme geplaas word,
word sg. persoonlike vorme verkry wat terself-
dertyd ook aan die kopulatief iets bepaalds
en spesifieks gee:

liqhawe	'dit is 'n held'
uliqhawe	'hy is 'n held'
oliqhawe	'hy wat 'n held is ...'

Ons gee ook voorbeelde van kopulatiewe gebruik
binne 'n wyer sintaktiese verband. Ons kan by-
voorbeeld die volgende kry :

indoda yisilisa	' 'n man is 'n manlike spesie'
indoda ingumfazi	'die man is 'n "meid" '
lendoda ngumfazi	'dié man is 'n "meid" '

Eersgenoemde hierbo word generies gebruik en dui
gewoonlik 'n algemeen geldende waarheid aan.
Laasgenoemde twee dui op 'n spesifieke kwaliteit
van die man onder bespreking. Dit is gebruikelik

dat wanneer daar nie 'n demonstratief saam met die selfstandige naamwoord verskyn nie, die onderwerpskakel voor die identifiserende kopulatief gevoeg word. Wanneer die demonstratief wel gebruik word, skyn die onderwerpskakel oorbodig te wees. Of anders gestel, indien spesifiekheid nie d.m.v. demonstratiewe, ens., in die naamwoordstuk voorkom nie, word dit in die werkwoordstuk gemanifesteer by wyse van die klas-skakel. Verdere voorbeelde om die gebruik tussen generies en spesifiek aan te toon, is die volgende :

Generies:

ingonyama <u>isilwane</u> esesabekayo	'n leeu is 'n vrees- wekkende dier'
umkhapheyana <u>ngumelusi</u>	'n <u>umkhapheyana</u> is 'n beeswagter'
insizwa <u>wuhlobo</u> lomuntu wesilisa noma <u>inkabi</u> noma <u>inkunzi</u> engenazimpondo	'n <u>insizwa</u> is 'n tipe mens van die manlike geslag, of 'n os, of 'n bul sonder horings'

Spesifiek:

uHadebe <u>uyinsizwa</u> eqotho	'Hadebe is 'n eerlike jongman'
------------------------------------	-----------------------------------

lababantu (<u>ba</u>)yizivaka- sheli	'hierdie mense is kuiergaste'
wagasha abantu <u>abayisishiyagalolunye</u>	'hy het nege mense gehuur'
ubefuna izisebenzi <u>ezingamadoda</u> aqatha	'hy het werkers ge- soek wat geharde manne is'
lomfana kaNdelu (<u>u</u>)yinkunzi phakathi kwezintanga, kodwa abanye <u>bayizinkabi</u> nje	'hierdie seun van Ndelu is 'n bulletjie tussen sy porture, maar die ander is sommer maar net ossies.'

Die skakels tussen hakies kan heel gerieflik wegge-
laat word aangesien daar reeds 'n demonstratief in
die sin voorkom. Wat opmerklik is by die sg.
persoonlike vorme van die kopulatief is dat die
tradisionele kopulatiewe prefikse hier overt op-
tree en veral met die funksie om as oorgangsklank
tussen die onderwerpskakel en aanvangsvokaal van
die selfstandige naamwoord te dien. Veral y-,
ng- en w word ingespan vir hierdie funksie.
Die gebruik van die onderwerpskakel by kopula-
tiewe bring ons vanselfsprekend by ons volgende
afdeling.

Die onderwerpskakel.

4.3.6 In die vorige paragraaf het ons gesien hoe die onderwerpskakel saam met die identifiserende kopulatiewe vormelemente gebruik word. Dit gaan hier egter om die sg. beskrywende kopulatief. Hierdie soort predikaat kry sy ontstaan deur gebruik te maak van 'n skakel soortgelyk aan die onderwerpskakel en wat vir die doel van hierdie verhandeling as die onderwerpskakel bekend sal staan. Dit word aan alle onselfstandige naamwoorde behalwe byvoeglike naamwoorde gevoeg om 'n kopulatief te vorm :

<u>ibuhlungu</u>	'dit is seer'
<u>ubomvu</u>	'dit/hy is rooi'
<u>kuduma</u>	'dit is brak/laf'
<u>unje-nje</u>	'hy is sommer maar so'
<u>balapha</u>	'hulle is hier'

Veel is daar nie te sê oor hierdie kopulatiewe nie behalwe dat hulle semanties baie nā aan toestandswerkwoorde, veral in die perfektum, staan. Vergelyk byvoorbeeld bostaande voorbeelde met die volgende :

zizacile izinkomo	'die beeste is maer'
uhlakaniphile	'hy is slim'
kulungile	'dit in die haak/ dis goed'

Die enigste verskil, semanties, tussen die eerste groep, d.w.s. die kopulatiewe, en hierdie toestands-
werkwoorde is dat lg. 'n proses impliseer wat voor-
afgegaan het. So impliseer die toestand zizacile
die voorafgaande proses ziyazaca 'maer word',
terwyl dit nouliks die geval is met die kopula-
tiewe. Wat die laaste twee aangehaalde toestands-
perfekta betref, is dit selfs sterk te betwyfel
of hulle wel die onderskeie voorafgaande prosesse
impliseer. Om die waarheid te sê, as die spreker
tog so 'n implikasie wil gee, dan moet hy die
eksklusiewe se- gebruik (cf. 4.2.17), byvoorbeeld:

usehlakaniphile	'hy's nou slim'
sekulungile	'dis nou in die haak'

Eers dan word die hoorder daarvan bewus gemaak dat
daar 'n proses -hlakanipha 'slim word' en -lunga
'regkom' was, of moontlik selfs 'n heeltemal
ander toestand. Dit is maar enkele gevalle wat
aan ons bewys lewer hoe nãverwant toestands-
werkwoorde

op die semantiese vlak aan beskrywende kopulati-
tiewe is.

Die basiese klasprefiks.

4.3.7 Die byvoeglike naamwoordstam beklee die hoogste rang onder die onselfstandige naamwoorde, op 'n vlak net onderkant dié van selfstandige naamwoorde. Dis 'n klein groepie stamme wat hulle veral daarin onderskei (van die "relatiewe" byvoorbeeld) deurdat hulle juis die kopulatief op 'n heel besondere wyse in die klassesisteem van die positiewe konjugasie vorm. Hoewel hulle ook beskrywend van aard is, vorm hulle die kopulatief nie d.m.v. 'n onderwerpskakel nie, maar wel d.m.v. die basiese klasprefiks van die selfstandige naamwoord waarvan die byvoeglike naamwoord afhanklik is. Die betrokke klasprefiks in sy basiese vorm, d.i. sonder die preprefiks, word eenvoudig voor aan die byvoeglike naamwoordstam gevoeg om 'n beskrywende kopulatief te vorm. Van Eeden (1956 p. 413) noem dit die "kopulati-
tiewe adjektiefkonkord". Ons verkies egter om

dit as die basiese klasprefiks te bly sien.

Doke (1963, p. 102) verklaar as volg :

From adjectives are formed pronouns (S 262), and copulatives (Chap. 13), these latter corresponding to the predicative use of adjectives in English.

Van Eeden (1956, p. 395) noem die verskillende woordsoorte waarvan kopulatiewe gevorm kan word, o.a. ook adjektiewe en relatiewe. Maar in 'n voetnota by hierdie twee woordsoorte sê hy :

Indien die kopulatiewe vorm in hierdie geval in werklikheid die primêre vorm is - en nie die kwalifikatiewe vorm nie - wat heeltemal moontlik of selfs waarskynlik is, dan is dit natuurlik nie korrek nie om te sê dat kopulatiewe van die adjektief en die relatief gevorm word.

4.3.8 Wat opval by kopulatiefvorming uit byvoeglike naamwoordstamme is natuurlik die volslae afwesigheid, in die klassestelsel, van 'n ooreenstemmende skakel in die positief.

Dit moet as 'n uitsondering gesien word aangesien die eerste en tweede persone enkelvoud en meervoud wel van hulle skakels gebruik maak :

ngimncane	'ek is klein'
umkhulu	'jy is groot'
sibancane	'ons is klein'
nibakhulu	'julle is groot'

Die skakels word vanselfsprekend gebruik saam met stamme wat voorsien is van die basiese prefikse van die akteursklas/mensklas. In die derde persoon, d.w.s. die klassestelsel, kry ons egter :

mncane	'hy is klein'
bancane	'hulle is klein'
luncane	'dit is klein'
bukhulu	'dit is groot'
makhulu	'dit/hulle is groot'
zinkulu	'hulle is groot'
ens.	ens.

Hieruit kan die sterk en noue verwantskap aan die selfstandige naamwoord gesien word. Die normale prosedure vir die ontkenning van beskrywende kopulatiewe is om die negatiewe a- voor die klas (of persoons-)skakel te plaas wat voor die stam kom. Dit gebeur ook by byvoeglike naamwoorde, maar deurdat hulle so sterk die karakter van selfstandige naamwoorde openbaar, gee hulle nie hulle basiese klasprefiks in die negatief prys nie. Die gevolg daarvan is dat die negatiewe a- en die klasskakel voor die basiese prefiks geplaas word om die negatief te vorm :

<u>angimncane</u>	'ek is nie klein nie'
<u>awumkhulu</u>	'jy is nie groot nie'
<u>asibancane</u>	'ons is nie klein nie'
<u>anibakhulu</u>	'julle is nie groot nie'
<u>akamncane</u>	'hy is nie klein nie'
<u>ababancane</u>	'hulle is nie klein nie'
<u>aluluncane</u>	'dit is nie klein nie'
<u>abubukhulu</u>	'dit is nie groot nie'
ens.	ens.

Die vormelemente -ka-, -bo-, -sa-
en se-

4.3.9 Wat hier onthou moet word wanneer hierdie bousels saam met kopulatiewe gebruik word, is dat hulle eintlik werkwoord-prefikse is, en nie bloot net aan kopulatiewe gevoeg kan word nie. Die elemente -ka- en -bo- word aan die kopulatiewe werkwoordstam -ba gevoeg (-ka- natuurlik aan die negatiewe vorm daarvan -bi) :

azikabi nkulu	'hulle is nog nie groot nie'
akakabi lixhegu	'hy is nog nie 'n ou man nie'
aboba wumfana eqotho	'hy moet 'n eerlike seun wees'
angaboba wumfana omubi	'hy moet nie 'n slegte seun wees nie'

Ooreenkomstig die siening van Van Eeden (1956, p. 405, p. 427, p. 440) sou die element -sa- aan die kopulatiewe werkwoord ⁺-(1)i gevoeg word, wat nie meer in Zoeloe bestaan nie, maar waarvan

die latente invloed duidelik gesien word. Hierdie invloed is dan merkbaar wanneer 'n vorm-element met die vokaal -a voor so 'n latente ⁺-(l)i te staan kom. Terloops, ons is van opinie dat, indien dit wel die geval is, hierdie ⁺-(l)i heelwaarskynlik as -yi of bloot -i uitgespreek is in die tyd voor Shaka toe baie Zoeloesprekende stamme nog ge-"yeyeza" het, d.w.s. nog thefuya-dialekte gepraat het. Dan kan 'n mens nog beter verstaan dat die vokaal van die progressiewe -sa- voor hierdie latente kopulatiwe werkwoord tot vokaalsamesmelting kon oorgaan :

usemkhulu	'sy is nog groot'
basengabantwana	'hulle is nog kinders'

4.3.10 Hoewel ons gesê het dat die inseptief-eksklusiewe se- o.a. 'n werkwoord-prefiks is, het hy nog nie soos -sa- of -bo- of selfs -ka- heeltemal van kategorie verander nie. Hy kan nog steeds in die kategorie van hulpwerkwoord val en sodoende 'n onderwerpskakel neem, byvoorbeeld :

use engumuntu okhulile	'hy is al 'n volwassene'
base bengamadoda	'hulle is reeds manne'

In die saamgetrekte vorm usengumuntu en sebengamadoda word hy weer in die prefigale kategorie gebruik. Hy het, selfs as prefigale morfeem, 'n groter werkwoordelike valensie as die ander verbale prefikse juis omdat hy nog as hulpwerkwoord kan fungeer. En om dié rede dra hy dan ook sy werkwoordelike eienskappe oor op die kopulatief en plaas die kopulatief in 'n modus, en by name die partisipialis.

4.4 BY INGELYFDE (INGEBEDDE) PREDIKATE.

4.4.1 Voordat ons die prefigale vormelemente by ingelyfde sinne bespreek, moet ons die terrein afbaken en aandui watter tipe ingelyfde sinne hier behandel gaan word. Oor die algemeen gesproke sou ons 'n ingelyfde predikaat moet

verstaan as 'n gesegde in 'n bysin wat by 'n hoofsin gevoeg word. As ons die kring so groot gaan trek, sou die veld heeltemal te wyd wees vir hierdie studie. Derhalwe is besluit om die kring baie nou te trek en slegs die ingelyfde predikaat alleen, gestroop van enige moontlike bykomende voegwoorde, ens., te ondersoek. Dit beteken dat dit slegs in die eerste plek sal gaan om die predikaat wat deur sy inbedding 'n ander predikaat omskryf.

Omskrywing van die gesegde.

4.4.2 'n Interessante sin uit Dhlomo se boek is die volgende :

Azungeze isibaya
ehamba ejamela
labo abemile
bemjamela nabo
bepthwe uvalo
olukhulu.

'Hy sirkel om die
beeskraal terwyl hy
die staandes met 'n
dreigende blik loop
en beskou; op hulle
beurt kyk hulle hom
dreigend aan terwyl
groot vrees hulle
gevang hou.'

In hierdie sin is daar die hoofpredikaat azungeze in die kort hoofsin azungeze isibaya. Die predikaat ehamba ejamela is eintlik 'n enkele predikaat wat uit twee dele saamgestel is. Hierdie gesegde tesame met bemjamela en bepthwe staan al drie in direkte verband met die hoofgesegde azungeze en dui die verskillende handelende en toestandsituasies aan wat simultaan met dié van zungeza aan die orde is. Die onderwerpskakels saam met hierdie stamme is e- en be-. Hierdie kwaliteitsverandering by die skakels geskied slegs in dié klasse wat die vokaal a in die skakel bevat.

Behalwe vir hierdie drie gevalle bly die kwaliteit van die verbale onderwerpskakels by hierdie tipe ingelyfde predikaat net soos in die indikatief. Die toon van die situatief/partisipialis verskil egter van die indikatiefvorme. Interessant is die predikaat ehamba ejamela wat as geheel die hoofwerkwoord azungeze omskryf. Die tweede deel van die gesegde omskryf egter onmiddellik eers die werkwoord ehamba vóórdat hy saam met

ehamba die gesegde in die hoofsin omskryf. Dit is dus 'n inlywing binne 'n inlywing. Ons merk dus dat 'n partisipiale predikaat nie slegs in 'n partisipiale verhouding tot 'n hoofwerkwoord hoef te staan nie, maar dat hy ook in so 'n verhouding tot 'n reeds partisipiale gesegde kan optree.

H O O F S T U K V Y F

OORGANKLIKHEID EN ONOORGANKLIKHEID

5.1 INLEIDING.

5.1.1 Wanneer oor die term oorganklikheid
 in die taalkunde gepraat word, betree
 ons 'n terrein wat onderworpe is aan allerlei
 vaaghede. Niemand skyn nog 'n bevredigende defi-
 nisie van hierdie taalverskynsel te gegee het nie.
 In werke oor die taalteorie word daar 'n aankno-
Pingspunt gevind by die tradisionele opvatting
 dat die handeling wat deur 'n predikaat uitgedruk
 word van die onderwerp af "oorgaan" op die voor-
 werp (cf. Lyons, Entwistle e.a.). Baie teoretici
 aanvaar blykbaar dat taalgebruikers intuïtief

weet wanneer 'n sin 'n oorganklike predikaat bevat en wanneer nie, en probeer derhalwe nie verklaar wat hulle met oorganklikheid bedoel nie. In 'n ingewikkelde en gedetailleerde werkstuk oor die Engelse werkwoord bied Halliday (1966 tot 1968) alle moontlike gebruike van die predikaat in 'n sg. transitiewe raamwerk aan sonder om êrens te verduidelik wat transitiwiteit eintlik is.

Joos (1964) meld sonder om doekies om te draai dat die spreker van 'n taal instinkmatig weet wanneer 'n werkwoord oorganklik is en wanneer nie.

5.1.2 Hierdie faktor van intuïsie bring 'n ander vraag na vore, en dit is of oorganklikheid 'n kwessie van oppervlakstruktuur is of nie. Halliday se hele betoog het 'n benadering waarin hy die bobou van die taal voorop stel. Nader aan die Bantoetale het Whiteley (1968) vir Swahili ook die probleem van oorganklikheid probeer oplos. Hy benader die saak ook met betrekking tot die oppervlakstruktuur (1969 p. 108 e.v.). Die onvermydelike gevolg was dat hy te staan gekom

het voor sinkonstruksies wat heelwat problematiek inhou t.o.v. transitiwiteit. Hy beskou oorganklikheid as "the various relationships which obtain between a verb and noun or nouns to which the label 'object' is often accorded." (1969, p. 10). En dit is juis by die sogenaamde voorwerp van sy sinne waar die probleem telkens ontstaan. Hy noem elke selfstandige naamwoord wat direk ná 'n predikaat kom 'n voorwerp. 'n Enkele voorbeeld is :

Swahili : Maji yamejaa mto
Zoeloe : Amanzi agcwele umfula
'Die rivier is volwater.

waarin mto 'rivier' die voorwerp is. Deur sy stelsel van "entailments" waardeur hy 'n transformasie gee waarin die voorwerp nou onderwerp word, kry hy :

Sw : mto umejaa maji
Z : umfula ugwele amanzi
'die rivier is vol water.

As gevolg van hierdie tipe transformasie kry Whiteley dan die middel "of exposing differences of transitivity." (1968 p. 10). Vermoedelik moet albei tipes sinne hierbo dan as transitiewe sinne geld. Op hierdie wyse kry hy dan vyf sinstipes waarvan vier 'n sg. "entailment" of omstelling kan hê. In Zoeloe vertaal, is die ander vier sinstipes die volgende :

- (i) Ikhehla lelo 'Daardie ouman is
life indlala van honger dood
- geen omstelling
- (ii) Umntwana lo 'Hierdie kind hou
uthanda van piesangs'
obhanana
- met omstelling
Obhanana 'Van piesangs word gehou
bathandwa um- deur hierdie kind'
ntwana lo
- (iii) Yena uzolungela 'Hy sal deug vir die
umsebenzi werk'
- met omstelling
Umsebenzi uzolungela
yena 'Die werk sal hom goed
pas'
- (iv) Isivakashi sethu 'Ons kuiergas het
sifike ekhaya by die huis aangekom'
- met omstelling
Ekhaya kufike 'By die huis het
isivakashi sethu ons kuiergas aange-
kom'

Dit sal terloops dadelik opgemerk word dat hierdie tipe sinne reeds voorgekom het in hierdie werkstuk (cf. hoofstuk 2). Soos ons juis in gemelde hoofstuk aangetoon het, is ons standpunt dat die meeste

naamwoorde van dié aard wat ná die predikaat kom, juis nie voorwerpe is nie. Ons het hulle as deskriptiewe selfstandige naamwoorde beskou met die funksie om die werkwoord, oftewel die predikaat te omskryf. Die enigste post-predikatiewe selfstandige naamwoorde in die verzoeloeëde sinne hierbo wat met reg 'n voorwerp genoem kan word, is obhanana in (ii).

5.1.3 Op voetspoor van Whiteley het Fortune (1973, p. 117) 'n mate van verfyning gebring in sy beskrywing van hierdie soort problematiese sinne in Shona. Hy verdeel die post-predikatiewe selfstandige naamwoord in twee groepe. Die een groep noem hy "adverbial complements" en die ander groep "object complements". Maar selfs by laasgenoemde groep is daar o.i. gevalle waar 'n selfstandige naamwoord eerder 'n deskriptief (d.i. Fortune se "adverbial complement") is as 'n voorwerp. Dit gebeur veral in gevalle waar

twee selfstandige naamwoorde op die predikaat
volg :

kuzora nhembe mafuta 'om 'n skort vet te
smeer'

As ons die Shona reg interpreteer kan hierdie sin
op twee maniere in Zoeloe weergegee word :

(i) ukugcoba umutsha 'om 'n skort vet te
ngamafutha/ama- smeer'
futha

(ii) ukugcoba amafutha
emtsheni 'om vet aan 'n skort
te smeer'

Met behulp van die Zoeloe transformasies wil dit
voorkom dat een van die Shona selfstandige naam-
woorde elkers as 'n deskriptief ontleed kan word.
Dit is dat ðf nhembe 'n lokatief moet wees as
mafuta 'n voorwerp is, ðf mafuta is 'n instrumen-
tális as nhembe 'n voorwerp is. Ook uit ander
uitsprake is dit duidelik dat daar nie eenstemmig-
heid is oor wat presies 'n voorwerp is nie.

Hlongwane (p. 49 e.v.) sê byvoorbeeld: "Though the noun may have locative relation it is still the object," . O.i. kan alleenlik van transitiwiteit en intransitiwiteit gepraat word nadat 'n semantiese ontleding gemaak is van die verhoudings wat die naamwoorde in die sin tot die predikaat het. Daarby moet bepaal word watter semantiese kenmerke 'n naamwoord moet hê, asook sy verhouding tot ander naamwoorde in die sin. Ons het derhalwe dit ons taak gemaak om juis dít vas te stel. Naamwoorde met verskillende semantiese kenmerke is gevind. Die bevindings word later in hierdie hoofstuk op 'n meer sistematiese wyse aangebied.

5.1.4 Die sintaktiese kategorieë onderwerp en voorwerp skyn die onmisbare elemente in 'n sin te wees voordat dit as oorganklik bestempel kan word. 'n Situasië waarvoor baie taalbeskrywers dit nie eens is nie geld dié gevalle waar 'n voorwerp nie in die bobou van 'n sin verskyn nie. Wat staan 'n mens met ander woorde te doen met sinne van die volgende tipe? :

- | | | |
|-------|--------------------------------|----------------------------|
| (i) | Abantwana bayadlala | 'Die kinders speel' |
| (ii) | Amadoda aphuza
kakhulu | 'Die mans drink
baie' |
| (iii) | Abafana bahamba
ngokushesha | 'Die seuns loop
vinnig' |

Is hulle byvoorbeeld van dieselfde orde as? :

- | | | |
|------|----------------------|----------------------------------|
| (iv) | Abantwana bayagoduka | 'Die kinders keer
huiswaarts' |
|------|----------------------|----------------------------------|

Indien mens bloot op die oppervlakstruktuur sou oordeel, moet albei groepe as onoorganklik beskou word. Hierdie beskouing sou geld omdat daar geen selfstandige naamwoord as voorwerp in enige van die sinne voorkom nie. Omdat ons benadering egter berus op die intuïtiewe taalgevoel van moedertaalsprekers - 'n taalgevoel wat grootliks semanties georiënteerd is - gaan ons van die standpunt uit dat die eerste drie sinne elk 'n implisiete voorwerp het. Dit kan nouliks van (iv) gesê word. Die implisiete voorwerp by die eerste groep sal gewoonlik 'n komplementêre

voorwerp, of kortweg sommer 'n komplement, van die werkwoord wees (cf. Van Rooyen 1973). A.g.v. die kenmerkende aard van 'n komplement sal dit òf 'n hoofhiponiem (superordinaat) of 'n subhiponiem (subordinaat) wees. So sal sin (i) aangevul kan word met òf die superordinaat umdlalo òf subordinate ibhola / ithenisi / amadayisi ens. By (ii) is die hoofhiponiem isiphuzo met onderhiponieme itiye / ikhofi / ugologo / utshwala ens. Selfs by (iii) is dit altyd moontlik om die superordinaat ibanga in te sit, hoewel sulke werkwoorde van beweging gewoonlik daarsonder gebruik word :

- | | | |
|-------|---------------------------------------|---------------------------------------|
| (iii) | Abafana bahamba
ibanga ngokushesha | 'Die seuns loop die
ent vinnig af' |
|-------|---------------------------------------|---------------------------------------|

Maar taal is nie logies nie. Ons kry byvoorbeeld

'n sin soos :

- | | | |
|------|-------------------------------|---|
| (v) | Abafana bema
intaba | 'Die seuns staan vol-
hardend hul man' |
| of : | (vi) Umfana uhamba
isikole | 'Die seun gaan
skool' |

waarin daar telkens 'n selfstandige naamwoord op die predikaat volg. In (vi) is die selfstandige naamwoord isikole ook nie eens 'n komplementêre voorwerp soos die selfstandige naamwoord in (iii) nie. In hierdie laaste twee voorbeelde het die naamwoorde klities so saamgegroeï met die predikaat dat hulle nie meer deskriptiewe is nie. Elke selfstandige naamwoord het trouens saam met die werkwoord 'n heel nuwe enkele betekenis gekry wat nie meer aan die letterlike gekoppel kan word nie. Daar kan egter dikwels 'n historiese verklaring aan die hand gedoen word t.o.v. die ontwikkeling vanaf 'n letterlike betekenis, waarin elke woord sy bydrae gelewer het, tot by die huidige betekenis waarin daar nie meer op elke woord se betekenis afgegaan kan word nie. Gevalle soos die volgende :

-hlaba ikhefu	'n blaaskans kry'
-hamba isikole	'n skolier wees'
-ma intaba	'vasberade wees'
-qina idolo	'moedig wees'

word dus as enkele predikate beskou wat 'n toestand, proses, handeling ens. al na gelang

van die betekenis aandui. En dit ten spyte daarvan dat hulle as twee woorde (werkwoord + selfstandige naamwoord) gesê word. Melding moet in hierdie verband ook gemaak word van taalkonstruksies wat lyk op die vaste uitdrukings wat sopas aangehaal is, maar wat tog in 'n belangrike opsig van hulle verskil. Daar is byvoorbeeld :

-hleka insini	'spottend lag'
-phuma impi	'op die oorlogspad uitgaan'
-phuma ingina	'op 'n jagtog uitgaan'
-phupha umame	'van Moeder droom'
-vusa umuzi	'n gesin/familie tot stand bring'

In hierdie laasgenoemde gevalle behou die werkwoord nog iets, indien nie alles, van sy werklike betekenis. Die selfstandige naamwoord behou nog sy eie betekenis en tree nog as die omskrywer van die predikaat op. Dit staan in groot mate los van die werkwoord en het nie

daaraan vasgegroeï tot 'n enkele werkwoordelike betekenis nie. Dit wil egter nie sê dat daar geen klisis tussen selfstandige naamwoord en werkwoord is nie. Die blote feit dat die predikaat in sy kortvorm gebruik word, noodsaak klisis. Maar die klisis is van 'n lossere aard as byvoorbeeld in -gina idolo of -ma intaba.

5.1.5 Wanneer ons die transitiwiteit al dan nie van sinne bepaal, sal ons daarop let dat daar ten minste twee deelhebbers aan, of gemoeïdes by, die saak van die werkwoord moet wees. Uit wat vooraf reeds gesê is, is dit duidelik dat enige implisiete deelhebber ook in berekening gebring word al word dit nie overt gemanifesteer nie. Wat verder van belang is, is dat daar gelet sal word op die semantiese verhoudings wat naamwoorde tot die werkwoord in 'n sin openbaar, asook wat naamwoorde tot mekaar, gewoonlik via die predikaat, openbaar. Daar sal gevind word dat nie enige twee naamwoordtipes

se teenwoordigheid die sin transitief maak nie. Dit sal veral in die eerste deel van die uiteensetting wat volg duidelik te sien wees. In die tweede deel wat daarop volg, sal die essensiële vereistes vir oorganklikheid weldra aan die lig kom.

5.2 NAAMWOORDELIKE VERHOUDINGS IN DIE
SIN (DEEL 1).

5.2.1 Die werkwoord staan sentraal in die sin. Hy kan outonoom wees en nog steeds 'n volledige sin wees. As gevolg van hierdie oorheersende posisie van die werkwoord gaan ons van die standpunt uit dat dit die werkwoord is wat bepaal watter naamwoorde (selfstandig of verboë) saam met hom in 'n goeie grammatikale sin kan voorkom. Dit is dus van belang om telkens ook die semantiese eienskappe van elke predikaat te bepaal voordat besluit kan word watter naamwoorde pas by die semantiese aard van die werkwoord. Die semantiese aard van 'n predikaat kan

o.a. een van die volgende vier wees : 'n toestand, 'n proses, 'n aksie en 'n aksieproses. 'n Belangrike leidraad tot die bepaling van die semantiese aard van 'n gesegde sal die betekenis wees soos dit in die betrokke sin voorkom. Miskien kan ons by die volgende sinne begin :

- | | | |
|-----|------------------------------|--|
| (1) | ahlale phansi
uShaka | 'Shaka gaan sit' |
| (2) | ibandla linyakaze
kancane | 'n effense roering
trek deur die vergadering' |
| (3) | aghubeke uShaka
kancane | 'Shaka gaan kortliks
voort' |
| (4) | lisukume lonke
ibandla | 'soos een man staan
die vergadering op' |

Hierdie sinne het almal een ding in gemeen.

Dit is dat die gesegdes almal werkwoorde bevat wat as egte handeling beskryf kan word. Die predikate bestaan dus uit aksiewoorde. In

sinne (i) en (iii) verskyn die selfstandige naamwoord uShaka saam met die aksiewerkwoorde ahlale en aqhubeke onderskeidelik. 'n Aksiewerkwoord kies vir hom 'n selfstandige naamwoord wat 'n handeling kan uitvoer, naamlik die betrokke aksie wat deur die predikaat weergegee word. So 'n selfstandige naamwoord word dan die agens van die handeling genoem. In (ii) en (iv) is -nyakaza en -sukuma eweneens aksies met elk die agens ibandla. Ons kry verder, volgens definisie, die onselfstandige naamwoorde phansi in sin (i) en kancane in (ii) en (iii). Dit is baie duidelik dat phansi die plek aandui waar die handeling in (i) plaasvind. Hy staan dus in 'n lokatiewe verhouding tot die predikaat en word 'n lokatief genoem. Die woord kancane in (ii) en (iii) is 'n naamwoord wat aandui hoe die handeling geskied. Ons noem hom dus 'n deskriptief van hoedanigheid.

5.2.2 Dit is miskien op hierdie tydstip nodig dat ons verduidelik hoe ons te werk sal gaan in hierdie hoofstuk met die begrip wat ons tot dusver as 'n deskriptief beskou het.

Ons wil graag in hierdie hoofstuk 'n nadere presisering van die term daarop na hou. Aan die ander kant wil ons ook nie in die fynste besonderhede ingaan nie. Daarom sou ons die deskriptief (hetsy verboë of onverboë naamwoord) slegs onder twee hoofde wou onderverdeel. Dit is naamlik die lokatiewe deskriptief soos phansi hierbo, en die deskriptief van hoedanigheid soos kancane. Ons is bewus daarvan dat daar fyner indelings kan wees soos deskriptiewe van doel, rede, graad ens., maar vir ons doel word al hierdie fyner onderskeidings ondervang deur die term hoedanigheid. Insgelyks sal alle deskriptiewe naamwoorde wat tyd aandui, soos byvoorbeeld ekuseni, izolo, kusihlwa, ntambama, ebusuku, ebusika ens., onder die lokatief geplaas word. O.i. dui deskriptiewe soos hierdies eventueel tog die plek in die tydsverloop aan. Eintlik sou 'n term soos "tydruimtelike" deskriptief miskien beter gepas het, maar ons hou by die tradisionele term lokatief met die nodige aanpassing soos aangedui.

5.2.3 Daar is egter 'n ander tipe deskriptief wat verdien om uitgesonder te word. Dit is die deskriptief wat in 'n instrumentele hoedanigheid betrokke is by die verwesening van die predikaat. Die rede waarom hy uitgesonder word, is omdat hy dikwels 'n selfstandige naamwoord is wat as die onderwerp in 'n sin kan voorkom. Dikwels tree dit as 'n plaasvervanger van die naamwoord op, maar kan ook in sy eie reg as subjek van die sin optree, soos ons later sal sien. Wanneer dit nie die onderwerp van die sin is nie, tree dit meestal in 'n verboë vorm op. Wanneer dit in die verboë vorm voorkom, sal dit nogtans afsonderlik as 'n instrumentális aangedui word, soos in die volgende twee sinne :

- | | | |
|-----|------------------------------|---------------------------------------|
| (5) | (indoda) igwaze
ngawo | 'en (die man) steek
daarmee' |
| (6) | imbongi ibonga
ngezibongo | 'die digter prys
met sy prysdigte' |

In albei hierdie sinne is ngawo en ngezibongo resp. die instrumentalis. Die ander naamwoorde, naamlik indoda en imbongi is telkens die agens van die sin.

5.2.4 In ons beskouing van die ses sinne hierbo het ons nog nie die naamwoorde-like lonke behandel nie. Dit lyk of hy minder met die predikaat te doen het as die ander wat in oënskou geneem is. Inderdaad vorm hy eintlik 'n onderdeel van die selfstandige naamwoord ibandla in (iv). Sy verhouding sal dus nie direk tot die predikaat bepaal kan word nie. Hy is eerder in 'n verhouding tot sy selfstandige naamwoord. Hierdie ses sinne bring een feit duidelik na vore. Dit is dat wanneer daar 'n agens in die sin is, dit altyd die plek van die onderwerp inneem.

Ons kyk na die volgende sinne :

- (7) iziseko zayo 'sy stutpale is ge-
 zigxile enkathini anker in 'n moeilike
 elukhuni tydvak'

- | | | |
|-----|--|---|
| (8) | (isizwana) esabe
sakhe ngaseHlimbi-
thwa | '(n stammetjie)
woonagtig by Hlim-
bithwa' |
| (9) | ukuthi izwe
nxashana lime
kabi | 'dat wanneer die
land in 'n benarde
toestand was' |

As ons hierdie gesegdes deeglik beskou, kom ons agter dat hulle bestaan uit werkwoorde wat toestande aandui. Kyk ons na die onderwerpe in elke sin, dan vind ons dat elkeen (iziseko, isizwana, izwe) nie iets doen nie, maar in die toestand verkeer wat deur die gesegde aangedui word. Sulke naamwoorde word semanties pasiënses genoem (cf. Chafe p. 98, Van Rooyen p. 116).

Dit is insiggewend dat pasiënses die onderwerpsposisie inneem wanneer daar geen agens of instrumentalis in die sin is nie. In die volgende sinne

- | | | |
|------|---------------------------------------|---|
| (10) | (impi) ifike
lapha emizini
yabo | 'en wanneer (die
krygsmag) hier by
hul statte aankom' |
| (11) | kodwa isu lavela
ngenye indlela | 'maar die plan het
hom op 'n ander wyse
voorgedaen' |

is ifike en lavela niks anders as prosesse nie, d.w.s. hulle dui 'n verandering van toestand aan. Die naamwoorde wat die prosesse ondergaan is impi en isu resp. Hulle word ook pasiënsse genoem. Weer eens tree hulle as die onderskeie onderwerpe op by gebrek aan 'n agens of instrumentális in die sin.

5.2.6 Die vraag ontstaan of 'n lokatief ook as onderwerp van die sin kan optree. As ons die subjekte in onderstaande sinne as lokatiewe bestempel, wil dit voorkom of dit dalk die geval kan wees :

- | | | |
|------|----------------------------------|---|
| (12) | umfula ugwele
amanzi | 'die rivier is vol
water' |
| (13) | amaphaphu ayese-
gcwele umoya | 'hulle hou asem op,
<u>Letterlik</u> : die
longe was vol lug' |
| (14) | imikhonto igwele
igazi | 'die asgaaie is
vol bloed' |

Hoe graag 'n mens ook so 'n standpunt sal wil huldig en die subjekte as lokatiewe wil beskou, bly dit

egter 'n feit dat elke selfstandige naamwoord wat as onderwerp optree in die eerste plek 'n pasiëns van die werkwoord -gcwele is. Hierdie werkwoord is nie net semanties 'n toestand nie, maar is selfs vormlik so. Elk van die onderwerpe verkeer in die toestand van 'vol wees' en moet dus pasiëns wees. Elke sin bevat egter 'n tweede selfstandige naamwoord. Sy verhouding tot die predikaat bestaan daarin dat dit die stof aandui, of verklaring gee, ten opsigte waarvan die 'vol wees' 'n bestaansreg het. Hoewel daar in navolging van Louw (1971), 'n akkurate semantiese beskrywing van die verhouding gegee kan word, volstaan ons met die aanname dat hulle elk in die breë ook 'n deskriptief van hoedanigheid maar meer bepaald 'n instrumentalis is. Die eienaardige van hierdie tipe werkwoord is dat die instrumentalis die onderwerpsposisie kan vul sonder dat daar 'n wysiging in die verhouding tot die gesegde plaasvind. Dit word gedoen ter wille van fokus en emfase :

- | | | |
|------|---------------------------------|-------------------------------|
| (15) | amanzi agcwele
umfula | 'die rivier is vol
water' |
| (16) | umoya wayesegcwele
amaphaphu | 'hulle het asem
opgehou' |
| (17) | igazi ligcwele
imikhonto | 'die asgaaie is
vol bloed' |

Die interessante wat hieruit voortvloei is dat die werkwoord -gcwele blykbaar gelyke status gee aan 'n pasiëns en 'n instrumentális.

5.2.7 Met die bespreking tot dusver moes dit al duidelik geword het dat daar in die taal 'n duidelike rangorde bestaan wanneer dit kom by naamwoorde wat die onderwerpsposisie inneem. In die eerste plek kan geen verboë naamwoord as onderwerp optree nie. Alle onderwerpe in Zoeloesinne is altyd vormlik selfstandige naamwoorde. Semanties bestaan die volgende toedrag van sake t.o.v. die onderwerp: As daar 'n agens in die sin is, sal dit altyd onderwerp wees. As daar nie 'n agens in die sin is nie sal 'n instrumentális, indien teenwoordig, die onderwerp wees. As beide agens en instrumentális teenwoordig

is, neem die instrumentális 'n ondergeskikte posisie in en kom vormlik voor met die kenmerkende nga- voorvoegsel. Indien beide agens en instrumentalis afwesig is, is die onderwerp altyd 'n pasiëns. Indien 'n pasiëns tesame met 'n agens en instrumentalis nie in die sin voorkom nie, kan 'n instrumentális die onderwerp wees op voorwaarde dat hy dan 'n onverboë selfstandige naamwoord na die vorm moet wees. Lg. geval kom baie selde voor.

5.2.8 Laat ons nou kyk na 'n tipe sin wat baie algemeen in Zoeloe voorkom. Dit gaan om sinne soos die volgende :

- | | | |
|------|----------------------------------|--|
| (18) | kwavela umhlola | 'en toe het daar
'n groot gebeurtenis
plaasgevind' |
| (19) | kwabanda amathumbu
emadodeni. | 'en die manne het
koud geword van
die vrees' |
| (20) | ukuthi kuzochi-
theka igazi | 'dat bloed sal
vloei' |

Hierdie predikate het almal die vormelement ku- (of kwa-) in gemeen. Hierdie onbepaalde ku- laat die werkwoorde anders optree as by ander skakels. Ons is op die oomblik egter gemoeid met die verhouding wat elk tot sy naamwoord in die sin het. As ons al drie sinne noukeurig beskou, dan merk ons dat elke werkwoord 'n proses aandui. Die naamwoorde umhlola, amathumbu en igazi dui die dinge aan wat die proses ondergaan, en wat gevolglik as pasiënse van hul onderskeie werkwoorde beskou moet word. In (19) staan emadodeni boonop in 'n gemarkeerde lokatiewe verhouding tot die werkwoord -banda. In die volgende sinne

(21) ".....," "'.....",
kuphendula antwoord Nomalanga'
uNomalanga

(22) Kuqale uGala 'Gala het begin'

staan die naamwoorde in 'n agentiewe verhouding tot die werkwoorde, terwyl in 'n sin soos

(23) ngalapho kuhlezi 'daarlangs waar
khona uShaka Shaka sit'

die naamwoord uShaka 'n pasiëns is as gevolg van die toestand -hlezi waarin hy verkeer. In al die sinne van (18) - (23) is die pasiëns en agense die onderwerp. Hulle word almal in die gesegde verteenwoordig deur die onbepaalde ku- as onderwerpskakel. Veral sin (23) is interessant omdat hy duidelik aantoon dat die ku- skakel die onbepaalde ku- is. Die ku- verteenwoordig byvoorbeeld nie die lokatief ngalapho khona in die sin nie omdat ngalaphokhona nie die onderwerp is nie, maar wel uShaka.

5.2.9 'n Baie interessante sin wat ons raakgeloop het, is die volgende :

(24) Kuthule kuthe 'Dis doodstil'
 du

Hier is eintlik twee predikate waarvan die hoofpredikaat Kuthule is. Die onderskikkende predikaat kuthe tree saam met sy aanvullende ideefoon du as 'n deskriptief van die hoofgesegde op. Hoewel kuthe du alleen as 'n sin beskou kan word,

kan dit in sin (24) ook as 'n onderskikkende bysin van die hoofsin Kuthule beskou word. Indien ons die gesegde -thi sou wegneem, kan ons ewe goed sê: kuthule du. Of ons nou twee predikate of een in die sin het, die feit bly dat ons hier 'n onderwerplose sin het. Maar nou is dit 'n kenmerk van die Zoeloetaaleie dat elke gesegde in 'n stelsin 'n onderwerpskakel moet hê. En so voorsien Zoeloe homself van die onbepaalde "onderwerpskakel" ku- om by onderwerplose gesegdes die morfologiese (en sintaktiese) gesegdepatroon te bly handhaaf.

5.2.10 Dit is miskien van belang t.o.v. die kwessie van oorganklikheid al dan nie dat hierdie ku- konstruksie nader in oënskou geneem word.

Daar is byvoorbeeld passiewe vorme soos :

(25)	kuyakhulunywa	'daar word gepraat'
	kuyahanjwa	'daar word geloop'
	kuyafiwa	'daar word doodgegaan'
	kuyasetshenzwa	'daar word gewerk'
	kuyangenwa	'daar word ingegaan'

ens.

Hierdie tipe sin het die volgende gebruiksmoontlik-
hede:

- (a) Dit kan alleen staan sonder iets bykomends.
- (b) Dit kan verboë naamwoorde as deskriptiewe neem. Ons kry byvoorbeeld kukhulunywa kaningi 'daar word baie gepraat', kuhanjwa ngamandla 'daar word sterk/kragtig geloop', kufiwa njengezimpukane 'daar word soos vlieë doodgegaan' ens. Die gesegde moet in so 'n situasie in die kort vorm verskyn aangesien fokus asook emfase op die woord ná die gesegde kom.
- (c) Indien dit 'n selfstandige naamwoord as toevoeging kry, kan dit slegs 'n komplement wees, d.w.s. 'n semanties aanverwante selfstandige naamwoord: kukhulunywa inkulumo 'daar word 'n toespraak gelewer', kuhanjwa ibanga 'daar word 'n afstand geloop' ens. So 'n komplement kan natuurlik deur sub- of mede-hiponieme vervang word, bv. kukhulunywa indaba 'n saak word bespreek', kuhanjwa izinyathelo ezimbalwa 'n paar treë word geloop' ens.
- (d) Dit kan nie 'n kopulatief as toevoeging kry nie. In Zoeloe kan 'n kopulatief gewoonlik op die passiewe vorm volg. Dan staan dit in 'n agentiewe verhouding tot die predikaat, byvoorbeeld inkomo ishaywa ngumfana waarin umfana die agens is. So iets is nie moontlik by die passiewe ku- konstruksie nie.

Indien die predikate alleen sinne vorm, dan is hulle onderwerploos. Moontlik kan daar aangevoer word dat hulle onderwerpe kan impliseer, maar hulle spesifiseer nooit 'n onderwerp nie. Indien so 'n predikaat soos in (c) 'n komplement neem, word konvensioneel aangevoer dat dit 'n grammatiese onderwerp is. Hier het ons nou 'n geval waar logika en grammatika bots. Semanties gesien, is dit aanneemlik dat by 'n passiewe werkwoord die semantiese kenmerk "proses" teenwoordig sal wees, afgesien daarvan of hy in die aktiewe vorm ook die semantiese kenmerk "aksie" of ook "proses" gehad het. As gevolg van die teenwoordigheid van die kenmerk "proses" sal die selfstandige naamwoord wat deur so 'n passiewe predikaat geselekteer word, gevolglik 'n pasiëns van die werkwoord wees.

5.2.11 As ons nou die sinne in (25) uit die oogpunt van die nie-passiewe vorm beskou, dan merk ons die volgende op :

- (a) alleenstaande nie-passiewe vorme soos +kuyakhuluma, +kuyahamba, +kuyafa, +kuyasebenza, ens. is nie moontlik nie.

- (b) Die toevoeging van verboë naamwoorde is ook nie moontlik nie, bv. +kukhuluma kaningi, +kuhamba ngamandla, ens.

- (c) Die toevoeging van 'n selfstandige naamwoord is baie algemeen, bv. kukhuluma abafazi, kuhamba amabutho, kufa indoda, kujabula abantwana, ens.

As ons nou die semantiese verhoudings van die selfstandige naamwoorde hierbo vergelyk met dié in (c) van die vorige paragraaf, dan merk ons die volgende : die selfstandige naamwoorde by die passiewe predikate staan in die verhouding van 'n pasiëns terwyl hulle by die nie-passiewe predikate in die verhouding van òf pasiëns òf agense staan. So is abafazi en amabutho agense, en indoda en abantwana pasiëns van hul onderskeie predikate. Alle sulke selfstandige naamwoorde is die onderwerp van die sin, beide grammaties en logies.

5.2.12 Ons betrag vervolgens die volgende
sinne :

- (26) abantu baphenduke 'die mense het
 amazimuzimu mensvreterers geword'
- (27) ibala lobuso 'sy gelaat het swart
 laphenduke amalahle soos steenkool geword'

In albei sinne het -phenduka dieselfde betekenis;
en die semantiese eienskap wat dit openbaar is dié
van 'n proses. Dit is die selfstandige naamwoorde
abantu en ibala wat die proses ondergaan. Hulle
moet dus as pasiëns van die predikaat beskou word.
Nou is die vraag: watter verhouding het die self-
standige naamwoorde amazimuzimu en amalahle tot die
gesegde? Noukeurige betragting hiervan dwing
mens tot die siening dat hierdie selfstandige
naamwoorde in 'n hoedanigheidsverhouding tot die
werkwoord staan. Hulle sê naamlik hoe die ver-
andering t.o.v. die pasiëns voltrek word. 'n
Moontlike vraag is of die twee post-predikatiewe
naamwoorde nie moontlik voorwerpe kan wees nie.
'n Kort vergelyking met sin (26) behoort dadelik
die vraag te beantwoord. Indien ons die werkwoord

-phenduka na die vorm -phendula sou verander,
ontstaan :

- (26a) abantu baphendule 'die mense het die
amazimuzimu mensvreeters geantwoord'

Hierin staan die selfstandige naamwoorde nou as gevolg van die werkwoord in ander verhoudings tot die predikaat. Die woord abantu is nou die agens van die sin, en amazimuzimu is 'n pasiëns. Die werkwoord was dus 'n aksieproses en nie 'n blote proses soos -phenduka nie. In hierdie stadium kan ons bloot sê dat amazimuzimu meer op 'n voorwerp lyk in (26a) as in (26).

As ons kyk na die volgende sinne :

- (28) izithukuthuku 'die sweet het druppels-
zehla amathonsi gewyse geval'
- (29) sengathi uyacinana 'asof hy benoud raak
umoya wat sy asemhaling be-
tref'

vind ons dat izithukuthuku en yena (verteenwoordig) deur die onderwerpskakel u- in (29)) onderskeidelik die pasiënse is van -ehla en -cinana. Maar wat van die selfstandige naamwoorde ná die gesegde? Daar is sterk klisis tussen zehla en amathonsi in (28). Wat die verhouding van amathonsi tot die predikaat betref, kan ons slegs tot die gevolgtrekking kom dat dit aandui hoe die sweet val. Amathonsi is dus 'n deskriptief van hoedanigheid. By (22) is die saak meer ingewikkeld. By die praat van die sin is daar 'n duidelike hiaat waarneembaar tussen uyacinana en umoya. Verder dui die lengte by die voorlaaste lettergreep van -cinana op sinsvolledigheid (cf. 4.2.8) terwyl umoya as 'n soort uitgespreekte nagedagte kom. Ons sou die sin eintlik kon herskryf as

(29a) sengathi umoya wakhe uyacinana

waarin die onderwerpskakel u- van yena nou geword het die possessief wakhe, en die nuwe onderwerpskakel u- nou staan vir umoya. Eintlik het ons twee sinne in (29) :

- (29b) sengathi uyacinana; 'asof hy benoud is,
kusho kuthi umoya dit wil sê sy
wakhe asem(haling)'

As gevolg van ellipsis het slegs die kernwoord van die tweede sin oorgebly as 'n aanhangsel van die eerste sin. Die werkwoord -cinana dui 'n proses aan, daarom sal die onderwerp (yena) 'n pasiëns wees. Maar nou is umoya 'n nadere spesifisering van yena. Dit laat die lig nie meer op die volle persoon val nie; maar dit spits af op slegs 'n deel van hom, naamlik die asem in sy longe. Die woord umoya is m.a.w. ook 'n pasiëns van die predikaat. Die enigste gevolgtrekking waartoe ons kan kom, is dat umoya 'n fyner gespesifiseerde pasiëns van die gesegde is in apposisie tot yena. Miskien word die argument verduister deurdat die onderwerpskakel by -cinana dalk aangesien kan word as dié van umoya. Laat ons dus kyk na 'n soortgelyke sin, maar met naamwoorde uit verskillende klasse :

- | | | |
|------|---|---|
| (30) | Athimule kube
sengathi
uzosakazeka
ikhanda | 'hy nies dat dit
lyk of sy kop uit-
mekaar gaan spat' |
|------|---|---|

Hierdie sin kom heel gerieflik ná die woord uzosakazeka geëindig het. Maar nou presiseer die skrywer die 'uitmekaarspat' na slegs 'n deel van die liggaam en nie na die hele liggaam waaruit die persoon (cf. skakels a- en u-) bestaan nie. Dit word gedoen deur die naamwoord ikhanda in sy onverboë vorm ná 'n hiaat te laat volg. Die sin kan geparafraseer word as

- | | | |
|-------|--|---|
| (30a) | athimule kube
sengathi
lizosakazeka
ikhanda lakhe | 'hy nies dat dit lyk
of sy kop uitmekaar
gaan spat' |
|-------|--|---|

waarin dit duidelik is dat die onderwerpskakel u- nou verander het na die possessiewe voornaamwoord lakhe. Daar is nou 'n overte aanduiding dat ikhanda in 'n besitsverhouding tot die persoon (yena) staan. Semanties aanvaar ons dit ook so in (30), maar sintakties is ikhanda in apposisie

tot u- (of yena). Die werkwoord -sakazeka is 'n proses. Gevolglik is yena sy pasiëns. Die vraag kan miskien ontstaan of ons nie ikhanda as 'n stylvoller spreekwyse moet sien van die lokatief ekhanda nie. Sou ons ekhanda in die plek van ikhanda stel, dan verander die betekenis van die sin. Ekhanda sou dan aandui dat daar êrens aan sy kop 'n uitbarsting plaasvind. Die oorspronklike sin dui aan dat iets met die kop gebeur; dus nie lokatief nie. Daarom is die verhouding tot die predikaat dié van 'n pasiëns, soos aangedui.

5.2.13 'n Sinstipe wat semanties baie nou aansluit by sin (30) hierbo, is die tipe sin wat 'n predikaat bevat bestaande uit 'n werkwoord wat een of ander vorm van aanraking aandui, byvoorbeeld -shaya, -luma, -thinta, -phatha ens. Ons het reeds 'n sin met so 'n werkwoord, naamlik -gcoba in die inleiding tot hierdie hoofstuk opgehaal (cf. 5.1.3). Ons haal die sin weer hier aan en gee nog 'n enkele sin of wat ter illustrasie :

- (31) ukugcoba umutsha 'om 'n skort
amafutha vet te smeer'
- (31a) ukugcoba amafutha 'om vet aan 'n
emtsheni skort te smeer'

Na aanleiding van sin (31a) kan wel gevra word of umutsha in (31) dan nie ook 'n lokatief is nie. Waar hierdie tipe sin in ander tale voorkom, wil sommige grammatici wel so 'n opvatting huldig (Stockwell e.a. 1973, p. 39). Daar is egter 'n belangrike faktor wat hier maklik misgekyk kan word. Dit is naamlik dat wanneer, byvoorbeeld in die sinne hierbo, die selfstandige naamwoord umutsha gebruik word, die hele ruimte wat deur die naamwoord aangedui word, in berekening gebring moet word. Dit gee aan die voorwerp umutsha en die handeling wat daarby betrokke is, iets van 'n algemeenheid en gevolglik ook iets vaags. In die geval van emtsheni is dit nie die hele artikel wat betrek word nie. Die skort bied slegs die lokaliteit as 'n soort agtergrond waarteen of waarop die handeling plaasvind. Dit dui vir die handeling 'n spesifieke lokaliteit aan. In (31)

is dit die artikel self wat van primêre belang is, terwyl die artikel umutsha in (31a) slegs die milieu verskaf. Daarom is die gedagte wat deur sin (31) uitgedruk word dat die hele skort vol vet gesmeer word. In (31a) word dit glad nie geïmpliseer nie, maar eerder dat 'n gedeelte van die skort met vet behandel is.

5.2.14 Effens anders maar tog nog in dieselfde semantiese kader is die volgende sinspare :

- | | | |
|-------|---|--|
| (32) | Inyoka yamluma
unyawo | 'n slang het sy
voet gepik' |
| (32a) | Inyoka yamluma
onyaweni | 'n slang het hom aan
sy voet gepik' |
| (33) | Isenzo leso
singithinta
inhliziyo | 'sy daad roer
my diep' |
| (33a) | Isenzo leso singi-
thinta enhliziweni | 'sy daad roer iets in my' |

Soos umutsha in (31) is unyawo in (32) en inhliziyo in (33) semanties pasiëns. Ook by hulle geld dit dat die hele betekenisveld wat die naamwoorde aandui, in die verstaan van die sin betrek word. By unyawo word aan die hele voet gedink as geaffekteer, terwyl by onyaweni daar gedink word aan die bytplek gesien teen 'n agtergrond van 'n voet. In (33) word die sin in 'n oordragtlike betekenis verstaan. Maar selfs dan nog word die geheel teenoor die deel gestel as dit met (33a) vergelyk word. Terwyl my 'hele hart' in (33) aangeraak word, het dit in (33a) slegs 'n hartsnaar aangeraak'.

5.2.15 Hoewel ons in (31) nie 'n volsin aangegee het nie, kan ons aanneem dat die onderwerp 'n agens sal wees omdat -gcoba 'n aksieproseswoord is. Die woord umutsha dui die ding aan wat die handeling ondergaan en moet dus 'n pasiëns wees. Dit is duidelik te sien dat amafutha 'n instrumentalis is. In (32) en (32a) is inyoka die agens en unyawo die pasiëns en onyaweni die lokatief respektiewelik. Die -m- in (32) is

'n possessief, maar in (32a) gebeur dieselfde t.o.v. inhliziyo en enhliziyweni. Ook hier is -ngi- in (32) 'n possessief, maar 'n pasiëns in (33a). In albei sinne is isenzo 'n instrumentalis.

5.2.16 Ons is nou in 'n posisie om 'n skematiese voorstelling van die behandelde sinne te gee t.o.v. die semantiese verhouding wat die naamwoorde in elke sin tot die gesegde handhaaf. In die eerste kolom word die tipe werkwoord aangedui waaruit die gesegde bestaan, terwyl die tweede kolom die naamwoordverhoudings wegee: Die naamwoordverhouding wat die onderwerp in die bobou van die sin verteenwoordig word in hoofletters geskryf. In plaas van deskriptief van hoedanigheid, word bloot net die woord deskriptief gebruik. Omdat 'n possessief nie in direkte verhouding tot 'n gesegde is nie, word hy in hakies geplaas met 'n pyltjie na die selfstandige naamwoord waarmee hy in verband staan:

<u>Werkwoord</u>	<u>Naamwoordverhoudings.</u>
(1) aksie	lokatief AGENS
(2) aksie	AGENS deskriptief
(3) aksie	AGENS deskriptief
(4) aksie	AGENS
(5) aksie	AGENS instrumentalis
(6) aksie	AGENS instrumentalis
(7) toestand	PASIENS (← possessief) lokatief
(8) toestand	PASIENS lokatief
(9) toestand	PASIENS lokatief deskriptief
(10) proses	PASIENS lokatief lokatief (← possessief)
(11) proses	PASIENS deskriptief
(12) toestand	PASIENS instrumentalis
(13) toestand	PASIENS instrumentalis
(14) toestand	PASIENS instrumentalis
(15) toestand	INSTRUMENTALIS pasiëns
(16) toestand	INSTRUMENTALIS pasiëns
(17) toestand	INSTRUMENTALIS pasiëns
(18) proses	PASIENS
(19) proses	PASIENS lokatief
(20) proses	PASIENS
(21) aksie	AGENS
(22) aksie	AGENS
(23) toestand	PASIENS lokatief
(24) toestand	-
(25) proses	PASIENS / KOMPLEMENT / lokatief / deskriptief
(26) proses	PASIENS deskriptief
(27) proses	PASIENS deskriptief

<u>Werkwoord</u>	<u>Naamwoordverhoudings.</u>
(28) proses	PASIËNS ^{..} deskriptief
(29) proses	PASIËNS (← possessief)
(30) proses	PASIËNS (← possessief)
(31) aksieproses	AGENS pasiëns instrumentalis
(31a) aksieproses	AGENS komplement lokatief
(32) aksieproses	AGENS (possessief→) pasiëns
(32a) aksieproses	AGENS pasiëns lokatief
(33) aksieproses	INSTRUMENTALIS (possessief→) pasiëns
(33a) aksieproses	INSTRUMENTALIS pasiëns lokatief.

Wat opval in hierdie uiteensetting is dat van (1) tot (30) die aard van die werkwoord enkelvoudig is, d.w.s. dit is slegs 'n aksie, of slegs 'n proses, of slegs 'n toestand. Daar is dan ook telkens slegs een selfstandige naamwoord wat direk gemoeid is met die predikaat. Daar is eintlik net een werklike deelhebber aan die handeling, proses of toestand wat deur die gesegde uitgedruk word. Dit is òf 'n agens (of instrumentalis by gebrek aan 'n agens) òf 'n pasiëns (of 'n komplement, wat inderwaarheid 'n spesiale tipe pasiëns is). Hoewel 'n instrumentele deskriptief by (15) - (17) die onderwerpsposisie

beklee, is dit nog steeds die pasiëns wat die toestand ondergaan, en nie die instrumentalis nie. Wat verder opval is dat alle sinne van (1) - (30) wat in die bedrywende vorm voorkom nie in die lydende vorm geplaas kan word nie. Die wat in die lydende vorm verskyn (cf. (25)) kan ook nie in die bedrywende vorm geplaas word nie. Sommige van die predikate in (25) kan egter die verandering ondergaan mits hulle 'n ander linguïstiese konteks het. Oor die algemeen gesproke kan hierdie predikate nie met 'n tweede skakel belas word nie. In die uitsonderlike gevalle waar dit wel moontlik is om 'n tweede skakel aan te wys (bv. ihembe liyawunuka umjuluko) word dit om emfatiese redes gedoen. Sulke sinne kan ten spyte van die tweede skakel nie in die lydende vorm geplaas word nie. Die stellings wat ons hier maak t.o.v. die lydende vorm en die tweede skakel kan getoets word aan die hand van voorbeelde wat in hoofstuk 2 voorkom (cf. 2.8.2 en 2.10.9). Predikate, of dan wel sinne, wat hierdie pasgenoemde verskynsels openbaar is o.i. onoorganklik.

5.2.17 Die sinne in (31) tot (33a) het bykomende verskynsels wat hulle

anders maak as dié in (1) tot (30). Hulle hoort eintlik by die tweede deel van ons uiteensetting van die naamwoordsverhoudings in die sin. Daarom sal enige kommentaar oor hulle oorgehou word tot-dat die tweede deel onder bespreking kom.

5.3 NAAMWOORDELIKE VERHOUDINGS IN DIE
SIN (DEEL 2).

5.3.1 In hierdie deel word basies dieselfde prosedure gevolg as in die eerste deel. Die naamwoordelike verhoudings tot die predikaat word bepaal en daarna word gekyk hoe dit oorganklikheid in die sin sal raak. Ons kan begin deur na die volgende sinne te kyk :

- | | | |
|------|-----------------------------------|----------------------------------|
| (34) | yena waqamba
isu | 'hy het 'n plan
beraam' |
| (35) | agebise ikhanda
ngakuye uShaka | 'Sh. neig sy kop
na hom toe' |
| (36) | izinyoni lezi
zintula ukudla | 'hierdie voëls het
kos nodig' |

- (37) (abantu) besaba '(die mense) vrees
into iets'

In (34) lyk dit of die werkwoord -gamba 'n handeling is met yena as die agens. Terselfdertyd is die selfstandige naamwoord isu 'n pasiëns van die werkwoord. Noukeurige ondersoek wys dat isu nie die pasiëns van 'n toestand is nie. Dit skyn eerder die pasiëns van 'n proses te wees. Die werkwoord -gamba in hierdie sin is dus gelyktydig 'n aksie en 'n proses, d.w.s. 'n aksieproses. In (35) kry ons 'n soortgelyke toedrag van sake: uShaka is die agens en ikhanda die pasiëns van die aksieproses -gebise. Die verboë ngakuye kan niks anders as 'n lokatief wees nie. In sin (36) het ons iets nuuts wat bykom. Ons begin weer eens by die werkwoord. As ons die betekenis van -ntula 'ontbreek aan, gebrek hê aan, nodig hê' noukeurig nagaan, kom ons agter dat ons hier met 'n werkwoord te doen het wat 'n ervaring meedeel. Die gebrek aan kos is iets wat die voëls ervaar. Ons kan -ntula derhalwe as 'n ervaringswerkwoord bestempel en izinyoni as 'n ervaringsnaamwoord, of kortweg sommer 'n ervaarder. Dit is ook duidelik dat

ukudla 'n pasiëns is. Sin (37) is analoog met (36). Abantu is die ervaarder en into die pasiëns van die ervaringswerkwoord -esaba.

5.3.2 Die vier selfstandige naamwoorde wat hierbo nie die onderwerp is nie, is almal geanaliseer as pasiënse van die predikaat. Ons het reeds gesien dat 'n pasiëns heel dikwels die onderwerp van 'n sin kan wees. Hy staan dus hoog op die rangleer. Slegs by gebrek aan 'n agens kan 'n instrumentalis 'n hoër rangorde as 'n pasiëns beklee, soos ons weldra sal sien. Maar in sekere gevalle kan 'n pasiëns weer 'n hoër rang as 'n instrumentalis hê (cf. sinne (12), (13) en (14)). Wanneer 'n pasiëns egter saam met 'n agens in 'n sin verskyn, het dit altyd 'n hoër rang as 'n instrumentalis. Om die waarheid te sê, 'n pasiëns is in so 'n geval altyd tweede op die ranglys. Hierdie toedrag van sake vind ons in sinne (34) en (35). Dit is ook die geval in sinne (31) tot (32a) as in gedagte gehou word dat die komplement in (31a) 'n spesiale soort pasiëns is. Afgesien daarvan dat 'n instrumentalis bo aan die rangorde kan staan, het ons in sinne (36) en (37)

gesien dat 'n ervaarder ook hierdie posisie kan beklee. Wanneer 'n pasiëns nou die tweede plek in die rangorde beklee met òf 'n agens òf 'n instrumentalis òf 'n ervaarder in die eerste plek, dan is die sin oorganklik. Derhalwe kan ons konstateer dat sinne (31) tot (33a) tesame met (34) tot (37) almal transitiewe sinne is. Die selfstandige naamwoord wat op die bo-punt van die verhoudingshiërargie staan, vul altyd die rol van onderwerp. Tweede op die ranglys staan die pasiëns (of komplement). Die selfstandige naamwoord in hierdie verhouding is dié een wat tradisioneel as die voorwerp in die sin beskou word. Dit kom dus daarop neer dat die voorwerp van 'n sin semanties 'n pasiëns (of komplement) van die gesegde moet wees.

5.3.3 Oorganklike sinne kan in die reël passief gemaak word. Op sintaktiese vlak gebeur dit in Zoeloe dat 'n voorwerp die onderwerp van die sin word. Die onderwerp word egter wat Doke (1963, p. 253) die agentiewe gebruik van die kopulatief noem, maar wat ons

gewoonweg 'n deskriptief noem. Op die semantiese vlak vind daar egter geen wisseling van verhoudings plaas nie. Die voorwerp van die bedrywende vorm wat 'n pasiëns genoem word, bly 'n pasiëns terwyl dit die onderwerp van die passiewe sin is. Insgelyks bly die onderwerp van die aktiewe sin in die passief 'n agens of instrumentalis of ervaarder al na gelang van die geval. Sinne (34) - (37) kan byvoorbeeld in die passief omgesit word as :

(34a)	isu laqanjwa nguye	'die plan is deur hom beraam'
(35a)	ikhanda ligetshiselwe ngakuye wuShaka 1)	' <u>Letterlik</u> : die kop is deur Sh. na hom toe geneig'
(36a)	ukudla kuntulwa yizinyoni lezi	'kos word deur hier- die voëls benodig'
(37a)	into yesatshwa ngabantu	'iets word deur die mense gevrees'

283. / In (34a)

1) Die vormelement -el- wat bygekom het, staan i.v.m. die lokatief ngakuye en is hier irrelevant tot die bespreking oor transitiwiteit.

In (34a) en (35a) onderskeidelik bly isu en ikhanda die pasiëns soos hulle in (34) en (35) ook was. Hoewel daar morfologiese veranderinge, oftewel verbuiging plaasgevind het, bly ook yena en uShaka respektiewelik die agens van die sin. So ook is izinyoni en abantu in (36a) en (37a) nog steeds dieervaarders t.o.v. die predikaat, terwyl ukudla en into weer eens die pasiëns is. Ons merk dus dat hoewel daar morfologiese en sintaktiese veranderinge aan die woorde, en by name die selfstandige naamwoorde, in die sin plaasvind, die semantiese verhoudings konstant bly.

5.3.4 Ons moet egter hier op 'n anomalie wys. Dit geld die werkwoord -gcwele wat in sinne (12) - (17) die predikaat vorm. Hierdie werkwoord tesame met sy verwante proseswerkwoord -gcwala, steur hom blykbaar nie aan rangordening nie. Hier het ons weer 'n geval waar logika en grammatika bots d.w.s. in sinne (15) tot (17) waar 'n instrumentalis die onderwerp

is. Volgens reël moet hierdie rangordening tot gevolg hê dat die pasiëns 'n voorwerp van die sin moet wees. Hy behoort ook die passiewe transformasie te ondergaan en, soos ons later sal sien, ook 'n voorwerpskakel in die predikaat te neem. Al hierdie dinge kan egter nie gebeur nie. Met 'n instrumentalis as onderwerp behoort die predikaat uit 'n aksieproseswerkwoord te bestaan of in enkele gevalle 'n aksiewerkwoord. Dit is egter nie die geval nie; die werkwoord bly 'n toestand soos vir 'n pasiëns as onderwerp. 'n Semanties georiënteerde ondersoek na hierdie werkwoord behoort interessante bevindings op te lewer.

5.3.5 Nou dat ons bepaal het wat die egte voorwerp van 'n sin is, is dit moontlik vir so 'n voorwerp om deur sy skakel in die predikaat verteenwoordig te word. Dit kan byna as aksiomaties aanvaar word dat wanneer die skakel van die pasiëns-voorwerp in die gesegde voorkom, so 'n gesegde oorganklik is en die

passiewe transformasie kan ondergaan. Ons moet egter 'n predikaat met agterdog bejeën wanneer die tweede skakel in die gesegde nie dié van die pasiëns-voorwerp is nie. Sulke gevalle kry ons in sinne (32) en (33). Dit wil egter nie sê dat sulke sinne nie oorganklik is nie. Hierdie twee sinne is wel oorganklik en kan ook passief gemaak word :

(32b) Unyawo lwakhe 'sy voet is deur
 lwalunywa yinyoka 'n slang gepik'

(33b) Inhliziyo yami 'my gemoed is deur
 ithintwa yisenzo sy daad ontroer'
 sakhe

Die passiewe transformasie toon duidelik dat die tweede skakel -m- in (32) en -ngi- in (33) nie voorwerpskakels is nie, maar 'n tipe besit-skakel. Hulle is eintlik parasiete wat in die gedaante van 'n voorwerpskakel in die gesegde optree. In die lydende vorm toon hulle hul ware gestalte in die vorme lwakhe en yami. In die volgende sinne kry ons egter die gebruikelike toedrag van sake :

- | | | |
|------|---|--|
| (38) | yena wabuthatha
ubukhosi lobu | 'hy het hierdie
bewind oorgeneem' |
| (39) | lelisu akaze
alinambitha
kahle uShaka | 'Sh. het nie baie
van hierdie plan
gehou nie'

of: hierdie plan
het Sh. nie baie aan-
gestaan nie' |
| (40) | noShaka imbala
besamkhohliwe
(abantu) | '(die mense) het
selfs vir Sh. ver-
geet' |
| (41) | zabageda nazo
izinyanga abantu | 'juis hierdie waar-
sêers het die mense
uitgeroei' |

In elk van hierdie sinne kan 'n agens en 'n pasiëns aangewys word. A.g.v. die teenwoordigheid van 'n agens moet elke pasiëns dus 'n voorwerp wees. En elke voorwerp is deur sy eie skakel in die predikaat verteenwoordig: ubukhosi deur -bu-, lelisu deur -li-, noShaka deur -m- en abantu deur -ba-. Hierdie oorganklike sinne verloor die voorwerpskakel in die lydende vorm omdat daar in die reël nie 'n voorwerp in 'n passiewe sin is nie :

Wat dadelik opval is die sterk ooreenkoms wat bestaan tussen die werkwoord en die selfstandige naamwoord wat op hom volg. In (42) is die wortel van die werkwoord en die selfstandige naamwoord dieselfde. Hoewel nie so ooglopend nie is die betekenisverband tussen werkwoord en selfstandige naamwoord in (43) soortgelyk as dié in (42). In al twee gevalle vul die naamwoord slegs aan wat alreeds deur die werkwoord gesê word. Daarom word hy 'n komplement genoem. Dis eintlik 'n spesiale soort pasiëns met items wat beperk is tot dieselfde soort. Predikate wat komplemente as toevoeging neem, maak grootliks gebruik van hiponimie vir hul voorraad. Omdat 'n komplement dikwels voorspelbaar is - veral wanneer dit kom by superordinate - word so 'n superordinaat dikwels verswyg, byvoorbeeld ngiyadla i.p.v. ngidla ukudla. Wanneer daar 'n behoefte tot spesifisering ontstaan, word 'n subhiponiem in die bobou ingevoer, byvoorbeeld ngidla inyama. Hierdie sinstipe het in die tradisionele grammatika nog altyd as 'n voorwerp gegeld. O.i. is dit ook so en verskil wat oorganklikheid betref weinig van 'n pasiënsvoorwerp. Dit kan passief gemaak word

- | | | |
|-------|--------------------------------------|--|
| (42a) | inhlalo ethokozisayo
ihlalwa yibo | 'daar word lekker
deur hulle gebly' |
| (43a) | isililo sikhihlwe
ngabantu | 'daar is 'n geweek-
laag aangehef' |

en ook 'n voorwerpskakel kry :

(42b) bayayihlala
inhlalo etho-
kozisayo

(43b) abantu basikhihlile
isililo

5.3.7 Tot sover het ons sinne behandel waar-
in daar hoogstens twee selfstandige
naamwoorde in verskyn. Kom ons kyk egter na die
volgende sinne :

(44) (uManjanja) ' (Manjanja) het die
wasibulalela (stam se) koning
(isizwe) inkosi gedood'
yaso

(45) (abelungu) ' (die witmense) het
bemthengisela aan (Shaka) goedere
(uShaka) impahla verkoop'

(46) (amadoda) ' (die manne) sal
azobabikela aan hulle (die mense)
(abantu) die gebeure meld'
umhlola

As ons hierdie sinne met die voriges vergelyk, dan merk ons dat hulle ook 'n sogenaamde voorwerpskakel in die predikaat huisves. Dit is egter telkens die skakel van 'n naamwoord wat reeds vantevore gebruik is en wat terwille van duidelikheid in hakies geplaas word. Ons merk dadelik dat ons hier werkwoorde het wat op die sogenaamde applikatiewe ekstensie -ela uitgaan. Dit is 'n tipe tweeslagtige werkwoord waarin die betekenis van die grondwerkwoord, byvoorbeeld -bulala, asook die betekenis van die afgeleide werkwoord, byvoorbeeld -bulalela, gelees moet word. Afgesien van die verband wat die werkwoord met die onderwerp het, het die grondwerkwoord betrekking op een van die twee selfstandige naamwoorde wat nie die onderwerp van die sin is nie. Die afgeleide werkwoord het weer betrekking op die ander selfstandige naamwoord. In sin (44) wys die grondwerkwoord -bulala op inkosi, terwyl die afgeleide werkwoord -bulalela verband hou met isizwe. As ons nou sin (44) semanties ontleed, vind ons dat uManjanja die agens is wat die handeling -bulala uitvoer; inkosi ondergaan die handeling en is derhalwe 'n pasiëns. Die werkwoord word bestempel as 'n aksieproses.

Tot sover die basiswerkwoord -bulala. Wanneer ons die verhouding van isizwe tot sy predikaat wil bepaal, kry ons te doen met wat moontlik genoem kan word 'n tipe geïnflekteerde werkwoord. Die ekstensie -ela word in die oppervlakstruktuur ingevoeg suiwer om voorsiening te maak vir die aanwesigheid van die derde selfstandige naamwoord isizwe. Daar kan dikwels twee betekenis-momente aan hierdie ekstensie toegesê word:

(i) dit bevat 'n soort rigtinggewende grammatiese betekenis wat kan wissel van 'n letterlike lokatief (bv. ukukhulela kwaZulu) tot 'n blote verwysing na iemand of iets (bv. ukusebenzela imali); wat van belang is, is dat dit 'wys na' 'n spesifieke persoon of ding; (ii) dit bevat 'n betekenis wat die betekenis van die grondwerkwoord 'inflekteer' - die selfstandige naamwoord wat saam met die -ela-vorm gebruik word, doen die handeling in die basisvorm van die werkwoord in 'n plaasvervangende hoedanigheid (bv. umfana usebenzela uyise - die seun werk in die plek van sy vader). In die sin onder bespreking het -ela die verwysende betekenis. Dit moet egter onder oë gesien word dat die werklike gesegde van hierdie sin nog altyd -bulala is.

In sy veranderde vorm -bulalela word gesê dat die aksieproses ten opsigte van die selfstandige naamwoord uitgevoer word. Elders (cf. Van Rooyen 1973, p. 131) het ons hierdie selfstandige naamwoord wat in sy verhouding tot die predikaat òf bevoordeel òf benadeel word, die term bedeelde aangehang. In Engels staan dit bekend as die "benefactive". So 'n selfstandige naamwoord staan dan in die verhouding van 'n bedeelde tot die predikaat. So is isizwe dan die bedeelde wat naas die agens uManjanja en die pasiëns inkosi bestaan. Die ontleding wat ons t.o.v. isizwe toegepas het kan netso op uShaka in (45) en abantu in (46) oorgedra word. Hulle is resp. die bedeelde van hulle onderskeie sinne. Die tweede skakel in elk van hierdie sinne is nie dié van die pasiënsvoorwerp nie, maar wel dié van die bedeelde. Uit hoofde van die feit dat aldrie hierdie sinne beide 'n agens en 'n pasiëns bevat, word hulle in die transitiewe kader geplaas. Die interessante situasie van 'n moontlike tweede voorwerp kan nou ontstaan. Ons weet dat in die passiewe transformasie die voorwerp van die aktiewe sin 'n onderwerp word. Indien ons die bedeelde as 'n onderwerp in die lydende vorm aanwend, verander die drie sinne na die volgende :

- (44a) isizwe sibulawelwa 'die stam se koning
inkosi yaso is deur Manjanja
(+)nguManjanja gedood'
- (45a) uShaka uthengiselwa 'aan Shaka is goedere
impahla (+)ngabelungu deur die witmense
verkoop'
- (46a) abantu bazobikelwa 'die gebeure sal deur
umhlola (+)ngamadoda die manne aan die
mense berig word'

Hulle is almal goeie aanvaarbare Zoeloesinne. In die normale gang van sake sal hierdie sinne gewoonlik sonder die kopulatief gesê word, omdat die kopulatief eintlik as oorbodig gevoel word. Uit die konteks sou die betrokke naamwoorde reeds opgehaal gewees het. 1) Wat egter van belang is, is dat die semantiese verhoudings nie verander nie. In (44a) is isizwe byvoorbeeld nog steeds die bedeelde hoewel dit nou die onderwerp van die sin is. En inkosi bly die pasiëns, terwyl uManjanja nog steeds die agens is. Die feit dat die bedeelde isizwe as onderwerp in die passief kan fungeer dui daarop dat dit 'n tipe voorwerp in die bedrywende

294. / sin moet

1) Om hierdie rede dui ons die kopulatief aan met 'n sterretjie tussen hakies.

sin moet wees. In dié geval kan hy dan die bedeelde-voorwerp genoem word in teenstelling met inkosi wat die pasiëns-voorwerp is. In tradisionele terme is isizwe dan die indirekte voorwerp terwyl inkosi bekend staan as die direkte voorwerp.

5.3.8 Maar wat gebeur as ons die pasiëns-voorwerp van 'n aktiewe sin die onderwerp van 'n passiewe sin maak? Ons gebruik sin (46) om te illustreer :

(46b) umhlola uzobikelwa 'die gebeure sal deur
abantu ^(u)ngamadoda die manne aan die
mense berig word'

Weer eens bly die naamwoordverhoudings onversteurbaar. Umdlola bly pasiëns, abantu bedeelde, en amadoda agens. Die enigste rede vir so 'n omruiling skyn die begeerte te wees om die fokus te

verskuif. Sien hoofstuk 3 oor fokus, asook hoofstuk 2 par. 2.8.2, veral SS D. Daar kan egter probleme opduik wanneer die pasiëns die onderwerp in die passiewe sin is. Ons lig dit toe met sin (44) :

(44b)	inkosi yaso	'die volk/stam se
	yabulawelwa isizwe	koning is namens
	(+)nguManjanja	hulle deur M. ge-
		dood'

Die probleem wat ontstaan het, is dat die tweede, die plaasvervangende, betekenis van -ela na die oppervlak kom. Hoewel die naamwoordverhoudings nog steeds onveranderd bly, het hier een of ander semantiese element bygekom wat op hierdie tyd-stip onverklaarbaar is. Soos in die geval met -gcwele behoort 'n deurtastende studie van die -ela - werkwoord onderneem te word. Wat kousatiewe werkwoorde betref, is dit juis die werking van 'n kousatief om 'n sin wat 'n pasiëns bevat, te voorsien van 'n agens. Hierdeur word die vereiste vir 'n transitiewe sin vervul, naamlik die gelyktydige teenwoordigheid van 'n agens en pasiëns.

5.3.9 Op hierdie stadium sal 'n tabel van naamwoordverhoudings van nut blyk te wees. Gerieflikheidshalwe sal ons by sin (31) begin. Soos vroeër word die onderwerp in hoofletters gegee, terwyl die voorwerp onderstreep word :

<u>Werkwoord</u>	<u>Naamwoordverhoudings</u>
(31) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u> instrumentalis
(31a) aksieproses	AGENS <u>komplement</u> lokatief
(32) aksieproses	AGENS (possessief→) <u>pasiëns</u>
(32a) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u> lokatief
(33) aksieproses	INSTRUMENTALIS (possessief→) <u>pasiëns</u>
(33a) aksieproses	INSTRUMENTALIS <u>pasiëns</u> lokatief
(34) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u>
(35) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u>
(36) ervaring	ERVAARDER <u>pasiëns</u>
(37) ervaring	ERVAARDER <u>pasiëns</u>
(38) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u>
(39) aksieproses	<u>pasiëns</u> deskriptief AGENS
(40) ervaring	<u>pasiëns</u> deskriptief ERVAARDER
(41) aksieproses	AGENS <u>pasiëns</u>
(42) aksieproses	AGENS <u>komplement</u>
(43) aksieproses	AGENS <u>komplement</u>
(44) aksieproses	AGENS bedeelde <u>pasiëns</u> (← possessief)
(45) aksieproses	AGENS bedeelde <u>pasiëns</u>
(46) aksieproses	AGENS bedeelde <u>pasiëns</u>

5.4 SAMEVATTING.

5.4.1 Ons kan dus kortliks opsom deur te sê dat 'n sin in Zoeloe oorganklik

is as :

- a) die onderwerp 'n agens, instrumentális of ervarder is, en
- b) die voorwerp 'n pasiëns of komplement is, en
- c) onderwerp en voorwerp saam in die sin voorkom.

H O O F S T U K S E S


DIE SINTAKTIES-SEMANTIESE RELASIES


RONDON DIE ZOELOEPREDIKAAT

6.1 INLEIDING.

6.1.1 Een van die belangrikste sieninge wat uit die vakliteratuur oor taalkunde na vore getree het, is dat 'n sin bestaan uit 'n proposisie en 'n modaliteit. Die proposisie behels die predikaat en 'n aantal selfstandige naamwoorde (of naamwoordgroepe) wat in 'n besondere verhouding tot die gesegde staan. Aan die ander kant weer staan modaliteit, baie algemeen gestel, vir al die elemente wat die sin as geheel bepaal en nie net 'n deel daarvan nie. Nilsen (1972) gee 'n skema van wat onder die proposisielknoop ressorteer. Hy gee ook 'n bondige skematiese uiteensetting van al die onderdele wat onder die

FIGUUR 1.





modaliteitsknoop saamgevat kan word. Ons het dit goedgevind om die twee diagramme te konsolideer en dit word hiernaas aangebied. Alles wat daarop aangedui word, is natuurlik nie onderworpe aan hierdie werkstuk nie. Wat wel relevant is, sal maklik op die figuur nagespeur kan word. Ons vind dit waardevol met die oog daarop dat wat bespreek sal word 'n plekkie in die skema sal hê. Sodoende kan met een oogopslag gesien word waar dit inpas en watter belangrikheid al dan nie daaraan gegee kan word. Ook sal dit die verhouding aandui teenoor al die ander kompleksiteite wat in 'n gewone enkelvoudige sin bestaan. (Sien skema op volgende bladsy).

6.2 DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

6.2.1 Uit die vorige hoofstuk het enkele terme soos agens, pasiëns, instrumentalis ens. herhaaldelik opgeduik. Ons het tot dusver nog net enkele trekke i.v.m. elke term aangedui en so terloops aangeneem dat wat gesê is goedertrou aanvaarsou word. Ons wil egter hier elk van die naamwoordverhoudings wat geopper is van naderby beskou in 'n poging om 'n meer definitiewe gestalte aan elk te gee.

Die agens.

6.2.2 Die agentiewe verhouding skyn 'n belangrike te wees vir die sin. 'n Naamwoord wat die agens van die sin is, dui altyd die akteur aan. Dit is menslik maar hoef nie noodwendig so te wees nie. Ander lewende wesens in die werklike of verbeeldingswêreld kan ook die agens van 'n sin wees. Dit kan selfs gebeur dat nie-lewende dinge in die verbeeldingswêreld as agens kan fungeer. Hoofsaak is dan dat

hulle die eienskappe vertoon van lewende wesens. Dit is naamlik dat 'n agens 'n daad kan uitvoer. In sinne (1) - (4) in die vorige hoofstuk word uShaka en ibandla as agense ontleed. Hoewel ons die woord ibandla daar as 'vergadering' vertaal het, moet dit duidelik verstaan word dat dit 'n vergaderkorps van lewende wesens is wat as 'n kollektief aangebied word. In sin (32) van dieselfde hoofstuk word die woord inyoka 'slang' ontleed as die agens van die werkwoord -luma 'byt/pik'. Daar kan geredeneer word dat 'n slang nie 'n wilsdaad uitvoer nie, maar deur ander redes gedryf word om as reaksie of refleks te byt. Feit bly egter dat so 'n handeling as 'n daad gesien word en deur die mens nie anders vertolk word nie. Ons kan dus sê dat 'n agens by uitstek die kenmerk "lewend" openbaar gepaard met die vermoë om iets te doen, hetsy uit eie wil of nie. Soos ons ook gesien het, beklee dit die hoogste rang in die sin. Ook sintakties beklee dit die mees bevoorregte posisie in die bedrywende sin, naamlik dié van onderwerp. 'n Sin word juis in die lydende vorm geplaas om dikwels ontslae te raak van 'n agens :

- | | | |
|-----|--|--|
| (1) | imbuzi emnyama
ihlatshelwe
imimoya | 'n swart bok is
vir die geeste
geslag' |
|-----|--|--|

Maar wanneer 'n agens wel in die lydende vorm gebruik word, beklee dit nog steeds 'n belangrike hoewel ondergeskikte posisie. Dit is dan nie meer 'n onverboë selfstandige naamwoord nie, maar 'n verboë een. Dit is dān die draer van beide fokus en emfase, cf. hoofstuk drie :

(2)	izwe lahanjwa izinswelaboya	'die land was vergewe van die rowers'
-----	--------------------------------	---

Alhoewel hy nou as 'n deskriptief fungeer, behou hy 'n mate van status deur 'n kopulatief te word. Sien ook Par. 6.3.6.

Die Pasiëns.

6.2.3 Hierdie verhouding is seker die veelsydigste van alle naamwoordrelasies in die sin. Naamwoorde wat in 'n pasiëntiewe verhouding tot die predikaat staan, doen so wanneer hulle verband hou met 'n werkwoord wat 'n toestand aandui. 'n Pasiëns kan ook 'n verhouding tot 'n proseswerkwoord hē. Verder kan 'n pasiëns 'n aksieproses in die gesegde

hê, en laastens kan dit ook die pasiëns wees van ervaringswerkwoorde soos -zwa, -bona, -ntula, -esaba ens. Vir voorbeelde sien die sinne soos in die tabellelyste in hoofstuk vyf vermeld. Hierdie plooibaarheid van die pasiëns het tot gevolg dat hy aanspraak maak op die twee vernaamste sintaktiese posisies wat naamwoorde in 'n sin kan beklee, naamlik dié van onderwerp én van voorwerp. Wanneer 'n naamwoord die pasiëns van 'n toestands- of proseswerkwoord is, vul dit die onderwerpsposisie. Wanneer 'n aksieproses of ervaringswerkwoord die predikaat uitmaak, word die pasiëns altyd die voorwerp van die sin. Trouens, 'n pasiëns is verpligtend met sodanige predikate. In hierdie opsig skyn 'n pasiëns belangriker as 'n agens te wees aangesien laasgenoemde net een van die sin se twee voorkeurposisies kan beklee. Betrag ons die sinne in hoofstuk vyf lyk dit nie of die pasiëns voorrang gee aan naamwoorde met spesifieke semantiese kenmerke vir onderwerpsposisie nie. Enigiets van lewend (abantu, uShaka) tot nie-lewend (iziseko, imikhonto) en van konkreet (amathumbu, amaphaphu) tot abstrak (umhlola) kan subjek van die sin wees. Ook skyn dit die geval te wees wanneer 'n pasiëns as voorwerp diens doen (umutsha, inhliziyo, isu,

ubukhosi, inkosi, umhlola ens). Slegs 'n pasiëns (en 'n komplement) in die voorwerpsposisie maak 'n sin oorganklik. 'n Ander selfstandige naamwoord in voorwerpsposisie is trouens nie 'n voorwerp nie.

6.2.4 Ten spyte van alles wat ons oor die pasiëns gesê het, moet ons hier op 'n anomalie wys. Hierdie reëlmaat in die werking van pasiëns word versteur wanneer dit kom by die werkwoord -gcwala en sy toestandsvorm -gcwele. Hier klop onderbou en bobou nie. Dit geskied veral wanneer 'n instrumentalis die pasiëns van sy onderwerpsposisie verdring soos in sin (17) van hoofstuk vyf: igazi ligcwele imikhonto wanneer 'n mens die reëlmatige imikhonto igcwele igazi sou verwag. Soos ons by die betrokke plek gesê het, word dit gedoen om die fokus op die instrumentalis igazi te plaas. Die pasiëns neem nou voorwerpsposisie in maar is nie 'n voorwerp nie! Hoewel hy daar as 't ware in sy vertroude tuiste verkeer, het hy hierdie keer nie seggenskap daaroor nie. Hy is so te sê gedegradeer tot die status van 'n deskriptief. Die vermoede bestaan

dat sekere werkwoorde met die -el- ekstensie ook hierdie vermoë het. Dit word egter nie verder hier bespreek nie.

Die komplement.

6.2.5 In 5.3.6 het ons reeds kortliks iets oor die aard van die komplement gesê en ons gaan dit nie weer hier herhaal nie. Daar mag miskien gevra word of daar enige regverdiging bestaan om hom af te skei van 'n pasiëns en hom as 'n aparte semantiese (en sintaktiese) verskynsel te beskryf. Inderwaarheid het ons elders in hierdie werkstuk (5.2.16) daarvan melding gemaak dat dit 'n spesiale soort pasiëns is. Ons voel dat dit wel geregverdig is. In die eerste plek kan dit voorkom saam met sowel 'n aksiewerkwoord as 'n toestandswerkwoord :

- | | | |
|-----|---|------------------------------------|
| (3) | abafana badla
ukudla - aksie | 'die seuns eet
kos' |
| (4) | abafana bahlala
inhlalo ethokozisayo
- toestand | 'die seuns voer
'n lekker lewe' |

'n Pasiëns kan byvoorbeeld nie met 'n aksiewerkwoord voorkom nie, maar wel met 'n aksieproses. In die tweede plek kan 'n komplement nooit soos 'n pasiëns as onderwerp van die sin optree nie. Dit kom altyd slegs in voorwerpsposisie voor. Die onderwerp sal in so 'n geval altyd 'n agens wees. 'n Sin met 'n komplement as voorwerp sal dus altyd oorganklik wees.

Die instrumentális.

6.2.6 Vir sy realisering in Zoeloe tree hierdie verhouding op tweeslagtige wyse op. Dit kan in die oppervlakstruktuur òf as 'n selfstandige naamwoord voorkom :

(5) isenzo leso 'daardie daad roer
 singithinta my diep'
 inhliziyo

(5a) isenzo leso singithinta
 enhliziyweni 'daardie daad roer
 iets in my'

òf as 'n verboë naamwoord :

- (5b) ungithinta 'hy roer my gemoed
 inhliziyo met daardie daad'
 ngesenzo lesa
- (5c) ungithinta 'hy raak 'n snaar
 enhliziweni van my hart met
 ngesenzo lesa daardie daad'

Uit die pas aangehaalde voorbeelde is reeds 'n deel van sy gedrag geopenbaar. Wanneer daar nie 'n agens in die sin is nie, kraai die instrumentalisering en vul die rol van onderwerp. In die teenwoordigheid van 'n agens neem hy 'n ondergeskikte rol oor en verskyn gewoonlik in verboë vorm. Hy kan egter selfs in die ondergeskikte rol in sy onverboë vorm voorkom, byvoorbeeld :

- (6) insizwa igcoba 'die jongman smeer
 umutsha amafutha die skort met vet'

teenoor :

- (7) insizwa igcoba 'die jongman smeer
 umutsha ngamafutha die skort met vet'

Die instrumentalis tree dikwels saam met aksieproses-, of selfs aksiewerkwoorde op in gevalle waar die handeling nie deur die instrumentalis self verrig word nie. Dit geskied in daardie gevalle waar ons almal intuïtief weet dat 'n agens teenwoordig moet wees alhoewel die sin dit nie spesifiseer nie. Ons dink byvoorbeeld aan 'n sin soos : Ummese usika isinkwa, cf. Louw (1971, p. 9). Hoewel die sin dit vir ons sê, weet ons dat iemand, die agens, agter die handeling van 'sny' sit en dat die mes dit nie alleen kan doen nie. 'n Tipe sin wat baie op hierdie lyk en waaraan heelwat problematiek vir linguïste verbonde is, is die volgende :

(8a) ilanga liphuphisa 'die son laat
 incwadi die papier verbleik'

Menslik gesproke is hier nie 'n agens wat selfs implisiet teenwoordig is nie. Tog is hier 'n aksieproses werkwoord wat die predikaat uitmaak. Die beste oplossing in so 'n geval is o.i. om die onderwerp as 'n instrumentalis te beskou. Die son was immers instrumenteel t.o.v. die verbleiking

van die papier. Ook ander natuurkragte en -verskynsels kan aldus beskou word, soos byvoorbeeld die in die algemene linguïstiek veelbespreekte :

(8)	umoya wavula umnyango	'die wind het die deur laat oopgaan'
-----	--------------------------	---

Wanneer 'n instrumentalis as subjek optree, kan ons sê dat dit tot daardie sintaktiese vlak verhoog is. Dit vervang as 't ware 'n agens en daarom moet 'n pasiëns (want dié skyn altyd saam met 'n instrumentalis in die sin te wees) altyd die voorwerp wees, hetsy eksplisiet of implisiet. Wanneer 'n instrumentalis meer die funksie van 'n deskriptief het, is hy ondergeskik aan selfs die pasiënsvoorwerp, cf. insizwa igcoba umutsha ngamafutha waarin insizwa die hoogste rang as subjek beklee, umutsha die tweede hoogste as objek en ngamafutha laaste kom as deskriptief.

6.2.7 Maar nou het ons nog nie op 'n ander faset van die instrumentalis gewys nie.

Dit is naamlik dat hy ook as 'n verboë kopula-
tiewe deskriptief kan voorkom. Vergelyk :

(5) isenzo leso
singithinta
imhliziyo

(5d) inhliziyo 'my hart word geroer
ithintwa yisenzo deur daardie daad'
leso

(5b) ungithinta
inhliziyo ngesenzo
leso

Die instrumentalis in (5d) lê op 'n hoër vlak as
in (5b). Ons sê dit omdat yisenzo in 'n proposi-
sionele verhouding d.w.s. direk tot die predikaat op-
tree, terwyl ngesenzo in 'n modaliteitsverhouding
d.w.s. indirek tot die predikaat fungeer. Louw
(1971, p. 9) het dit ook oor hierdie problematiek
van die instrumentalis. Hy sê: "both are instrumen-
tal in die deep structure, but they have different
semantic relations with the predicate". In sy
terminologie sou 'n instrumentalis soos yisenzo

"assistive, instrumental and also identificative" wees terwyl ngesenzo "only assistive instrumental" is.

6.2.8 As ons nou 'n parallelle voorbeeld sou gee met die volgende sinne :

- | | | |
|------|---|---|
| (9) | <u>induku</u> leyo
ingithinta
umzimba | 'daardie stok raak
aan my lyf' |
| (9a) | umzimba uthintwa
<u>yinduku</u> leyo | 'my lyf word deur
daardie stok geraak' |

sal heelwaarskynlik met die eerste aanhoor gekonstateer word dat soiets onmoontlik is, want 'n stok kan nie 'n handeling soos -thinta 'raak, aanraak' uitvoer nie. 'n Bietjie besinning hieroor sal tot gevolg hê dat toegegee word dat soiets wel kan gebeur, mits die stok in beweging was. In sin (9) kan mens jou nog voorstel dat iemand moontlik die stok gegooi of geswaai het. Maar hierdie moontlikheid vervaag in groot mate in sin (9a). As die stok egter sou

beweeg, deur wat ook al veroorsaak, word (9a) aanvaarbaar en trouens ook so vertolk. Dit word dan verstaan as 'my liggaam is liggies deur 'n stok getref'.

6.2.9 Ons wil dus aanvoer dat die beginsel dinamies : staties in berekening gebring moet word wanneer oor die moontlikhede van die instrumentalis, en miskien selfs ander naamwoord-verhoudings, besin word. Dit bring ons weer by die siening dat ilanga in (8a) 'n instrumentalis moet wees. Ook abstrakte selfstandige naamwoorde moet beskou word as dinamies. Woorde soos isenzo 'daad', uthando 'liefde', ubuhlungu 'pyn, smart', umona 'jaloesie', ubukhulu 'grootte', isikhalo 'klag' ens. is almal woorde wat die gevoel, gemoed, intellek ens. van die mens aanspreek en dus een of ander reaksie teweegbring. Hulle kan beslis nie as dood of staties beskou word nie. Sulke woorde kan as instrumentalis gewoonlik saam met 'n agens in 'n sin voorkom, maar kom ook dikwels onafhanklik van 'n agens in 'n sin voor. Die beginsel dinamies : staties strek wyer, of behels 'n groter

omvang as lewend : nie-lewend en sluit laasgenoemde in. M.i. is dit 'n beginsel wat in die semantiek van Zoeloe, en by uitbreiding ook die ander Bantoetale, nie verontagsaam moet word nie.

Die ervaarder.

6.2.10 Daar is 'n klompie werkwoorde wat seker in die meeste tale voorkom en wat ervaringsmeedeel. Fillmore (1968) praat van "psych movement verbs" en Chafe (1971) van "experiential verbs". Hulle bestaan gewoonlik uit werkwoorde wat spreek van sinnelike, intellektuele en allerlei geestesge- waarwordinge: -bona 'sien', -zwa 'gewaar', -ntula 'ontbreek aan', -thanda 'liefhê', -dinga 'benodig' ens. Dit is byna vanselfsprekend dat hulle naamwoorde sal selekteer wat in onderwerpsrol die semantiese kenmerk 'lewend' sal hê. Maar hulle kies ook terselfdertyd naamwoorde vir die voorwerpsrol. Dan is hulle egter nie puntenerig t.o.v. die kwessie lewend : nie-lewend nie. Maar nou is die vraag : hoe verskil hulle dan van aksieproseswerkwoorde wat ook 'n onderwerp gelyktydig met 'n voorwerp kies? Die verskil

lê daarin dat hulle nie 'n agens of instrumentalis
as subjek kies nie, terwyl 'n aksieproses juis
laasgenoemde semantiese kenmerke verkies. Die sub-
jek by 'n ervaringspredikaat tree nie-handelend-
"passief" op, terwyl dit by 'n aksieproses handelend-
"aktief" optree. Albei soorte werkwoorde kies
egter 'n pasiëns as voorwerp. In die algemeen
gesproke kan gesê word dat daar op sintaktiese
gebied feitlik geen verskil met agense is nie.
Die volgende sinne toon aan hoe ervaringsnaamwoorde
as subjek gebruik word :

(10) izinyoni lezi 'dit ontbreek hierdie
zintula ukudla voëls aan kos'

(11) abantu besaba 'die mense vrees iets'
into

Dit is natuurlik moontlik dat ervaaarders in die
passiewe transformasie kan voorkom. Hulle word dan
kopulatiewe ervaaarders, byvoorbeeld :

(11a) into yesatshwa 'iets word deur
abantu die mense gevrees'

Vir sin (10) in die passiewe transformasie sien sin
(21) verderaan.

Die bedeelde.

6.2.11 Dit is gewoonlik die derde selfstandige naamwoord wat in 'n sin voorkom. Hierdie verhouding kan slegs ontstaan wanneer daar reeds 'n agens én pasiëns of komplement in die sin teenwoordig is. Dikwels kom die pasiëns in die sin nie eksplisiet voor nie, sodat dit wil lyk of die bedeelde eintlik 'n pasiëns moet wees :

- | | | |
|------|--------------------------------|----------------------------------|
| (12) | amantombazana
avunela ugogo | 'die meisies oes
namens Ouma' |
|------|--------------------------------|----------------------------------|

Die werkwoord -vuna is egter 'n werkwoord wat 'n komplement selekteer, dus : umvuno 'die oes', of hiponieme soos ummbila 'mielies', amabele 'koring' ens., wat eintlik implisiet in bostaande sin is. Daar sal gevind word dat die bedeelde merendeel voorkom met werkwoorde wat die ekstensies -el- en -is- het. Dit is ook algemeen dat die -el-ekstensie in sulke gevalle die 'betreffende/namens' betekenismoment sal hê. As ons kyk na voorbeelde waar die direkte betekenis in opgesluit lê, is die saak ietwat anders :

- (13) umalume uvakashela 'Oom kuier vir
 abangane bakhe sy vriende'
- (14) imimoya yabaphansi 'die voorvadergeeste
 imfikela umuntu dring hulle aan 'n
 mens op'

In hierdie sinne bestaan daar nie die moontlikheid van 'n derde selfstandige naamwoord nie. Die woorde abangane en umuntu is in hierdie sinne die pasiënte van die aksieprosesse -vakashela en -fikela. Vir die bedeelde saam met -is-werkwoorde sien Van Rooyen (1973).

6.2.12 Die sin waarin die bedeelde voorkom is van nature oorganklik. Wat interessant is, is dat wanneer die passiewe transformasie gemaak word, òf die bedeelde- (indirekte) voorwerp òf die pasiëns- (direkte) voorwerp omgesit kan word as die onderwerp van die passiewe sin. Watter een gebruik word, hang af van watter naamwoord die fokus in die sin moet kry. Die bedeelde kan ook net soos die pasiëns in die predikaat deur sy skakel verteenwoordig word. Daar kan egter nie twee voorwerpskakels in Zoeloe in die gesegde voorkom nie. Nou lyk dit of die bedeelde en die pasiëns 'n vergelyk getref het :

dié een wat nie eksplisiet in die sin voorkom nie se skakel word in die gesegde opgeneem (kyk Hoofstuk twee 2.8.2 SS T_1 en T_2), en indien hulle albei eksplisiet in die sin voorkom, word geen skakel in die predikaat opgeneem nie. Dit is egter moontlik dat die bedeelde se skakel wel saam met albei eksplisiete voorwerpe in die predikaat aangedui kan word. Dus :

- (15) umalume ufundisa indodana isizulu
- (16) umalume uyayifundisa indodana isizulu
- (17) umalume uyayifundisa isizulu
- (18) umalume uyasifundisa indodana

Daar is ook die sin :

- (19) umalume uyayifundisa indodana

wat egter nie die basiese betekenis van 'onderrig' het nie, maar wat idiomaties gebruik word met die betekenis : 'Oom straf sy seun deeglik'.

6.3 DIE ONSSELFSTANDIGE NAAMWOORD.

6.3.1 Tot dusver het ons dit gehad oor naamwoordelike verhoudings waarin die naamwoord telkens selfstandig was en in sy gewone onverboë vorm voorgekom het. In hierdie en die volgende paragrawe gaan dit om die verboë naamwoorde wat in hoofstuk twee almal saamgegooi is onder die term deskriptief. In hoofstuk vyf het ons dit nodig geag om die deskriptief te onderverdeel in die lokatief en die deskriptief van hoedanigheid. Tot sover het ons in hierdie en die vorige hoofstuk ongesteurd gepraat van die instrumentalis, agens en ervaardernaamwoord sonder om daarop te wys dat hulle ook deskriptiewe kan wees. Hoewel hulle nog steeds hulle semantiese kenmerke van agens, instrumentalis ens. behou, kan hulle byvoorbeeld in die passiewe transformasie as kopulatief verboë naamwoorde met 'n deskriptiewe funksie optree :

- | | | |
|------|--|--|
| (20) | abantu bagedwa
<u>yizinyanga</u> | 'die mense word deur
die waarsêers uitgeroei' |
| (5d) | inhliziyo
ithintwa <u>yisenzo</u>
leso | 'my gemoed word deur
daardie daad geroer' |
| (21) | ukudla kuntulwa
<u>yizinyoni</u> lezi | 'kos word deur hierdie
voëls benodig' |

In (20) is yizinyanga 'n deskriptiewe agens, in (5d) is yisenzo 'n deskriptiewe instrumentalis en in (21) is yizinyoni 'n deskriptiewe ervaarder. Ons maak dus hier 'n ander en nader gespesifiseerde onderskeiding as Doke se "agentive adverb" (1963 p. 135). Uit hierdie drie soorte kopulatiewe deskriptiewe kan net die instrumentalis ook met die sogenaamde instrumentale nga- in 'n oorganklike sin gebruik word. Ons het in 6.2.6 die voorbeeld aangehaal :

- (5b) ungithinta inhliziyo 'jy roer my in my
 ngesenzo leso gemoed met daardie
 daad'

Die verskil tussen die instrumentalis in hierdie sin en dié in (5d) is as volg : yisenzo is die transformasie van 'n instrumentalis wat as subjek opgetree het, terwyl ngesenzo bloot 'n instrumentalis is sonder meer, en wat nooit as subjek kan fungeer nie. Dit kom eintlik daarop neer dat 'n

agens en ervaaider slegs in die kopulatiewe vorm as deskriptief kan optree, terwyl 'n instrumentális beide as kopulatief én as nie-kopulatief so optree. Ons gee nou voorbeelde waar die instrumentalis as nie-kopulatief voorkom; voorbeelde as kopulatief sal later aan die beurt kom :

- | | | |
|------|---|---|
| (22) | impi isalwiwa
ngokucitshwana
ngemikhonto | 'die oorlog is
gevoer deur asgaaie
na mekaar te gooi' |
| (23) | ngimema umhlahlo,
sizwe <u>ngawo</u>
okuyikhona | 'ek sal 'n "uitruik"
byeenroep dat ons
daardeur kan uitvind
wat aan die gang is' |
| (24) | besegcotshwa
<u>ngayo</u> wonke
umzimba | 'en dan word sy hele
lyf daarmee gesmeer' |
| (25) | izwi lembongi
limusho <u>ngezibongo</u> | 'die stem van die prys-
sanger vereer hom met
lofuitinge' |

Wat in hierdie laaste sin opval, is dat naas die nga-instrumentalis daar ook 'n instrumentalis as subjek optree, naamlik izwi.

6.3.2 As gevolg van hierdie dubbele rol wat die instrumentális in Zoeloe speel, is ons ten gunste daarvan dat hy in twee kategorieë geplaas word :

- (a) dié waarin hy in verhouding tot die proposisie is en as kopulatief gemarkeer word, en
- (b) dié waar hy in 'n modaliteitsverhouding tot die hele sin staan en deur nga- gemarkeer word.

In laasgenoemde geval staan hy in 'n meer verwyderde verhouding as in die eersgenoemde geval waar hy tot die binnekring van verhoudings behoort. Vergelyk byvoorbeeld :

- (26) ngishaya inja 'ek slaan die hond
 ngenduku met 'n stok'

waar die nga-instrumentális vir die hele sinstuk ngishaya inja van betekenis is en nie slegs vir die predikaat alleen nie. Met hierdie verdeling van die instrumentalis in twee kategorieë kan ons

nou oorgaan tot 'n bespreking van die verhoudings van onselfstandige naamwoorde.

Die lokatiewe deskriptief.

6.3.3 Dit skyn een van die belangrikste indirekte verhoudings te wees. Dit wil voorkom of daar geen beperkings op die aanwesigheid van 'n lokatief in die sin is nie. Dit kan met gemak ingevoeg word sonder om enige van die propositionele verhoudings te versteur. Daar kan selfs meer as een lokatief in 'n sin gebruik word :

(27) impi ifike 'die oorlog het tot
lapha emizini hier by hul huise
yabo gekom'

'n Lokatief kan gebruik word saam met 'n agens :

(28) ahlale phansi 'Shaka het gaan sit'
uShaka

of 'n pasiëns :

- (29) isizwana esabe ''n stammetjie woon-
sakhe ngaseHlimbithwa agtig in die omgewing
van Hlimbithwa'

of 'n agens en 'n pasiëns :

- (30) inyoka yamluma ''n slang het hom aan
onyaweni sy voet gepik'

of 'n instrumentalis en pasiëns :

- (5a) isenzo leso
singithinta
enhliziyweni

of met enige ander kombinasie van proposisionele
verhoudings wat moontlik is in 'n sin.

6.3.4 Uit die studie tot dusver het dit ge-
blyk dat 'n lokatief nie een van die
proposisionele verhoudings kan wees nie. Om soiets
te moet wees, moet 'n lokatief in 'n onverboë
vorm in die sin verskyn. Ons het een so 'n
(tydsbepalende) lokatief gevind: izolo.

Daar kan moontlik meer wees, soos byvoorbeeld ubala in 2.8.2 SS C. Maar 'n sin soos :

(31) ⁺Izolo lifike
abantu abaningi

is nie moontlik nie. Wat wel moontlik is, is :

(32) Izolo kufike abantu
abaningi

of :

(33) Kufike abantu
abaningi izolo

In hierdie sinne is abantu die onderwerp en izolo bly maar steeds net 'n tydbepaler. Soos uit die voorbeelde hierbo gesien kan word, kom die lokatief byna geheel en al in verboë vorm voor met die kenmerkende e~o~e ini~o ini~ku~ kwa - markeerders. Daarby kom die enkele lokatiewe wat aan die pha- voorvoegsel uitgeken word.

Die deskriptief van hoedanigheid.

6.3.5 Alle ander verboë naamwoorde behalwe kopulatiewe deskriptiewe staan soos die lokatief in 'n verhouding van modaliteit tot die hele sin. Dit sluit die nga- instrumentalis in. Sulke naamwoorde word gekenmerk deur hul markeerders soos ka-, nga-, njenga-, kuna-, nganga- ens. Op die skematiese voorstelling sal sulke naamwoorde val onder knope soos wyse, graad, doel, rede ens. Hulle is m.a.w. wat in die tradisionele grammatika bekend staan as "bywoorde" van wyse, graad, ens.

Die kopulatiewe deskriptief.

6.3.6 Ons het reeds geraak aan hierdie tipe deskriptief, cf. 6.3.1.

Ons is van mening dat hy nie oor een kam geskeer moet word as die ander verboë naamwoorde nie. In hoofstuk een het ons 'n aanduiding gegee oor wat ons verstaan met die indeling van sekere

woorde as deskriptiewe. Daar het ons toe gesê :
"Die naamwoorde wat tot kopulatiewe verbuig word,
wil egter nie mooi in hierdie skema pas nie.
Daar is gevolglik besluit om hulle van deskriptiewe
uit te sonder en van hulle 'n aparte kategorie te
maak onder die naam kopulatief of kopulatiewe
nomen." Aan die einde van hoofstuk twee het ons
weer gevoel dat hulle tog as deskriptiewe geklassi-
fiseer kan word. Die rede vir die stelling hierbo
het eers volkome duidelik geword by die skryf van
hierdie en die vorige hoofstuk. Dit is naamlik
dat kopulatiewe wat as deskriptiewe in 'n sin
voorkom in 'n proposisionele verhouding tot die
predikaat staan en nie soos ander deskriptiewe in
'n modaliteitsverhouding nie. Hulle is deel van
die proposisie. Wanneer hulle in passiewe sinne
voorkom wat aktiewe teenvoeters het, sal hulle in
'n òf agentiewe òf instrumentale òf ervaarderver-
houding tot die gesegde wees :

- (20) abantu bagedwa
yizinyanga (agens)
- (5a) inhliziyo ithintwa
yisenzo leso (instr.)
- (21) ukudla kuntulwa
yizinyoni lezi (ervaarder)

Wanneer so 'n kopulatiewe deskriptief egter in die bedrywende vorm van 'n sin voorkom, is dit gewoonlik 'n kopulatiewe deskriptief wat in 'n instrumentale verhouding tot die gesegde staan :

- | | | |
|------|---|--|
| (34) | abantu base
beyathelana
<u>ubuningi</u> | 'die mense vertrap
mekaar so baie is
daar' |
| (35) | abantu base
begubazela <u>uvalo</u> | 'van vrees is die
mense in 'n harwar' |
| (36) | esahluleka
nokukhuluma
<u>ukuthukuthela</u> | 'terwyl hy van boos-
aardigheid nie kan
praat nie' |
| (37) | usemanzi
<u>izithukuthuku</u> | 'hy's nou nat van
die sweet' |
| (38) | amehlo akhe
asebomvu <u>igazi</u> | 'sy oë is nou rooi
van die bloed' |

6.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING.

6.4.1 Na alles wat ons in hierdie hoofstuk gesê het, is dit duidelik dat daar weinig sintaktiese middele is om aan te toon watter naamwoorde die onderwerp of die voorwerp van 'n sin

uitmaak. In Zoeloe is daar slegs in die skakel wat die predikaat inlei 'n aanduiding dat die ooreenstemmende naamwoord altyd die onderwerp van die sin is. Tog kom daar selfs hier problematiese gevalle voor waar die skakel van weinig of geen nut is nie :

kuzochitheka igazi
kuhlatshwe imbuzi

en waar die naamwoorde in byvoorbeeld albei gevalle hierbo as grammatiese onderwerpe beskryf word. Van enige vormlike aanduidings in die Zoeloese om die voorwerp vas te stel is daar geen sprake nie. 'n Semantiese ontleding sal natuurlik elke sin opmeriete moet beoordeel om te sien in watter verhouding die onderwerp (of die voorwerp) tot die predikaat staan.

6.4.2 Ons voel dat iemand wat 'n semantiese ontleding van die Zoeloese wil maak, kennis moet neem van die verhoudings waarin naamwoorde tot die predikaat staan. Om hierdie relasies suiwer te bepaal, moet die sin verdeel word in die

proposisie en modaliteit. Sommige naamwoorde wat vormlik altyd as selfstandige naamwoorde verskyn, spreek die predikaat verhoudingsmatig direk aan omdat hulle deel uitmaak van die proposisie. Wanneer sulke selfstandige naamwoorde in 'n oorganklike sin die onderwerpsposisie beklee, kan hulle egter verbuig word tot kopulatiewe deskriptiewe wanneer die sin in die lydende vorm geplaas word. Hulle val uit in drie groepe: agense, instrumentali, ervarers. Die naamwoorde wat nie deel van die proposisie is nie, verkeer in 'n modaliteitsrelasie tot die hele sin en die verhouding tot die predikaat as sodanig is indirek, maar nogtans wesenlik. Sulke naamwoorde word verbuig en gewoonlik deur spesiale vormelemente gemarkeer. Daar kom egter gevalle voor waar die naamwoord onverbuig kan bly, cf. sinne (6) en (32). Ons het hierdie modaliteitsnaamwoorde in twee kategorieë verdeel, naamlik die lokatiewe deskriptiewe en die deskriptiewe van hoedanigheid. Laasgenoemde kan allerlei skakerings soos wyse, graad, doel, oorsaak ens. aan die dag lê. Die instrumentalis is uitsonderlik deurdat hy 'n dubbele

rol vertolk: hy kan lid van die proposisie wees, maar kan ook onder die modaliteitsverhoudinge ressorteer.

H O O F S T U K S E W E

7.1 ALGEMENE SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

7.1.1 Uit die hele betoog oor die Zoeloepredikaat het een waarheid baie duidelik na vore getree. Dit is dat die naamwoord in die meeste gevalle ook betrokke raak. Dit was stellig een van die redes waarom ons die taal in slegs twee hoofgroepe van woorde ingedeel het : werkwoorde en naamwoorde. Ons studie het egter meer betrekking op die sins- en betekenisleer gehad. Daarom is min aandag aan die woordleer bestee, of altans net genoeg om 'n stelling of argument te verduidelik. Die benaming 'predikaat' of 'gesegde' is feitlik deurgaans in die betoog gebruik omdat ons uitgangspunt hoofsaak sintakties en semanties onderlê was. Tog is die term 'werkwoord' dikwels gebruik veral waar dit betrekking op die woord as sodanig gehad het. Dit kan desnieteenstaande nie weggeredeneer

word dat 'werkwoord' en 'predikaat' (of 'gesegde') in baie gevalle sinoniem gebruik is. Dit is gedoen om die eentonige herhaling van dieselfde woord te vermy. O.i. doen dit nie afbreuk aan die verskillende redenasies en argumente wat voorgelê is nie.

7.1.2 By die naamwoord was dit nie so eenvoudig nie. Waar ons kon, het ons, soos in die beginhoofstuk verduidelik is, die term 'naamwoordelik' as 'n oorkoepelende term gebruik om alle naamwoordagtige woorde in te sluit. Die verskillende verhoudings wat sulke naamwoordelikes tot die predikaat het, het ons genoop om 'n fyner onderskeiding te maak. Ons het egter daarteen gewaak om nie die onderverdelings in allerlei taksonomiese nuanses te laat vervloei nie. So is daar 'n hoofverdeling gemaak in selfstandige en onselfstandige naamwoorde. Selfstandige naamwoorde staan ook as substantiewe bekend en sluit alle naamwoorde in wat onderwerpsvalensie het, en by implikasie ook as voorwerpe in die sin kan optree. Die onselfstandige naamwoorde

bestaan meestal uit verboë byvoeglike naamwoord, relatief, possessief, lokatief en alle vorme met nga-, njenga-, ens. Sommige van hierdie woordsoorte hou eerder verband met ander naamwoorde as met die gesegde en is derhalwe as irrelevant vir hierdie studie beskou. Daar moet op gewys word dat sulke verboë naamwoorde deur die relatief- of kwalifikatief -a "verhef" kan word tot die status van 'n selfstandige naamwoord. Dit kan as gevolg daarvan nou as onderwerp van die sin optree en ressorteer dan in dieselfde kader as selfstandige naamwoorde. Wat die verboë naamwoorde betref het dit later geblyk dat 'n onderverdeling hier ook noodsaaklik is, en hulle het gevolglik uiteengeval in verskillende soorte deskriptiewe.

7.1.3 Met die twee hoofindelings in werkwoorde en naamwoorde uitgestippel, en met die tradisionele opvatting by Bantoetaalkundiges in Suid-Afrika dat die werkwoord sentraal is in die sin, is daar oorgegaan om te probeer vasstel hoeveel sintaktiese strukture daar om

die Zoeloepredikaat gebou kan word. Heel gou moes besluit word om 'n mate van patroonmatigheid te vind uit die wisselende woordordes waarop gestuit is. In die soeke is gevind dat 'n tweede skakel in die gesegde geen geringe invloed op die sinstruktuur het nie. Die tweede skakel verteenwoordig net soos die onderwerpskakel altyd 'n selfstandige naamwoord, hetsy eksplisiet hetsy implisiet. Dit is 'n selfstandige naamwoord wat die sg. voorwerpvaakie ("slot") vul. Daar is noukeuriger gekyk na hierdie selfstandige naamwoord/e deur die sin aan sekere toetse te onderwerp. Daar is gevind dat baie van hierdie post-predikatiewe naamwoorde inderdaad voorwerpe is, sommige direk en ander weer indirek. Hul verteenwoordigende skakels in die predikaat kan derhalwe tereg voorwerpskakels genoem word. Aan die ander kant egter is ook naamwoorde in hierdie plek gevind wat nie voorwerpe van die gesegde is nie, maar tog deur 'n skakel verteenwoordig word. Al uitsluitel wat op daardie stadium verkry kon word, was dat die skakels na regte nie voorwerpskakels is nie, maar dat hulle vir een of

ander verhouding staan behalwe dié wat gewoonlik deur die voorwerpskakel uitgedruk word. Daar is selfs naamwoorde in voorwerpsposisie gevind wat deur geen skakel verteenwoordig kan word nie, en wat natuurlik ook nie voorwerpe is nie (cf. 2.8.2 SS C en E). Om dié rede is besluit dat selfstandige naamwoorde in die objeksposisie wat nie voldoen aan die toetse vir voorwerpe nie as deskriptiewe gereken moet word. Sommige sulke naamwoorde het wel met die onderwerpskakel 'n verband gehad (cf. 2.8.2 SS G). Hulle word sintakties as selfstandige naamwoorde in apposisie tot die onderwerp beskou ten spyte daarvan dat hulle so ver - in voorwerpsposisie - van die onderwerp af staan. Wanneer 'n parafrase van hierdie sinstipe gemaak word, duik daar telkens 'n possessiewe verhouding op tussen die onderwerp en hierdie selfstandige naamwoord in objeksposisie. 'n Studie van die sinstrukture het een feit bo alle twyfel vasgestel wanneer dit kom by die sg. voorwerpvakkie: vir Zoeloe bied die voorwerpsposisie 'n veilige hawe vir allerlei selfstandige naamwoorde en nie uitsluitlik vir voorwerpe nie.

7.1.4 Daar is gevind dat baie van die nie-voorwerpe nie onderhewig was aan wisseling van die woordorde nie, terwyl ander selfstandige naamwoorde weer feitlik enige plek in die sin kan voorkom. Twee verskynsels wat in hierdie verband bestendigheid by die ondersoek in die hand gewerk het, is uitgeken. Wat ons betref, is dit twee faktore wat van groot waarde is by die bestudering van die Zoeloe-sintaksis. Hulle is albei nie-segmentele elemente. Die een is klisis en die ander die lengte op die voorlaaste sillabe van 'n woord. Dit is hierdie twee kriteria wat uiteindelik die deurslag gegee het dat die 25 sintaktiese strukture wat gevind is, gereduseer kon word tot slegs ses.

7.1.5 Hierdie ses sintaktiese strukture wat elk een of meer sinspatrone verteenwoordig, het as 't ware vanself 'n behoefte tot die ondersoek van die woordorde laat ontstaan. Daar is toe gevind dat 'n duidelike onderskeid tussen beklemtoning en aandagvestiging gemaak moet word. Eersgenoemde word emfase genoem,

terwyl aan laasgenoemde die benaming fokus gegee is. Emfase word deur allerlei owerle middele soos spesifieke woorde, spesiale vormelemente, sekere grammatiese konstruksies en selfs besondere woordstamme gemarkeer. Sommige van hierdie emfatiese vorme word selfs sintakties gekondisioneer hoewel die owerle aanduidings nogtans nie uitbly nie (cf. akahambi nakuhamba; ingane isatshiswa luhlanya). Emfase word gemanifesteer deur 'n paradigmatische kontraswerking wat enige implisiete moontlikhede die nek inslaan en slegs dit wat owerle genoem word plousibel maak. Hierteenoor staan fokus wat daarop gemik is om die aandag van die hoorder op 'n sekere deel van die spraakuiting te vestig. Dit kan geskied t.o.v. die gesegde of enige selfstandigenaamwoord of deskriptief in die sin. Sommige deskriptiewe skyn egter aan sekere beperkings onderhewig te wees. Die saak is nie verder ondersoek nie. Vir aandagvestiging word veral van sintaktiese middele gebruik gemaak. Die vernaamste hiervan is voorplasing. As gevolg van klisis egter kan 'n selfstandige naamwoord of deskriptief nie van die kort vorm van die werkwoord geskei word nie.

Nou gebeur dit dat die kort vorm die fokus juis op die naamwoord of deskriptief ná hom laat val, ongeag die posisie in die sin. Vir groter fokus kan die hele klitiese woordgroep (kortvorm + snw./deskr.) aan die begin van die sin geplaas word.

7.1.6 Daar is ook gevind dat fokus en emfase op een en dieselfde sinsdeel kan saamval. Dit verleen vanselfsprekend groter intensiteit aan daardie sinsdeel. Daar is twee instansies gevind waar dit altyd plaasvind. Dit is eerstens wanneer die kort vorm van die werkwoord deur 'n kopulatiewe deskriptief gevolg word (cf. sinne (5d), (20) en (21) in hoofstuk ses). Dit gebeur tweedens wanneer die kort vorm die onbepaalde ku- as skakel het. Die ku- is trouens die overte middel vir emfase op die fokuswoord wat ná die kort vorm gebesig word.

7.1.7 Dit is 'n feit van die Zoeloetaal dat 'n tweede skakel nie in die predikaat gebruik kan word nie wanneer die onbepaalde ku-

die plek van die onderwerpskakel inneem. Dit is ietwat van 'n anomalie in 'n taal waar die predikaat juis so saamgestel is om allerlei vormelemente te kan huisves. Veral die prefigale verbale vormelemente het ons nuuskierigheid gaande gemaak en daar is besluit om hulle noukeuriger te ondersoek. Daar is altesaam dertien gevind indien die verskillende negatiewe vormelemente, asook die tydsaanduidende vormelemente, as een gestel word. Twee van die dertien tree meestal as anafore op, naamlik die skakels. Daar was 'n groot versoeking om drie van hulle" -ya-, -nga- (potensialis) en -bo- saam met die negatiewe vormelemente as modale morfeme te beskou. Deur gebrek aan miskien genoegsame oortuiging is hulle nie so aangebied nie. Ons laat die moontlikheid vir so 'n siening nogtans oop. Die ander vormelemente saam is aangebied as aspektuele elemente. Daar is egter lank gehuiwer om so 'n stap te doen. Met die verskyning van Comrie (1976) se boek het die twyfel plek gemaak vir oortuiging en die vermoede wat al sterker gegroei het, is bevestig. Ons het twee van hierdie aspekmerkers spesiaal uitgesonder en onder die soeklig geplaas, omdat hulle nog

nie vantevore beskryf is nie. Hulle is 'n -sa- wat 'n beperkende aspek aan die duur van 'n handeling gee, en 'n -nga- wat 'n perfektopunktatiewe aspek aan die handeling besorg. Ons het ook heelwat uitgewei oor die eksklusiewe se-. Ons het hier gepoog om 'n nuwe siening tot die reeds bestaandes by te voeg. Dit was vir ons van belang dat se- deur die spreker gebruik word om 'n vir die diskoers relevante handeling, toestand ens., aan die hoorder as nuut voor te stel. By hierdie prefigale aspektuele vormelemente het ons die behoefte gevoel om ook iets oor die suffigale vormelement -il- te sê.

7.1.8 By naamwoordelike predikate het dit geblyk dat die beperkende -sa- en die perfekto-punktatiewe -nga- nie kan voorkom nie. Die rede daarvoor is voor die hand liggend. 'n Kopulatief is altyd 'n toestand en hierdie vormelemente hef juis die moontlikheid van 'n toestand op. Daarom sal hul teenwoordigheid nie net by kopulatiewe

nie, maar ook by toestandswerkwoorde 'n ongerymdheid wees.

7.1.9 Die vormelement wat aanvanklik as die tweede skakel aangestip is, het later in heelwat gevalle 'n voorwerpskakel geblyk te wees. Dit het die gedagte aan oorganklikheid laat ontstaan. Selfs dié gevalle waar daar nie 'n tweede skakel in die gesegde was nie, maar wel 'n selfstandige naamwoord in voorwerpsposisie, het ons as 't ware uitgenooi om die kwessie van transitiwiteit te ondersoek. Ons uitgangspunt is dat oorganklikheid en on-oorganklikheid reeds in die semantiese terrein of onderbou van die taal gesetel is. Die rede vir hierdie gesigspunt was die verbasend eenvoudige reaksie wat Zoeloesprekers aan die dag gelê het toe hulle met hierdie kwessie gekonfronteer is. Elke spreker het intuïtief geweet wanneer 'n predikaat oorganklik is en wanneer nie. Die saak moes derhalwe getoets word volgens semantiese kriteria. Ses-en-veertig sinne

wat al die moontlike sintaktiese strukture en sinpatrone geopenbaar het, is getoets deur vas te stel wat die verhouding is waarin die naamwoorde tot die gesegde staan. Dit het toe geblyk dat selfstandige naamwoorde wat as agense, instrumentali en ervarers in subjeksposisie verskyn tesame met pasiëse of komplemente (wat dikwels implisiet is) in objeksposisie die sin transitief maak. Enige ander kombinasie van selfstandige naamwoorde maak die sin intransitief. Uit die aard van die saak kan 'n sin met slegs een selfstandige naamwoord daarin nie oorganklik wees nie. So 'n enkele selfstandige naamwoord sal altyd die onderwerp wees en in 'n òf agentiewe of pasiëntiewe verhouding tot die predikaat wees. 'n Geval is egter gevind (met -gcwele as predikaat) waar 'n instrumentális die onderwerp van 'n intransitiewe sin kan wees.

7.1.10 Nadat hierdie studie oor oorganklikheid reeds voltooi was, het dit

onder ons aandag gekom dat 'n kind reeds in sy eerste spraakjaar kan onderskei tussen transitiewe en intransitiewe werkwoorde (1976, Moerk/Wong). Dit verleen meer krag aan ons oortuiging dat oorganklikheid nie 'n verskynsel van die oppervlakstruktuur is nie. Dit neem egter nie weg dat oppervlakverskynsels soos die gelyktydige aanwesigheid van onderwerp en voorwerp in 'n sin 'n aanduiding van transitiwiteit is nie. Ons vermoede is egter dat die kind eerder 'n indeling maak wat sy gevoeligheid toon vir semantiese kenmerke wat met agens en pasiëns geassosieer word.

7.1.11 Hierdie naamwoordverhoudings tesame met dié van onselfstandige of verboë naamwoorde is verder van naderby beskou. Dit het geskied met die oog daarop om 'n meer samevattende beeld van die verskillende verhoudings van die naamwoorde in 'n sin tot die predikaat te probeer verkry. Benewens die semantiese verhoudings wat by die selfstandige naamwoorde vasgestel is, is gevind dat die verboë naamwoorde

in 'n meer indirekte verhouding tot die predikaat staan. Hulle maak eintlik die modaliteit van 'n sin uit terwyl die selfstandige naamwoorde deel van die proposisie is. Daar is gevind dat die verboë naamwoorde (of dan deskriptiewe) hoofsaaklik in drie hoofkategorieë uiteen val: die lokatief, die deskriptief van hoedanigheid, en die kopulatiewe deskriptief. Laasgenoemde is 'n spesiale soort deskriptief wat gevind word in passiewe sinne wat aktiewe parallele het. Die kopulatiewe deskriptief behou in die passief sy semantiese verhouding wat hy as volwaardige selfstandige naamwoord in die aktiewe sin in onderwerpsrol gehad het.

7.1.12 Die semantiese ontleding het ook die tweeslagtige karakter van die instrumentalis aan die lig gebring. Dit kan as selfstandige naamwoord in subjeksposisie optree met dienooreenkomstige kopulatief-instrumentale rol in die passiewe eweknie. Maar dit kan ook,

meestal in verboë vorm, as 'n gewone deskriptief van hoedanigheid optree wanneer 'n agens natuurlikerwys die onderwerpsrol vul.

7.1.13 Daar is uiteindelik tot die slotsom gekom dat ons graag sou wou sien, dat meer aandag aan naamwoordverhoudings in die sin gegee moet word. Ons is van opinie dat 'n deeglike kennis hiervan 'n groot bydrae sal kan lewer tot 'n beter begrip van die semantiek van Zoeloe. Alle fasette rakende die Zoeloepredikaat kon nie in hierdie werkstuk ondersoek word nie. Ons wil vertrou dat die bietjie wat wel onder die oog gekom het, slegs tot aansporing sal dien om meer oor hierdie 'hartslag van die sin' te wete te kom.

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE
WERKE.

- BLOOMFIELD, L : Language (Nieu-York)
1933
- CHAFE, W.L. : Meaning and the structure of
1971 language. (Chicago)
- COMRIE, B. : Aspect (Cambridge)
1976
- COOK, W.A. : A set of postulates for case
1972 grammar analysis. In "Language
and linguistics working papers."
Nr. 4 (Washington D.C.)
- _____ : A case grammar matrix. In
1972 "Language and linguistics working
papers." Nr. 6 (Washington D.C.)
- DE VILLIERS, M : Die grammatika van tyd en modaliteit
1968 (Kaapstad).
- DHLOMO, R.R.R. : UNomalanga kaNdengezi (Pietermaritz-
1947 burg).
- DOKE, C.M. : Textbook of Zulu Grammar (Longmans,
1963 S.A).
- ENTWISTLE, W.J.: Aspects of language (Londen).
1953

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE

WERKE

- FILLMORE, C.J. : The case for case. In
1968 "Universals in linguistic
theory" (Nieu-York).
- FLETCHER, P. : Case grammar: its viability
1971 as an alternative grammatical
model. In "Lingua" nr. 28
(Amsterdam).
- FORTUNE, G. : Transitivity in Shona. In
1973 "Referate van Afrikatale Kongres
1973." (Unisa).
- HAIMAN, J. : Agentless sentences. In
1976 "Foundations of language"
nr. 14 (Dordrecht).
- HALLIDAY, M.A.K. : Notes on transitivity and theme
1966-8 in English. In "Journal of
linguistics" nr. 2, 3 en 4.
(Londen).
- HLONGWANE, J.B. : A study of the predicate in its
1976 relationship to the subject, object
and adjunct in Zulu (M.A.-thesis,
Unisa).
- JOOS, M. : The English Verb (Wisconsin).
1964

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE

WERKE

- KARTTUNEN, L. : Implicative verbs. In "Language",
1971 vol. 47, nr. 2 (Linguistic
society of America).
- LANGACKER, R.W. : Passives and their meaning. In
& MUNRO, P. "Language" vol. 51, nr. 4
1975 (Linguistic society of America).
- LOUW, J.A. : Handboek van Xhosa (Bonapers,
1963 Jhb.).
- _____ : The tone sequences of the potential
1969 form in Zulu and Xhosa. In
"Ethnological and linguistic
studies in honour of N.J. van
Warmelo", (Ethnological publica-
tions, No. 52, Pretoria).
- _____ : The validity of case as a semantic
1971 feature in the Bantu languages.
In "Limi" nr. 11 (Unisa).
- LYONS, J. : Introduction to theoretical lin-
1969 guistics. (Cambridge).
- MEINHOF, C. : Grundzüge einer vergleichende
1961 Grammatik der Bantusprachen, dritte
auflage. (Berlin).

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE

WERKE

- MOERK, E.L. : Meaningful and structured behavio-
& WONG, N. ral antecedents of semantics and
1976 syntax in language. In "Linguis-
tics", 172 (Den Haag).
- NEWMAN, B. : Deep and surface structure of
1975 the Longuda clause. In "Linguistics"
171 (Den Haag).
- NILSEN, D.L.F. : Toward a semantic specification of
1972 deep case. (Den Haag).
- NKABINDE, A.C. : A revision of the word categories
1975 in Zulu. (D. Litt. et Phil.-tesis,
Unisa).
- NYEMBEZI, S. : Learn more Zulu. (Pietermaritzburg).
1970
- _____ : Uhlelo lwesiZulu. (Pietermaritzburg).
1971
- _____ : Igoda, ibanga 2. (Pietermaritzburg).
1974
- PONELIS, F.A. : Die ontwikkeling van hulpwerkwoord-
1975 groepe : hulpwerkwoord en infinitief-
sin. In "Studies in Bantoetale".
(Univ. van Pret.).

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE

WERKE

- _____ : Groepering. In "Taalfasette"
1976 20, deel 1, (Unisa).
- STOCKWELL, R.P. e.a. : The major syntactic structures
1973 of English. Holt, Rinehart
and Winston. Inc. (Nieu York
e.a.).
- TAYLOR, A. : 'Ergative-based' or 'Transitive-
1976 based'? In "Foundations of
language" nr. 14 (Dordrecht).
- VAN DER WESTHUIZEN,
S.B. : Die kort en die lang teenwoordige
1949 tydvorms in Zoeloe. (M.A.-tesis,
Stellenbosch).
- VAN EEDEN, B.I.C. : Zoeloe-Grammatika. (Stellenbosch).
1956
- VAN ROOYEN, C.S. : Die kousatief in Zoeloe. (M.A.-
1973 tesis, Unisa).
- WANGER, P.W. : Konversations-Grammatik der
1917 Zulu-Sprache. (Mariannhill).
- WHITELEY, W.H. : Some problems of transitivity in
1968 Swahili (S.O.A.S.).

LYS VAN AANGEHAALDE EN BELANGRIKSTE GERAADPLEEGDE

WERKE

- _____ : Focus and entailment : further
& MGANGA, J.D. problems of transitivity in
1969 Swahili. In "African language
review", vol. 8.
- ZIERVOGEL, D. : A grammar of Northern Transvaal
1959 Ndebele. (Pretoria).
- _____ : A grammar of Swazi (Johannesburg).
1952
- _____ : Handbook of the Zulu language.
1967 (Pretoria).

- | | | |
|-------|--|--|
| (38a) | ubukhosi lobu
wathathwa nguye | 'hierdie bewind is
deur hom oorgeneem' |
| (39a) | lelisu alaze
lananjithwa kahle
wuShaka | ' <u>Letterlik</u> : hierdie
plan is nie baie
deur Shaka van gehou
nie' |
| (40a) | noShaka imbala
ukhohlwe yibo | 'sowaar selfs Sh. is
deur hulle vergeet' |
| (41a) | abantu bagedwa
yizo izinyanga | 'die mense is deur
hierdie einste waar-
sêers uitgeroei' |

5.3.6 In 5.2.10 het ons op terloopse wyse
melding gemaak van 'n komplement.

Ook sin (31a) is geïnterpreteer dat hy 'n kom-
plement bevat. Ons kan hier dié verhouding van
naderby beskou :

- | | | |
|------|-------------------------------|-------------------------------|
| (42) | bahlala inhlalo
ethokoziyo | 'hulle het lekker
gebly' |
| (43) | abantu bakhihle
isililo | 'die mense het
geweeklaag' |